# GEDEKODEER

DIE KODE

sin vir sin

## Die Perskode vir Etiek en Gedrag

Vir die Suid-Afrikaanse druk- en aanlyn-media



Johan Retief




# Vir nuus wat jy **kan vertrou...**

… wees op die uitkyk vir publikasies wat die FAIR-logo van die Persraad vertoon, ’n aanduiding dat hulle daarna streef om die Perskode te eerbiedig

Press Council FAIR

**F**actual - **A**ccountable - **I**ndependent – **R**esponsible

Gebou 12, Afdeling B • Burnside-eiland Kantoorpark • Jan Smutslaan 410, Craighall Park, 2196

**011 484 3612** **https://www.presscouncil.org.za/** **enquiries@ombudsman.org.za**

# Die Kode gedekodeer

## sin vir sin

Tweede uitgawe

**Johan Retief**

Press Council FAIR

Persraad van Suid-Afrika • Johannesburg • 2023

**Die toekoms van die media is in jou hande**


## GEPUBLISEER DEUR DIE PERSRAAD VAN SUID-AFRIKA

**Adres:** Gebou 12, Afdeling B
Burnside-eiland Kantoorpark
Jan Smutslaan 410
Craighall Park
2196
**Tel:** 011-484-3612
**E-pos:** enquiries@ombudsman.org.za
**Webwerf:** www.presscouncil.co.za

**Eerste uitgawe (Eng):** 2019
**Tweede uitgawe (Eng en Afr):** 2023
Die skrywer het die morele reg om as die skrywer geïdentifiseer te word.



## CREATIVE COMMONS LISENSIE

Attribution - Non-Commercial - No Derivs

Gebruikers mag hierdie werk kopieer of aflaai van www.presscouncil.org.za en dit met ander deel mits hulle aan die Persraad van Suid-Afrika erkenning gee. Die teks mag nie op enige manier verander word nie of kommersieel gebruik word nie.



**Uitleg en ontwerp:** Geraldine Reyneke, Caxton Local Media
Caxton & CTP Printers and publishers

# Inhoud


| Bladsy | Voorwoord |
|---|---|
| | Hoofstuk 1: MEDIA-GEGENEREERDE INHOUD EN AKTIWITEITE |
| 18 | Insameling en rapportering van nuus |
| 29 | Onafhanklikheid en botsende belange |
| 31 | Privaatheid, waardigheid en reputasie |
| 39 | Die beskerming van data |
| 39 | Diskriminasie en haatspraak |
| 41 | Bepleiting |
| 43 | Beskermde inhoud |
| 48 | Kinders |
| 50 | Geweld, grafiese inhoud |
| 51 | Opskrifte, foto-onderskrifte, plakkate, foto's en video – oudio-inhoud |
| 53 | Vertroulike en anonieme bronne |
| 54 | Betaling vir inligting |
| | |
| | Hoofstuk 2: LESER-GEGENEREERDE INHOUD EN AKTIWITEITE |
| 56 | Beginsels |
| 56 | Verbode inhoud |
| 56 | Verweer |


Press Council FAIR

## Voorwoord

Die media speel ’n baie belangrike rol in ’n demokratiese samelewing soos ons s’n waar mededingende regte dikwels versigtig gebalanseer moet word in die proses om die publiek in te lig.

Om die media in staat te stel om hul verantwoordelikheid in hierdie verband na behore en billik uit te voer, moet dit deur die publiek gesien word as onderworpe aan ’n effektiewe kontrolemeganisme waarin gewone mense vertroue het. Maar hulle sal slegs sodanige vertroue hê indien die Perskode – die hoeksteen of bron van mediaregulering – vir hulle toeganklik en verstaanbaar is om hulle sodoende in staat te stel om dit op te roep om die media aanspreeklik te hou.

Die boekie, *Die Kode gedekodeer – sin vir sin*, is derhalwe ’n belangrike publikasie. Dit verduidelik en vereenvoudig die Perskode sodat dit vir ieder en elk toeganklik is; dit is een van die redes waarom die Persraad deur die jare klagtes van selfs gewone mense ontvang het.

Hierdie weergawe is ’n opdatering van die vroeëre een. Soos die vorige weergawe, is dit geskryf in ’n taal wat maklik verstaanbaar is. Dit neem ook sekere nuutste ontwikkelings en tendense in ag, en spreek uitdagings aan wat ná die publikasie van die eerste weergawe opgeduik het.

Hierdie boekie is dus ’n moet-lees vir almal, om nie eens van belanghebbenes in die media te praat nie.



**Regter Bernard M Ngoepe**
**Voorsitter, Appèlpaneel van die Persraad van Suid-Afrika**
**Afgetrede Regter-President: Noord- en Suid-Gautengse Hooggeregshof**

# Woord vooraf

> **’n Kode is ‘n etiese kompas waarsonder die media rigtingloos ronddobber - JR**

Mense se optrede kan maklik ander mense beïnvloed; daar is egter niks wat ’n joernalis in die uitvoering van haar of sy plig kan doen sonder om iemand te affekteer nie.

Joernaliste moet ten volle verstaan en na waarde skat hoeveel mag hulle het – dat alles wat hulle in hul professionele lewens doen, mense beïnvloed; dat hierdie invloed soms iemand kan maak of breek; en dat dit ’n reuse verantwoordelikheid plaas op die skouers van almal wat betrokke is.


Die Kode vir Etiek en Gedrag is ’n belangrike manier om die pers en aanlyn-media (“die media”, hiervandaan) te help om hul pligte verantwoordelik na te kan kom.

Redakteurs en joernaliste vra gereeld my raad vóór publikasie. My eerste vraag is altyd: Wat sê die Kode? In die meeste gevalle los die antwoord op hierdie vraag die probleem op.

’n Kode is ’n etiese kompas waarsonder die media rigtingloos ronddobber.

Wat volg, is ’n bespreking van die jongste Suid-Afrikaanse Kode vir Etiek en Gedrag, afdeling vir afdeling en sin vir sin, waarin verduidelik word waarom die kwessies daarin vervat, belangrik is. Gevalle wat die Persraad ontvang en hanteer het, illustreer die beginsels ter sprake, asook die gevolge van die media se optrede – hopelik sal dit joernaliste help om ten alle tye eties op te tree.

Die teks self word in vet kursief aangebied; die kommentaar is in normale tipe. Voorbeelde van klagtes word in blokkies gebruik.



**Johan Retief het vanaf November 2009 tot Januarie 2013 as adjunk-persombud gedien, waarná hy as persombud aangestel is – ’n posisie wat hy tot Maart 2019 beklee het.**
**Hy het ’n doktorsgraad in teologie aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf.**
**Benewens sy boek, *Media Ethics. An introduction to Responsible Journalism;* Oxford University Press (2002), het hy ook verskeie artikels oor media-etiek gepubliseer. Dit sluit in:**

- ***The Heart of Hearts* (hoofstuk oor media-etiek in #Journalism4.0@ Stellenbosch – Journalism Department’s 40 Years; AfricanSunMedia, 2018);**
- ***Tertius Usus Codice* – artikel oor die Derde Gebruik van die Perskode (verskeie publikasies, 2017); en**
- ***Guidelines for Ethical Journalism – and Beyond; Content of Regulation in South Africa; The Gist of the Code* (hoofstuk in *Ethical Journalism & Gender sensitive Reporting;* UOMPRESS, University of Mauritius, 2013).**

**Johan werk tans as ’n konsultant vir beide die publiek en publikasies rakende klagtes oor onetiese joernalistiek.**

# Die Perskode vir Etiek en Gedrag vir die Suid-Afrikaanse Druk- en Aanlyn-media

**Die Persraad van Suid-Afrika aanvaar die volgende Kode vir druk- en aanlyn-media (saam verwys na as "die media").**

## VOORWOORD

Die media bestaan om die gemeenskap te dien. Hul vryheid sorg vir die onafhanklike en noukeurige ondersoek van die magte wat die gemeenskap vorm en is noodsaaklik om die belofte van demokrasie te verwesenlik. Dit stel burgers in staat om ingeligte oordele oor sake van die dag te vorm, 'n sentrale rol wat in die Suid-Afrikaanse Grondwet erken word.

Artikel 16 van die Handves van Regte bepaal:
1. Elkeen het die reg op vryheid van uitdrukking, waarby inbegrepe is:
    a) die vryheid van die pers en ander media;
    b) die vryheid om inligting of idees te ontvang of oor te dra;
    c) die vryheid van artistieke kreatiwiteit; en
    d) akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing.

2. Die reg in subartikel (1) omvat nie:
    a) propaganda vir oorlog nie;
    b) die aanstigting van dreigende geweld nie; of
    c) die verkondiging van haat wat op ras, etnisiteit, geslagtelikheid of godsdiens gebaseer is en wat aanhitsing om leed te veroorsaak, uitmaak nie.

Die media streef daarna om hierdie regte vir die land se burgers in trust te hou; en hulle is onderworpe aan dieselfde regte en pligte as individue. Dit is elkeen se plig om hierdie regte te verdedig en te bevorder, met erkenning aan die stryd waaruit dit ontstaan het: die media, die publiek en die regering, almal wat gesamentlik die demokratiese staat vorm.

Die media se werk word ten alle tye deur die openbare belang gerig waaronder verstaan word inligting van legitieme belang of waarde vir burgers.

As joernaliste verbind ons onsself aan die hoogste standaarde, om geloofwaardigheid te handhaaf en om die vertroue van die publiek te behou. Dit beteken dat ons altyd na waarheid streef, onnodige skade probeer vermy, 'n verskeidenheid van menings in ons beriggewing reflekteer, spesiale sorg vir kinders en ander kwesbare groepe toon, sensitiwiteit vir die kulturele sedes van lesers en vir persone oor wie berig word, openbaar en om onafhanklik op te tree.

**Die Toepassing van die Perskode**

1. Hierdie Kode is van toepassing op alle inhoud wat deur lede gepubliseer word wat:
    1.1 in 'n gedrukte uitgawe verskyn;
    1.2 verskyn op 'n webwerf wat deur 'n lid bedryf word;
    1.3 verskyn op 'n sosiale media-platform wat deur 'n lid bedryf word; en
    1.4 deur 'n lid geskep is en op enige platform verskyn wat aanlyn of in digitale formaat beskikbaar is.

2. Alle inhoud wat deur een of meer van die platforms deur 'n lid gepubliseer word (genoem in 1 hierbo) moet voldoen aan die Kode, ongeag of die inhoud daarvan in geskrewe, video, klank, prent of in enige ander vorm verskyn.

3. Lede moet verseker dat, wanneer hulle inhoud publiseer van 'n derde party wat in 'n sosiale media-rekening geskep is (byvoorbeeld deur te her-twiet), hulle dit so doen dat dit aan hierdie Kode voldoen.

4. Lede moet hul eie sosiale media-beleid in ooreenstemming met hierdie Kode ontwikkel.

## Hoofstuk 1: MEDIA-GEGENEREERDE INHOUD EN AKTIWITEITE

### 1. Insameling en Rapportering van Nuus

Die media moet:
1.1 sorg dra om waarheidsgetrou, akkuraat en billik oor nuus verslag te doen;

1.2 nuus binne konteks en op ’n gebalanseerde manier aanbied, sonder enige doelbewuste of nalatige afwyking van die feite, hetsy deur verdraaiing, oordrywing, wanvoorstelling, wesenlike weglating of opsomming;
1.3 slegs as feit aanbied dit wat redelikerwys waar kan wees; menings, bewerings, gerugte of vermoedens sal duidelik as sodanig aangebied word;
1.4 nuus wettig, eerlik en billik bekom, tensy openbare belang dit anders vereis;
1.5 persoonlike inligting* slegs vir joernalistieke doeleindes aanwend;
1.6 hulleself as sodanig identifiseer, tensy openbare belang of hul veiligheid dit anders vereis;
1.7 die akkuraatheid van twyfelagtige inligting verifieer, indien moontlik; indien nie, moet dit so gestel word;
1.8 waar moontlik, die mening van die persoon oor wie krities verslag gedoen word vóór publikasie bekom, tensy hulle verhinder kan word om verslag te doen, of getuienis vernietig kan word, of bronne geïntimideer kan word. So ’n persoon moet ’n redelike tyd gegun word om te reageer; indien nie in staat om kommentaar te kry nie, moet dit so gestel word;
1.9 vermeld wanneer ’n artikel op beperkte inligting gebaseer is en dit aanvul wanneer nuwe inligting vorendag kom;
1.10 vergoed vir die plasing van onakkurate inligting of kommentaar deur dadelik en met gepaste prominensie ’n herroeping, regstelling, verduideliking of verskoning te publiseer op elke platform waar die oorspronklike inhoud gepubliseer is, soos op ‘n lid se webtuiste, sosiale media-rekeninge of enige ander aanlyn-platform; en verseker dat elke joernalis of vryskut-verslaggewer in hul diens wat inhoud op hul persoonlike sosiale media-rekeninge deel, ook die herroeping, regstelling, verduideliking of verskoning vir daardie inhoud op hul persoonlike sosiale media-rekeninge aanbring;
1.11 prominent aandui wanneer ’n aanlyn-artikel aangepas, of ’n verskoning of herroeping gepubliseer is. Die oorspronklike inhoud kan aanlyn behou word, maar ‘n skakel na die aanpassing, herroeping of verskoning moet in elke weergawe van die inhoud ingesluit word wat steeds aanlyn behou is;
1.12 nie verplig wees om enige artikel te verwyder wat nie onregmatig lasterlik is nie; en
1.13 nie plagiaat pleeg nie.

* *“Persoonlike inligting” word in Afdeling 1 van Wet 4 op die Beskerming van Persoonlike Inligting van 2013 soos volg omskryf: “Persoonlike inligting” beteken inligting met betrekking tot ‘n identifiseerbare, lewende, natuurlike persoon, en waar dit van toepassing is, ‘n identifiseerbare, bestaande regspersoon, insluitend, maar nie beperk nie tot— (a) inligting rakende die ras, geslag, geslag, swangerskap, huwelikstatus, nasionale, etniese of sosiale oorsprong, kleur, seksuele oriëntasie, ouderdom, fisiese of geestelike gesondheid, welstand, gestremdheid, godsdiens, gewete, geloof, kultuur, taal en geboorte van die persoon; (b) inligting met betrekking tot die opleiding of die mediese, finansiële, kriminele of indiensnemingsgeskiedenis van die persoon; (c) enige identifiseerbare nommer, simbool, e-posadres, fisiese adres, telefoonnommer, liggingsinligting, aanlyn-identifiseerder of ander spesifieke opdrag aan die persoon; (d) die biometriese inligting van die persoon; (e) die persoonlike opinies, sienings of voorkeure van die persoon; (f) korrespondensie gestuur deur die persoon wat implisiet of eksplisiet van ‘n private of vertroulike aard is of verdere korrespondensie wat die inhoud van die oorspronklike korrespondensie sou openbaar; (g) die sienings of menings van ‘n ander individu oor die persoon; en (h) die naam van die persoon indien dit verskyn met ander persoonlike inligting met betrekking tot die persoon of as die bekendmaking van die naam self inligting oor die persoon openbaar.*

## 2. Onafhanklikheid en Botsende Belange

Die media moet:
2.1 nie toelaat dat kommersiële, politieke, persoonlike of ander nie-professionele oorwegings verslaggewing beïnvloed nie en sal belange-botsings sowel as praktyke vermy wat lesers aan die media se onafhanklikheid en professionaliteit kan laat twyfel;
2.2 nie enige voordeel ontvang wat verslaggewing kan beïnvloed nie;
2.3 duidelik aandui wanneer ’n buite-organisasie tot die koste van nuus-insameling bygedra het; en
2.4 redaksionele inhoud duidelik van advertensies en geborgde geleenthede onderskei

## 3. Privaatheid, Waardigheid en Reputasie

Die media moet:
3.1 sorg en omsigtigheid aan die dag lê in sake rakende die private lewe van individue. Die reg tot privaatheid kan ondergeskik aan legitieme openbare belang gestel word;
3.2 spesiale waarde heg aan Suid-Afrikaanse kulturele sedes rakende die beskerming van privaatheid en waardigheid van diegene wat in rou is en hul respek vir oorledenes, asook rakende kinders, bejaardes en fisiese en geestelike gestremdes;
3.3 sorg en omsigtigheid aan die dag lê in sake rakende waardigheid en reputasie, wat slegs ondergeskik gestel kan word indien dit in die openbare belang is en:

3.3.1. die feite wat gerapporteer is waar, of redelikerwys waar is; of
3.3.2. die verslaggewing neerkom op beskermde kommentaar, gebaseer op feite waarna behoorlik verwys is en wat waar of redelikerwys waar is; of
3.3.3. die verslaggewing neerkom op ’n billike en akkurate verslag oor verrigtinge in ’n hof, die Parlement of enige kwasi-geregtelike tribunaal of forum; of
3.3.4. dit redelik was om die inligting te kommunikeer omdat dit voorberei is in ooreenstemming met aanvaarbare beginsels van joernalistieke gedrag; of
3.3.5. die artikel was, of het deel gevorm van, ’n akkurate en onpartydige verslag oor ’n geskil waarin die klaer ’n party was;

3.4 nie oorlewendes van verkragting of van seksuele geweld*, wat seksuele intimidasie en teistering insluit, identifiseer, of mense se MIV-/vigsstatus bekendmaak sonder hul toestemming nie en in die geval van kinders, van hul wettige voog of ’n soortgelyke verantwoordelike volwassene sowel as van die kind (met inagneming van die fase van ontwikkeling waarin die kind hom of haar bevind) en ’n openbare belang duidelik is, en dit in die beste belang van die kind is; en

3.5 slegs voldoende persoonlike inligting onthul om die persoon te identifiseer oor wie verslag gedoen word, aangesien sommige inligting, soos adresse, ander in staat kan stel om hul privaatheid te skend en hul veiligheid in die gedrang te dring. Persoonlike inligting sal slegs onthul word as dit in die openbare belang is.

## 4. Die Beskerming van Data

Lede van die media moet:

4.1 redelike stappe neem om te verseker dat data van persoonlike inligting in hul besit teen misbruik, verlies en ongemagtigde toegang beskerm word;

4.2 onakkuraathede in gepubliseerde persoonlike inligting regstel wanneer ‘n persoon so ‘n korreksie versoek;

4.3 die betrokke persoon of persone inlig en redelike stappe neem om enige skadelike gevolge te beperk wanneer daar redelikerwys vermoed word dat ’n ongemagtigde persoon toegang kon verkry het tot persoonlike inligting wat deur die media gehou word; en

4.4 persoonlike data slegs vir joernalistieke doeleindes gebruik en aanwend.

[ * Die Wêreldgesondheidsorganisasie definieer seksuele geweld onder meer soos volg: “Seksuele geweld sluit optrede in wat wissel van verbale teistering tot gedwonge penetrasie en verskeie vorms van dwang wat wissel van sosiale druk en intimidasie tot fisieke geweld…” ]

## 5. Diskriminasie en Haatspraak

Die media moet:

5.1. diskriminerende of verkleinerende verwysings na mense se ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstatus, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele oriëntasie, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, geloof, kultuur, taal en geboorte, of enige ander status vermy en nie daarna op ’n bevooroordeelde of neerhalende manier verwys nie – en moet slegs na bogenoemde verwys wanneer dit streng relevant is tot die saak waaroor berig word en in die openbare belang is; en

5.2 hul reg en plig om verslag te doen oor en kommentaar te lewer op alle sake van legitieme openbare belang balanseer met die verpligting om nie materiaal te publiseer nie wat neerkom op propaganda vir oorlog, die aanstigting van dreigende geweld, of haatspraak – dit is, die verkondiging van haat wat op ras, etnisiteit, geslagtelikheid of godsdiens gebaseer is en wat aanhitsing om leed te veroorsaak, uitmaak.

## 6. Bepleiting

Die media mag hul eie menings oor omstrede onderwerpe sterk bepleit, mits hulle duidelik onderskei tussen feit en mening en nie relevante feite wanvoorstel, weerhou of verdraai nie.

## 7. Beskermde Inhoud

7.1 Die media is daarop geregtig om kommentaar en kritiek te lewer op enige optrede of saak wat in die openbare belang is; en

7.2 kommentaar of kritiek word beskerm, selfs al is dit ekstreem, onregverdig, ongebalanseerd, oordrewe en bevooroordeeld, solank dit nie kwaadwillig is nie, op ’n saak in openbare belang is, billike rekenskap gee van alle wesenlike feite wat waar of redelikerwys waar is, en op so ’n manier aangebied word dat dit duidelik kommentaar blyk te wees.

## 8. Kinders

In die gees van Artikel 28.2 van die Handves van Regte* moet die media:
8.1 buitengewoon sorgsaam en omsigtig te werk gaan wanneer oor kinders* berig word. As daar enige moontlikheid bestaan dat verslaggewing skade van enige aard aan 'n kind kan berokken, moet hy/sy nie 'n onderhoud mee gevoer word, gefotografeer of geïdentifiseer word nie sonder die toestemming van 'n wettige voog of 'n soortgelyke verantwoordelike volwassene en van die kind (met inagneming van die fase van ontwikkeling waarin die kind hom of haar bevind) en 'n openbare belang duidelik is;
8.2 nie kinderpornografie* publiseer nie; en
8.3 nie kinders identifiseer wat slagoffers van mishandeling of uitbuiting is nie, of wat aangekla is van of skuldig bevind is aan 'n misdaad nie, sonder die toestemming van 'n wettige voog of 'n soortgelyke verantwoordelike volwassene en van die kind (met inagneming van die fase van ontwikkeling waarin die kind hom of haar bevind),'n openbare belang duidelik is en dit in die kind se beste belang is.

[ * Artikel 28.2 van die Handves van Regte in die Suid-Afrikaanse Grondwet sê: "'n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak." ]

## 9. Geweld, Grafiese Inhoud

Die media moet:
9.1 die nodige sorg en verantwoordelikheid aan die dag lê wanneer hulle oor wreedaardigheid, geweld en lyding berig;
9.2 nie geweld of onwettige optrede goedkeur, bevorder of idealiseer nie; en
9.3 inhoud vermy wat gewelddadige misdaad of ander vorme van geweld of eksplisiete seks uitbeeld, tensy die openbare belang anders vereis – in welke geval 'n prominent vertoonde waarskuwing moet aandui dat die inhoud grafies en onvanpas vir sekere gehore, soos kinders, is.

## 10. Opskrifte, Foto-onderskrifte, Plakkate, Foto's en Video- / Oudio-inhoud

10.1 Opskrifte, foto-onderskrifte en plakkate moet nie die publiek mislei nie en moet 'n redelike weerspieëling van die inhoud van die betrokke berig of foto gee; en
10.2 Foto's en video- / oudio-inhoud moet nie wanvoorstel of mislei nie of gemanipuleer word om dit te doen nie.

[ * 'n "Kind" is 'n persoon wat jonger as 18 jaar is.
Kinderpornografie word in die Wet op Film en Publikasies gedefinieer as: "Enige beeld, ongeag hoe dit geskep is, of enige beskrywing van 'n persoon, werklik of nageboots, wat onder die ouderdom van 18 jaar is, of wat sodanig uitgebeeld, voorgestel of beskryf word, of wat voorgegee word sodanig te lyk of blyk te wees, en wat – (a) besig is met seksuele gedrag; (b) deelneem aan, of 'n ander persoon help om deel te neem aan, seksuele gedrag; of (c) die liggaam, of dele van die liggaam, van sodanige persoon vertoon of beskryf op 'n wyse of in omstandighede wat, binne die konteks, neerkom op seksuele uitbuiting, of op so 'n wyse dat dit vir die doeleindes van seksuele uitbuiting gebruik kan word." ]

## 11. Vertroulike en Anonieme Bronne

Die media moet:
11.1 vertroulike bronne van inligting beskerm – die beskerming van bronne is 'n basiese beginsel in 'n demokratiese en vry gemeenskap;
11.2 die gebruik van anonieme bronne vermy, tensy daar geen ander manier is om met die storie te werk te gaan nie en moet sorg dra om sulke inligting te bevestig; en
11.3 nie inligting publiseer wat op 'n vertrouensbreuk neerkom nie, tensy openbare belang dit anders vereis.

## 12. Betaling vir Inligting

Die media moet bedenklike joernalistiek vermy waar informante vergoed word om hulle te oorreed om die inligting te gee, veral wanneer hulle misdadigers is – tensy die betrokke materiaal in die openbare belang gepubliseer behoort te word en betaling nodig is om dit te kan doen.

# Hoofstuk 2: LESER-GEGENEREERDE INHOUD EN AKTIWITEITE*

## 13. Beginsels

Die media:
13.1 is nie verplig om alle leser-gegenereerde inhoud (LGI) vóór publikasie te modereer nie;
13.2 moet 'n LGI-beleid hê, in ooreenstemming met die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, wat moderering en/ of die verwydering van LGI of gebruikersprofiele beheer;
13.3 mag, in ooreenstemming met hul beleid, enige LGI- of gebruikersprofiel verwyder;
13.4 moet hul beleid vir die publiek beskikbaar stel en duidelik uiteensit die:\

13.4.1 proses van goedkeuring, indien enige, wat voornemende gebruikers moet volg, sowel as enige terme, voorwaardes en vrywaringsklousules gedurende so 'n registrasieproses;
13.4.2 inhoud wat verbied sal word; en
13.4.3 manier waarop die publiek hulle van verbode inhoud in kennis kan stel;

13.5 moet, waar moontlik, 'n kennisgewing op die platforms publiseer waarin die plaas van verbode inhoud ontmoedig word;
13.6 moet die publiek inlig dat LGI direk deur gebruikers geplaas is en dat dit nie noodwendig hul menings weerspieël nie;
13.7 moet gebruikers aanmoedig om inhoud te rapporteer wat die bepalings van hul beleid kan skend; en
13.8 moet veral aanlyn-platforms wat op kinders gerig is, noukeurig monitor.

[ * Hierdie artikel is van toepassing wanneer 'n klag teen 'n lid gelê word oor kommentaar en inhoud wat deur gebruikers op alle platforms onder beheer van 'n lid geplaas is en waarop die inhoud daarvan versprei is. ]

## 14. Verbode Inhoud

Materiaal is verbode inhoud as dit uitdruklik nie toegelaat word nie in 'n lid se LGI-beleid en in Art. 5.2 van hierdie Kode (wat verwys na Art. 16 van die Handves van Regte, wat alles in 'n LGI-beleid wat daarteen kan indruis, troef.)

## 15. Verweer

15.1 Dit is 'n verweer vir die media om aan te toon dat hulle nie die inhoud waaroor gekla word, geskryf of geredigeer het nie;
15.2 Waar 'n klaer egter 'n skriftelike kennisgewing aan die bepaalde publikasie gestuur het, die bepaalde inhoud geïdentifiseer het, gespesifiseer het waar dit verskyn het en gemotiveer het waarom dit verbode is (sien Art. 14); moet die media dan óf:
15.2.1 die betrokke LGI so gou moontlik verwyder en die klaer daarvan in kennis stel; óf
15.2.2 besluit om nie die LGI te verwyder nie en die klaer daarvan in kennis stel. In daardie geval kan die klaer die saak by die Persombud aanhangig maak, wat dit sal hanteer asof die LGI deur die lid self geplaas is.

***Notas***

# DIE KODE GEDEKODEER
## SIN VIR SIN

## Voorwoord

***Die media bestaan om die gemeenskap te dien.***

Het jy jouself al ooit afgevra *hoekom* jy 'n joernalis is?

Verslaggewers moet om die regte rede in die bedryf wees! As jy 'n joernalis is om jouself te dien (soos om invloed uit te oefen, of om jou beeld 'n hupstoot te gee, of om geld te maak) dink asseblief weer. In sulke gevalle wys die vinger na jou – terwyl dit vir joernaliste altyd weg van hulleself, na die samelewing toe, moet wys.

*Dit* moet jou prioriteit wees, en niks anders nie. Daarom begin die Kode met hierdie sin – en dit dien as 'n inleiding tot alles wat verder in die Voorwoord en in die Kode self volg. Diens aan die gemeenskap (lees: die openbare belang) is die alfa en die omega van alle goeie joernalistiek.

Maar daar is meer – die woord "dien" impliseer altyd verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid. Dit is *omdat* joernaliste die gemeenskap dien, dat hulle aanspreeklik is. 'n Mens is immers altyd aanspreeklik teenoor die persoon / entiteit wat jy dien.

Maar teenoor wie is joernaliste aanspreeklik? Wel, in die eerste plek teenoor die samelewing. (Dit spreek vanself dat hulle ook aanspreeklik teenoor hul publikasies is.) Daarom is daar 'n Persraad – 'n geloofwaardige liggaam wat joernaliste aanspreeklik hou en poog om verantwoordelike joernalistiek te bevorder.

Diens aan die samelewing behels allereers dat die media onder meer verseker dat hul beriggewing waar, akkuraat, billik en gebalanseerd is. Die media dien die samelewing as hul huis in orde is. Dit kan alleen gebeur as joernaliste hierdie Kode as riglyn gebruik en in die proses bereid is om self-krities te wees.

Wanneer joernaliste hierdie fundamentele waarheid begryp, sal hulle meer geneig wees om eties op te tree en minder geneig om mense onnodige skade te berokken – 'n belangrike kwessie wat ek binnekort in meer besonderhede sal aanroer.

***Hul vryheid sorg vir die onafhanklike en noukeurige ondersoek van die magte wat die gemeenskap vorm en is noodsaaklik om die belofte van demokrasie te verwesenlik.***

Die woord "vryheid" (vir die media) word as 'n gegewe gestel; in 'n demokratiese staat is dit vanselfsprekend.

Maar nie so vinnig nie! Dit is van kardinale belang om die ware aard van vryheid te verstaan. "Vryheid" beteken nie "losbandigheid" nie; dit impliseer nie dat jy kan doen net soos jy wil nie. Dit is nie 'n "lisensie om dood te maak" nie. Jy is nie 007 nie. Saam met jou vryheid gaan altyd verantwoordelikheid en aanspreeklikheid gepaard. Die persoon wat regtig "vry" is, is iemand wat die gevolge van haar of sy optrede op mense en op die natuur in ag neem. Vryheid en verantwoordelikheid / aanspreeklikheid is onafskeidbaar aan mekaar verbind. Geen reg, insluitend vryheid, is absoluut nie!

*Hoe* hierdie vryheid benut word, behoort dus jou prioriteit te wees – wat die presiese rede is waarom die media in die eerste plek 'n Kode het.

Die ander kant van die muntstuk is ewe belangrik. Die blote feit dat die media bestaan om die samelewing te dien, wat aanspreeklikheid teenoor die publiek impliseer, beteken omgekeerd dat die media dieselfde gemeenskap (lees: veral hulle wat in dienende en besturende posisies is) aanspreeklik moet hou. Met ander woorde: Die media is aanspreeklik teenoor die samelewing; en terselfdertyd hou die media die publiek aanspreeklik.

Die media word nie verniet die Vierde Mag genoem nie – "noukeurige ondersoek" is noodsaaklik om hierdie magte in toom te hou. Onthou wat Lord Acton gesê het: *"Mag korrumpeer; en absolute mag is geneig om absoluut te korrumpeer."* As daar nie 'n behoorlike – onafhanklike en vrye – waghond is nie, sal politici waarskynlik doen wat hulle wil (in diens van hulleself) en dieselfde samelewing benadeel wat hulle veronderstel is om te dien.

Enige gesonde demokrasie is afhanklik van die vryheid en die onafhanklikheid van die media; daarsonder sal dit sterf. Die media moet dus "die magte wat die gemeenskap vorm" onder die loep neem om ongebreidelde mag in te perk en om misbruik en korrupsie na die beste van hul vermoë te beperk – en dit moet "onafhanklik" gedoen doen (lees: sonder om van buite beïnvloed te word).

Sommige politici hou nie van sulke media nie, om voor-die-hand-liggende redes; ander verdra hulle bloot, aangesien hulle weet hoe belangrik die Vierde Mag is. Maar ook hulle is dikwels bang dat die media hulle kan ontmasker vir dit wat hulle dalk gedoen het, of doen, of beplan om te doen. Moenie bekommerd oor hierdie spanning wees nie, want in 'n gesonde demokrasie moet dit altyd daar wees – solank hierdie spanning gesond bly.

Let op dat die "magte wat die gemeenskap vorm" nie net die politiek insluit nie – dit behels ook godsdiens, die ekonomie, onderwys, sosiale kwessies, sport, ens.

Die uitdrukking "belofte van demokrasie" herinner ons daaraan dat Suid-Afrika se demokrasie nie as vanselfsprekend aanvaar moet word nie en dat dit soos 'n pasgebore baba gekoester moet word – wat die rol van 'n vrye en onafhanklike media des te belangriker maak.

***Dit stel burgers in staat om ingeligte oordele oor sake van die dag te vorm, 'n sentrale rol wat in die Suid-Afrikaanse Grondwet erken word.***

Die media dien die samelewing deur die publiek van die nodige inligting te voorsien om mense te help om ingeligte besluite oor belangrike sake te neem. Die woorde "ingeligte oordele" impliseer onder meer dat die inligting wat tot hierdie besluite lei akkuraat, billik en in konteks moet wees – alles kwessies wat in die Kode ter sprake kom.

***Artikel 16 van die Handves van Regte bepaal dat:***
***1. Elkeen het die reg op vryheid van uitdrukking, waarby inbegrepe is:***
***a) die vryheid van die pers en ander media;***
***b) die vryheid om inligting of idees te ontvang of oor te dra;***
***c) die vryheid van artistieke kreatiwiteit; en***
***d) akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing.***
***2. Die reg in subartikel (1) omvat nie:***
***a) propaganda vir oorlog nie;***
***b) die aanstigting van dreigende geweld nie; of***
***c) die verkondiging van haat wat op ras, etnisiteit, geslagtelikheid of godsdiens gebaseer is en wat aanhitsing is om leed te veroorsaak, uitmaak nie.***

Die woorde "elkeen" en wat "die vryheid van die pers en ander media" insluit, impliseer onder meer dat:
- die reg op vryheid van uitdrukking nie die voorreg van 'n uitgesoekte klompie mense is nie – dit sluit almal in;
- enigiemand kan 'n joernalis word – ja, sonder enige kwalifikasie;
- die media se vryheid van spraak op die *publiek* se reg om te weet gegrond / gebaseer is; en
- die media uitgesonder word in die Handves van Regte, wat hulle 'n spesiale plek in die samelewing gee – nie omdat die media op spesiale regte geregtig is nie, maar omdat burgers die reg tot vryheid van uitdrukking het.

Die tweede deel van Artikel 16, wat haatspraak omskryf, herinner ons weer eens daaraan dat selfs die vryheid van die media nie absoluut is nie. Die hoogste wet in ons land verbied immers spraak wat bedoel is om mense fisieke skade te berokken – en die media is daarby inbegrepe.

***Die media streef daarna om hierdie regte vir die land se burgers in trust te hou; en hulle is onderworpe aan dieselfde regte en pligte as individue.***

Danksy sy "spesiale plek in die samelewing", soos hierbo vermeld, is die media ideaal geposisioneer vir die verantwoordelikheid om daarna te streef om die reg tot vryheid van spraak vir Suid-Afrikaners in trust te hou (as deel van sy diens aan die samelewing).

Die woord "streef" impliseer dat hierdie doelwit nooit ten volle bereik kan word nie – dit is altyd 'n proses, iets om na te reik. Daarom moet die media nooit as vanselfsprekend aanvaar dat die reg op vryheid van spraak altyd beskerm sal word nie.

Die stelling dat die media "onderworpe is aan dieselfde regte en pligte as individue" beteken nie dat die "spesiale plek" wat die media geniet, spesiale voorregte vir joernaliste gee nie – hulle het die reg om te weet *nie omdat hulle verslaggewers is nie, maar omdat hulle die samelewing dien* (wat die reg het om te weet).

Dit is betekenisvol dat die eerste deel van hierdie klousule meervoud ("die media") is, terwyl die tweede na individue verwys. "Samelewing" gaan inderdaad oor "individue". Dit is die hart van enige liberale demokrasie.

***Dit is elkeen se plig om hierdie regte te verdedig en te bevorder, met erkenning aan die stryd waaruit dit ontstaan het: die media, die publiek en die regering, almal wat gesamentlik die demokratiese staat vorm.***

Omdat die samelewing en individue die reg het om te weet, is die bevordering van die reg op vryheid van uitdrukking nie beperk tot die media nie – dit is in werklikheid elkeen se plig om dit te doen. Almal wat deel is van ons demokratiese staat, insluitend die media, behoort hierdie regte verbete te verdedig.

In hierdie proses erken ons diegene wat ons demokratiese staat help skep het, asook hulle wat tans deel daarvan uitmaak – sodat ons nie vergeet waar ons vandaan kom nie en om ons daaraan te herinner dat vryheid van uitdrukking inherent aan elke gesonde demokrasie is.

***Die media se werk word ten alle tye deur die openbare belang gerig waaronder verstaan word inligting van legitieme belang of waarde vir burgers.***

Die beskrywing van "openbare belang" is doelbewus redelik vaag verwoord omdat hierdie konsep moeilik definieerbaar is. Laat ek egter wel sê dat dit sowel 'n kwantitatiewe as 'n kwalitatiewe begrip is:

- ***Kwantitatief:*** Hoe meer mense deur 'n gebeurtenis geraak word, des te meer is dit in die openbare belang. So byvoorbeeld is uiterste weerstoestande altyd nuus – omdat dit bykans almal raak. Omgekeerd is daar 'n sekere organisasie in Suid-Afrika wat net een lid het. Sy "vergaderings" kan kwalik in die openbare belang wees; en

• ***Kwalitatief:*** Hoe dieper mense deur ‘n kwessie geraak word, des te meer sal dit in die samelewing se belang wees om daarvan kennis te neem. Byvoorbeeld, as ‘n prominente openbare amptenaar (wat met openbare geld betaal word) korrup is, moet die publiek daaroor ingelig word. Hoe meer geld betrokke is, des te meer rede is daar om dit te ontbloot.

***As joernaliste verbind ons onsself aan die hoogste standaarde, om geloofwaardigheid te handhaaf en om die vertroue van die publiek te behou.***

Die woord “verbind” vang onmiddellik die oog: Joernalistiek gaan oor plig en toewyding. Enige iemand kan ‘n joernalis word omdat almal die reg op vryheid van spraak het – maar nie almal kan ‘n goeie joernalis word nie. Slegs die verslaggewers wat *toegewyd* is aan hul werk en hulle aan die hoogste standaarde verbind, sal goeie joernaliste wees.

Let daarop dat afgewaterde toewyding nie goed genoeg is nie – dit vereis die maksimum; dit vra die *“hoogste* standaarde” van uitnemendheid. Dit is een van die verskille tussen wet en etiek. Die wet word dikwels gelei deur die vraag: “Wat is die maksimum *waarmee ek kan wegkom*?” Omgekeerd vra etiek: “Wat is die maksimum *wat ek kan doen* om my verbintenis na te kom?” Etiek is gemik op die “hoogste” standaarde, nie die “laagste” nie.

As die media nie verbind is tot die hoogste standaarde van uitnemendheid nie, sal hulle hul geloofwaardigheid verloor en so die vertroue van hul lesers inboet. Dan kan joernaliste net sowel hul tasse pak. Geloofwaardigheid (vertroue) word verdien; dit kom nie vanself nie.

***Dit beteken dat ons altyd na waarheid streef, onnodige skade probeer vermy, ‘n verskeidenheid van menings in ons beriggewing reflekteer, spesiale sorg vir kinders en ander kwesbare groepe toon, sensitiwiteit vir die kulturele sedes van lesers en vir persone oor wie berig word, openbaar en om onafhanklik op te tree.***

Hierdie sin oorskadu die hele Voorwoord, asook die Kode self. Sou die Kode in sy totaliteit geskrap en hierdie sin behou word, sal die hart van die Kode bewaar bly.

***Streef altyd na waarheid:*** Hierdie stelling is voor-die-hand-liggend – so waarom is dit in die eerste plek nodig om dit te sê? Dit is wel nodig, omdat die naakte waarheid is dat joernaliste soms nié na die waarheid streef nie. Daar is gevalle waar nuuskantore slegs media-verklarings of amptelike dokumente publiseer wat hul agendas ondersteun en wat hulle pas – en die res ignoreer, selfs al is dit van wesenlike belang. Ek sal binnekort hierop terugkeer.

“Strewe” na waarheid impliseer ‘n aanvaarding van die feit dat “waarheid” baie fasette het, dat my waarheid anders kan wees as jou waarheid, en dat “waarheid” baie soos ‘n diamant is – sy kleur hang af van die hoek waarvandaan jy daarna kyk. Daarom: Moet nooit so arrogant wees om te dink dat jy die hele waarheid besit nie; moet ook nooit dink dat iemand verkeerd is net omdat daardie persoon ‘n ander siening as jy huldig nie.

Die woord “altyd” (strewe na waarheid) is belangrik. Joernaliste moet vir geen oomblik hul oog van die bal afhaal en die droom daarmee prysgee nie.

***Vermy onnodige skade:*** Dit is die hart van die hart van media-etiek, asook van die Kode.

Dit is die media se taak om mense wat dit verdien, leed aan te doen. Indien daar byvoorbeeld bevind word dat ‘n openbare amptenaar korrup is, is dit in die openbare belang om dit bekend te maak. Daardie persoon word immers met openbare geld betaal en is daarom aan die publiek verantwoordbaar. Die publikasie van die storie sal hierdie individu benadeel, ja, maar dit sal tot die groter voordeel van die samelewing wees. In so ‘n geval verdien die amptenaar om blootgestel te word. Trouens, korrupte mense benadeel hulself. Die media *rapporteer* bloot die korrupsie en is dus slegs ‘n sekondêre instrument in hierdie proses.

Die Kode sê nie dat die media nooit iemand moet benadeel nie; dit gaan daaroor om nie *onnodige* skade aan te rig nie.

## VOORBEELD

‘n Onrusbarende voorbeeld is wat met ‘n man gebeur het van wie berig is dat hy iets verkeerd gedoen het. Nie net het daardie berig hom sy werk gekos nie, maar sy vrou en kinders het hom ook verlaat. ‘n Paar maande later kon hy sy onskuld bewys, waarna die koerant hom om verskoning gevra het – maar dit was te laat. Die skade was reeds aangerig.

Ongelukkig is hierdie nie ‘n geïsoleerde voorval nie – en dit kan so maklik weer gebeur. Die media sal beslis mense onnodig skade berokken as joernaliste nie na die ander kant luister nie, nie inligting verifieer nie, op sekondêre bronne staatmaak, ‘n anonieme bron glo wat bybedoelings kan hê, die konteks verontagsaam, hulleself oopmaak vir invloede van buite, ens.

Maar ek loop myself vooruit.

***Reflekteer ‘n verskeidenheid van stemme:*** Die publisering van ‘n verskeidenheid van menings help om eensydige

beriggewing te voorkom; dit dra ook by dat die media een van hul belangrikste pligte nakom, naamlik om ‘n stem aan die stemloses te gee. Wanneer ‘n joernalis daarom oor spesifieke kwessies of oor ‘n minderheidsgroep in die samelewing verslag doen, moet die standpunte van die betrokkenes gerapporteer word. Dit gebeur byvoorbeeld alte dikwels dat die media oor vroue berig, terwyl hulle mans as bronne gebruik.

***Toon spesiale sorg vir kinders en ander kwesbare groepe:*** Artikel 8 van die Kode handel oor kinders – ek sal daar kommentaar lewer op die spesiale sorg en oorweging wat die media behoort te toon wanneer hulle oor kinders verslag doen.

Van belang hier is ook die vermelding van “ander kwesbare groepe”. Daar is te veel sulke groepe om hulle almal hier te probeer opnoem, maar dit sluit onder meer LGBTI+ mense, sekswerkers, bejaardes, gestremdes en hawelose mense in. Die punt is dat, hoewel kwesbare mense maklik uitgebuit kan word, die media ‘n morele hoë grond in hierdie verband moet handhaaf. Sien ook die bespreking van Art. 3.2.

***Openbaar sensitiwiteit vir die kulturele sedes van lesers en vir persone oor wie berig word:*** Hierdie kwessie kom in Artikel 5.1 aan die orde. As Suid-Afrikaners woon ons in ‘n kultureel diverse land waar ons (skamelik) nie altyd die gebruike en oortuigings van mense verstaan wat nie ons spesifieke kultuur deel nie. Gegewe ons tragiese verlede, moet die media in demokratiese Suid-Afrika uit hul pad gaan om sensitief te wees vir gebruike wat vir hulle vreemd is en oppas om dit nie te verkleineer nie.

***Tree onafhanklik op:*** Sien die bespreking van Artikel 2 oor hierdie kwessie hieronder.

Die Kode kom nou aan die beurt. Let op die struktuur daarvan – Hoofstuk 1 gaan oor media-gegenereerde inhoud in sowel gedrukte as aanlyn-kwessies; Hoofstuk 2 is gemoeid met aanlyn-kommentaar wat deur lesers gelewer word.

**V:** **A. Voltooi die volgende sinne – die antwoorde is op die agterblad:**

1. Die media bestaan om ... (1)
2. Joernaliste is in die eerste plek aanspreeklik teenoor ... (1)
3. Die vryheid van die media is nie ‘n lisensie om ... (1)
4. Egte vryheid gaan gepaard met ... en... (2)
5. Die vryheid van die media stel burgers in staat om ... (1)
6. Die media se vryheid is gegrond op die ... se reg om te weet (1)
7. Vir die media om die samelewing te dien, moet joernaliste na binne kyk om ... te verseker; en na buite kyk om te verseker dat ... onder die loep geneem word (2)
8. Die media se werk word ten alle tye gelei deur die openbare belang, wat ... behels (1)
9. Joernaliste moet hulself verbind tot die hoogste etiese standaarde om ... te handhaaf en om ... (2)
10. Die hart van media-etiek en van die Kode kan opgesom word in die volgende stellings: streef altyd na ...; en vermy altyd ... (2)
11. Hoofstuk 1 van die Kode handel oor inhoud wat gegenereer word deur ... ; Hoofstuk 2 gaan oor inhoud wat gegenereer word deur ... (2)

**[Totaal: 16]**

***Notas***

# Hoofstuk 1: MEDIA-GEGENEREERDE INHOUD EN AKTIWITEITE

## *1. Insameling en rapportering van nuus*

### *1.1 Die media moet sorg dra om waarheidsgetrou, akkuraat en billik oor nuus verslag te doen.*

Saam met Art. 1.8 (wat bepaal dat ‘n persoon oor wie krities berig word die geleentheid moet kry om haar of sy kant van die saak te stel) is hierdie klousule straks die mees fundamentele een – maar terselfdertyd ook die een wat die meeste oortree word.

***Waarheidsgetrou:*** Hierdie woord is sinoniem met “eerlik”. ‘n Joernalis het eenkeer vir my gesê die “beste” storie wat hy nog ooit geskryf het, het hy uit sy duim gesuig. Gelukkig is hy nie meer ‘n joernalis nie (sover ek weet). So ‘n “joernalis” hoort nie in die beroep nie. Punt uit.

Ek het ook joernaliste teengekom wat bloot hul eie ideologiese en politieke oogmerke wou bevorder – en in die proses hul “nuus” aangepas het om by hul eie agendas te pas. Hulle behoort hulle te skaam!

Geniet hierdie een: ‘n Joernalis van ‘n konserwatiewe publikasie (in apartheid-Suid-Afrika) het eenkeer vir sy redakteur gevra of hy sy feite mag “aanpas” om by die koerant se politieke agenda te pas. Die redakteur het geantwoord: “In ‘n nuusberig bied jy die feite aan – ek sal dit in my hoofartikels verdraai.”

Nuusberigte hou by feite, *finish* en klaar.

## WERKLIKE GEVALLE

‘n Joernalis (of ‘n publikasie, van nou af genoem “X”) berig die Ouditeur-Generaal het aanbeveel dat die klaer (“Y”) geld moet terugbetaal nadat hy sy eie salaris met 350% verhoog het. X het berig hy het ‘n “spesiale oudit” in dié verband gesien wat sy beriggewing ondersteun het. Die O-G het egter amptelik, en persoonlik, enige sodanige oudit en ondersoek deur sy kantoor kategories ontken.

In my bevinding het ek geskryf: “Ek het geen ander verduideliking vir X se onvermoë / weiering om hierdie dokument aan my te verskaf nie. Een van die volgende alternatiewe moet dus geld:

- Óf daar is nie so ‘n dokument nie – in welke geval die joernalis doelbewus die publiek, sy eie koerant en hierdie kantoor mislei het; òf
- Hy het die bestaan van ‘n vervalste dokument as ‘n regte een aanvaar, sonder behoorlike verifikasie.”

Ek glo dat, as X so ‘n dokument gehad het, hy dit aan my sou verskaf het. Ek het dus tot die gevolgtrekking gekom dat hy doelbewus almal mislei het. Waarheidsgetrou se voet.

X het ‘n woordvoerder van die premier van Limpopo aangehaal – maar dit het later geblyk dat hy nooit met hom gepraat het nie. Glo dit of nie: hy het bloot die aanhaling gefabriseer. Is dit nodig om te noem watter enorme skade sulke beriggewing aan die geloofwaardigheid van die Suid-Afrikaanse media in die algemeen, en aan X in die besonder, aanrig?

***Akkuraat:*** Die begin en einde van alle goeie joernalistiek is om na te gaan, weer na te gaan en dan weer na te gaan as daar enige moontlikheid bestaan dat inligting nie akkuraat is nie. Ongelukkig is daar ‘n stortvloed van voorbeelde waar joernaliste dit nie gedoen het nie.

Een van akkuraatheid se dodelikste vyande is aannames. In die film Silence of the Lambs sê Jodie Foster se baas vir haar: “If you assume, you are making an ass out of you and me” (ass-u-me). Met ander woorde: As jy ‘n aanname maak, maak jy ‘n gat van jouself.

As jy oor iets moet berig waarvan jy bra min weet, wees ekstra versigtig – jy is op die punt om foute te maak. Raadpleeg eerder ‘n kundige as om te fouteer. Dit is ook heeltemal in orde om, wanneer jy ‘n ingewikkelde saak hanteer, jou bron die geleentheid te gee om kommentaar te lewer op die tegniese akkuraatheid van stellings – nie om jou storie goed te keur nie, maar bloot om moontlike foute uit te wys.

Die hart van alle goeie joernalistiek is akkuraatheid.

### *Notas*

## WERKLIKE GEVALLE

X berig dat 'n provinsiale Premier versuim het om op te tree ná hy 'n verslag oor 'n multimiljoen-rand korrupsie-tender ontvang het wat "onder leiding van 'n sekere LUR" toegeken is – terwyl die tender toegeken is nog voordat daardie persoon se termyn as LUR begin het.

Nog voorbeelde:

- X het berig dat 'n prokureursfirma "bevind" het dat 'n sekere persoon 'n "Gupta-luitenant" was – terwyl dié stelling nooit in die firma se verslag voorgekom het nie. Dit was bloot 'n aanname.
- 'n Ander klagte het betrekking op 'n storie onder die opskrif: *Radio-omroeper en vrou beland in hof ná Kings Beach-geveg*. Die stellings dat die klaer tereg staan op 'n aanklag van kwaadwillige saakbeskadiging, dat hy reeds in die hof verskyn het en dat hy na die hof sou terugkeer, was eenvoudig onwaar. Ek het geskryf: "Ek vind dit moeilik om te verstaan hoe dit kan gebeur dat 'n joernalis inligting as feit rapporteer, terwyl dit bloot onwaar is. Ek laat hierdie saak aan die redakteur oor in die hoop dat sulke slordige beriggewing in die toekoms voorkom sal word."

***Billik:*** Dit is nie maklik om te definieer wat "billik" beteken nie. Probeer dit gerus! Tog sal mense dit instinktief herken as hulle gekonfronteer word met onbillike gedrag. Daarom, wanneer iemand kla dat jy onbillik teenoor haar of hom was, plaas jouself in daardie persoon se skoene – jy sal dan gou by die regte antwoord uitkom.

Laat ek egter tog probeer: "Billik" het te make met "balans", "redelikheid", "regverdigheid". Akkuraatheid en billikheid gaan hand aan hand – 'n onakkurate stelling wat iemand onnodig benadeel, gaan noodwendig onbillik teenoor daardie persoon wees en so haar of sy waardigheid en reputasie onnodig skade berokken.

Hier is 'n hipotetiese voorbeeld van billike beriggewing: 'n Sekere land het vier politieke partye in die parlement – die regerende party geniet 60% steun; die opposisie het 30%; die derde party het 9%; en die kleinste party se basis is 1%. Twee kleiner partye word nie in die parlement verteenwoordig nie. "Billike" (gebalanseerde) beriggewing kan nie beteken dat 'n publikasie gelyke dekking aan al ses partye moet gee nie (afhangende natuurlik van die aard van die saak en nuuswaardigheid). Dit gaan om balans.

## WERKLIKE GEVALLE

X het berig dat hy korrespondensie gesien het waarin die rektor van 'n universiteit werknemers by die universiteit opdrag sou gegee het om befondsing te bekom vir 'n student, wat toevallig ook 'n vriend van sy seun was. Dit was egter eenvoudig onwaar – die rektor het wel 'n e-pos ontvang wat hy aan van sy kollegas gestuur en hulle gevra het (nie opdrag gegee het nie) of hulle dalk kon help. Plaas jouself in sy skoene en jy sal besef hoe onbillik hierdie beriggewing was.

Nog voorbeelde:

- 'n TV-aktrise het gekla dat 'n storie onder die opskrif, Scorned woman turns on playboy, valslik die indruk geskep het dat sy 'n seksuele verhouding met 'n sekere sakeman gehad het. Of dit inderdaad onbillik was, was nie vir my om te sê nie – dit was egter blatant onbillik teenoor haar om na te laat om haar ontkenning in hierdie verband te publiseer.
- Soms word sekere sakelui "tenderpreneurs" (tender + entrepreneur) genoem. Dit verwys na regeringsamptenare, politici en ander betrokkenes wat hul mag en invloed onbehoorlik gebruik om regeringstenders en kontrakte te bekom. In een geval het 'n sakeman 'n regeringskontrak verkry – maar dit het hom nie by verstek 'n tenderpreneur (soos deur die joernalis beweer) gemaak nie. X kon immers nie aantoon dat die man sy invloed gebruik het om die kontrak te bekom nie. Die skade wat onbillik aan hom aangerig is, was onmeetbaar.
- X het slegs 'n deel van 'n video van 'n bekende persoonlikheid gesien, wat wit stof gewys het wat moontlik kokaïen kon gewees het (maar nie noodwendig nie). X beweer toe dat die bekende 'n dwelmverslaafde was en aan 'n orgie deelgeneem het. Nou, al was dit ook kokaïen, hoe kon die joernalis daarvan seker gewees het? En op grond waarvan is gesê dat die persoon 'n "verslaafde" was? Die joernalis het ook geen bewyse van enige orgie gesien nie – tog is dit as sodanig gerapporteer. X het aangevoer die joernalis het "aangeneem" dat daar 'n orgie moes gewees het nadat dwelms geneem is, en dat die betrokke persoon deel daarvan was. Maar daar was geen bewys daarvoor nie; dit was bloot 'n aanname – wat as feit voorgehou is. Dit was nie billik nie.

***1.2 Die media moet nuus binne konteks en op 'n gebalanseerde manier aanbied, sonder enige doelbewuste of nalatige afwyking van die feite, hetsy deur verdraaiing, oordrywing, wanvoorstelling, wesenlike weglating of opsomming.***

Konteks is net so belangrik soos teks.

Foute sluip nie net in wanneer 'n joernalis inligting verdraai, oordryf, verkeerd voorstel of opsom nie – dit kan ook gebeur deur relevante feite weg te laat. Dit is dikwels nie wat joernaliste skryf wat oneties is nie, maar ook wat hulle nie rapporteer nie wat problematies is.

Die volgende voorbeeld uit die Bybel wys die belangrikheid van konteks (asseblief, ek preek nie hier nie!): Daar is 'n teks wat sê: "Daar is geen God nie". Dus, as jy daardie woorde aanhaal, sal jy akkuraat wees. Maar dit is misleidend, omdat die voorafgaande woorde dit in konteks plaas. Daardie woorde lees: "Die dwaas sê dat..." (daar is geen God nie). Dit is 'n klassieke voorbeeld van hoe belangrik konteks is.

Hierdie artikel is veral belangrik wanneer 'n joernalis oor 'n mediaverklaring berig. Niemand verwag van 'n publikasie om die volledige teks te publiseer nie, veral nie as dit lank is. Wanneer joernaliste tekste opsom, moet hulle egter altyd seker maak dat hulle nie wesenlike inligting weglaat nie. Konteks sal altyd in 'n swak opgesomde mediaverklaring ontbreek. Die nodigheid om sulke tekste te verkort is geen verskoning om wesenlike inligting weg te laat nie.

Dieselfde fout kom ook dikwels voor wanneer joernaliste na 'n verslag verwys, of 'n bron aanhaal.

## WERKLIKE GEVALLE

'n Redakteur kon nie verstaan waarom ek 'n klag aanvaar het nie, aangesien die berig feitelik akkuraat was. Ek moes verduidelik dit is wat X nie geskryf het nie wat problematies was – hy het wesenlike inligting weggelaat wat die storie in 'n verkeerde lig kon gestel het.

Nog sulke voorbeelde:

- X het berig daar was bewerings oor korrupsie teen 'n sekere stadsraadslid (Y); hy het bygevoeg dat Y in die verlede ook by 'n finansiële skandaal betrokke was. Alhoewel laasgenoemde waar was, het X nagelaat om by te voeg dat Y inderdaad vrygespreek is ná 'n ondersoek na daardie skandaal. Hierdie konteks sou die meer onlangse saak in 'n heel ander lig gestel het, maar dit het duidelik nie vir X gepas nie – tot nadeel van die (onskuldige) raadslid. Die verslaggewer het eenvoudig geweier dat die regte konteks in die pad van sy storie staan.
- X het berig oor 'n omstrede persoon wat mediese parool onder beweerde omstrede omstandighede ontvang het. Die verslaggewer, wat baie krities oor dié saak was, het slegs een mediese rede vir parool vermeld – terwyl amptenare twee ander (redelik geloofwaardige) redes vir die persoon se vrylating gegee het. X het nagelaat om hierdie redes te noem, klaarblyklik omdat daardie feite nie by sy storie gepas het nie.
- Akkuraatheid beteken niks sonder die korrekte konteks nie. In een saak het X akkuraat berig 'n regsfirma het aanbeveel dat 'n persoon se optrede in 'n kontrak oor lokomotiewe ondersoek word en dat die kontrak met sy medewerking van R38,6 miljard tot R54,5 miljard gestyg het. Die konteks het egter ontbreek, aangesien die dokument waarop die berig gepubliseer was, nie afdoende bewyse bevat het nie en boonop nie deur Transnet se direksie aanvaar is nie – 'n feit wat X nagelaat het om te rapporteer. Die joernalis het dit laat klink asof die verslag amptelik is, wat dit nie was nie.

***1.3 Die media moet slegs as feit aanbied dit wat redelikerwys waar kan wees; menings, bewerings, gerugte of vermoedens sal duidelik as sodanig aangebied word.***

Joernaliste moenie inligting as 'n feit aanbied wat nie redelikerwys waar kan wees nie. Moet byvoorbeeld nooit 'n bewering publiseer waarvan jy weet dat dit vals is nie. Verslaggewers moet altyd seker maak dat hul bronne en hul inligting geloofwaardig is en hul besluite daarvolgens neem. Bronne het dikwels agendas, so wees altyd versigtig.

Tydens my termyn as Ombud het ek dikwels gesien dat joernaliste 'n mening / bewering / gerug / vermoede as 'n feit voorhou. Wat hulle eintlik doen, is om vraagtekens in uitroeptekens te verander. Subredakteurs is veral geneig om hierdie fout te maak, hetsy in die redigeringsproses of in die skryf van 'n opskrif. Dit kan groot onnodige skade veroorsaak. ('n Bespreking oor opskrifte volg later.)

***Notas***

## WERKLIKE GEVALLE

‘n Gesin het gekla dat ‘n artikel geïmpliseer het dat die oorlede pa ‘n kind sou verkrag het – terwyl hy nooit aangekla of van verkragting beskuldig is nie en ook nooit strafregtelike aanklagte vir onsedelike aanranding in die gesig gestaar het nie. Ten tyde van publikasie was dit niks anders as ‘n bewering nie (al was dit moontlik waar). Die publikasie was geregverdig om die bewering aan te haal, maar dit was nie vry om dit as ‘n feit voor te hou nie – nie voordat ‘n hof dit gedoen het nie. Ongelukkig is dit presies wat gebeur het.

Nog ‘n voorbeeld: X (‘n koerant) het gekla oor ‘n storie in ‘n ander koerant wat beweer het, of minstens geïmpliseer het, dat dit ‘n rassistiese en ‘n politieke agenda teen ‘n provinsiale Premier gevoer het. ‘n Bekende LUR in die provinsiale kabinet is glo betrek en is deur bronne “bevestig” as die “meesterbrein” agter die “smerige lekkasies”. Die probleem was dat die berig die bewering (deur naamlose bronne) van ‘n smeerveldtog teen die Premier as ‘n feit voorgehou het – sonder enige bewyse ter stawing.

### *1.4 Die media moet nuus wettig, eerlik en billik bekom, tensy openbare belang dit anders vereis.*

Verslaggewers moet eties optree – nie net wanneer hulle stories skryf nie, maar ook terwyl hulle nuus versamel. Onthou, alles wat joernaliste doen in die uitvoering van hul pligte het etiese gevolge.

***“Wettig”:***

## WERKLIKE GEVALLE

X het ‘n storie geskryf oor hawelose mense wat tering gehad het. Hy het na die hospitaal gegaan en ‘n foto van so ‘n pasiënt geneem, sonder toestemming van die hospitaal of die pasiënt.

As die joernalis toestemming gevra het en geweier is, en die verslaggewer was oortuig daarvan dat dit in die openbare belang was om die storie te publiseer en daar was geen ander manier om sy inligting in te samel nie, sou die Kode hom toegelaat het om dit te doen.

Dit was egter nie die geval nie.

Joernaliste moet alle maniere aanwend om nuus te bekom en die inligting moet in die openbare belang wees voordat enige sodanige optrede oorweeg kan word.

In ‘n ander geval is ‘n ondersoekende joernalis ingelig dat personeellede by ‘n tehuis vir bejaardes die inwoners in ‘n badkamer mishandel. Die joernalis het versteekte kameras laat installeer wat die privaatheid van bejaardes aangetas het. Die joernalis het die vergrype, wat duidelik in die openbare belang was, opgeneem en gerapporteer. Die vergrype het opgehou en dit is te verstane dat daar geen litigasie was nie. Aangesien daar geen ander manier was om oor die saak verslag te doen nie, was X in hierdie geval geregverdig in sy optrede.

***“Eerlik en billik”:*** Ek suig hier ‘n uiterste voorbeeld uit my duim: ‘n Bekende openbare figuur word op ‘n sypaadjie aangeval. Iemand steek hom met ‘n mes in sy keel, gryp sy beursie en hardloop daarmee weg. Sy vrou, wat die aanranding gesien het, is histeries.

Nou kom X op die toneel. Dit sou hoogs onvanpas wees om jou bandopnemer teen die slagoffer se mond te druk en terwyl hy gorrel en snak na sy laaste asemteug en hom vra: “Hoe voel dit om dood te gaan?” En draai dan na sy vrou en vra: “Wat gaan jou laaste woorde aan hom wees?”

Natuurlik is dit ‘n absurde voorbeeld, maar die punt is dat joernaliste billik moet optree in alles wat hulle doen – ook in die wyse waarop hulle hul nuus versamel. Selfs die manier waarop jy telefonies met mense praat, of die toon van jou e-posse, is belangrik.

***“Tensy...”:*** Die Persraad ontvang baie klagtes oor fluitjieblasers wat geklassifiseerde inligting aan verslaggewers uitgelek het. As inligting in die openbare belang en akkuraat is, en as daar geen ander manier is om dit te bekom nie, maak dit nie regtig saak hoe dit verkry word nie. Ja, die verslaggewer kan in die hof beland as sy of hy die wet oortree het – maar in sulke omstandighede sal die Ombud nie teen so ‘n joernalis bevind nie.

*Onthou:* Moet nooit nuus onwettig, oneerlik en onregverdig insamel as daar geen behoorlike openbare belang by die saak betrokke is nie, en / of as daar ‘n ander manier is om die inligting te bekom nie. En onthou, as jy dit wel doen, kan jy in die hof beland.

### *1.5 [Die media moet] persoonlike inligting slegs vir joernalistieke doeleindes aanwend*

Ek kom hierop terug in my bespreking van Artikel 3.5.

### *1.6 [Die media moet] hulleself as sodanig identifiseer, tensy openbare belang of hul veiligheid dit anders vereis.*

Soms verdoesel joernaliste hul identiteit om nuus te bekom. Daar is niks verkeerd daarmee nie, solank daar 'n openbare belang in die saak is, of hul veiligheid op die spel is, en daar geen ander manier is om die inligting te bekom nie.

Iemand het eenkeer vir my 'n storie begin vertel en ek het dadelik besef dat dit groot nuus kan wees. Ek moes 'n vinnige besluit neem – openbaar ek my identiteit as joernalis, of bly ek stil daaroor? Sommige verslaggewers sou die eerste opsie gekies het; ander die tweede alternatief. In 'n breukdeel van 'n sekonde het ek besluit om my identiteit bekend te maak en hom die keuse gegee om voort te gaan of nie.

Was ek reg? Jy besluit.

As jy nuuskierig is: Hy het voortgegaan met sy storie en die volgende dag was dit voorbladnuus.

### *1.7 [Die media moet] die akkuraatheid van twyfelagtige inligting verifieer, indien moontlik; indien nie, moet dit so gestel word.*

Dit is eerstens belangrik om te onderskei tussen verifikasie ("verification") en bevestiging of stawing ("corroboration" – sien ook Artikel 11, wat oor die gebruik van anonieme bronne gaan). As jy geverifieer het, beteken dit jy het vasgestel dat iets waar is – met ander woorde, dat dit bewys kan word; bevestiging is wanneer 'n bron dieselfde as 'n vorige bron sê. Anders as verifikasie, is daardie inligting nie noodwendig waar nie (hoewel stawing daarop dui dat 'n stelling redelik moontlik waar is, veral as dit van onafhanklike bronne kom).

Anders gesê: Dit is moontlik om 'n leuen te bevestig (as 'n ander bron dieselfde leuen vertel); 'n leuen kan egter nie geverifieer word nie, aangesien dit per definisie nie waar is nie.

Daarom waarsku hierdie klousule dat, as joernaliste twyfel of hul inligting akkuraat is, hulle seker moet maak dat dit geverifieer word (lees: dat dit "waar" is); en as dit nie moontlik is nie, moet dit so gestel word. Die rede hiervoor spreek vanself – jy kan nie van die publiek verwag om iets te glo waarvan jy self nie seker is nie.

Omgekeerd beteken dit dat jy nie jou inligting hoef te verifieer as jy nie rede het om te twyfel of dit akkuraat is nie. Byvoorbeeld, as 'n begrafnis gehou gaan word en jy moet vasstel op watter dag en op watter tydstip dit gaan begin, moet die predikant (of priester, imam of rabbi) se woord goed genoeg wees. In daardie geval is dit nie nodig om die inligting by iemand anders te verifieer nie. Of 'n sportspan het 'n nasionale titel gewen – almal weet dat dit waar is, en jy hoef regtig nie die kaptein of die bestuurder te bel om te verifieer dat die span werklik gewen het nie. In hierdie gevalle kan 'n joernalis tog seker wees van die feite.

As jy egter jou inligting moet verifieer maar dit nie kan doen nie, moet jy dit so rapporteer.

Nog 'n belangrike oorweging is dat verifikasie slegs met *primêre en onafhanklike* bronne gedoen kan word. Bedink die volgende: 'n Ander publikasie is gewoonlik nie 'n primêre bron nie. Dit beteken dat, as jy van argiewe gebruik maak, jy 'n valse stelling kan herhaal wat, as die publiek dit begin glo, dit 'n "feit" word. Koerante voorsien my dikwels van voorheen gepubliseerde stories om te probeer bewys dat hul stories akkuraat is. Dit is leë argumente wat niks bewys nie. Die blote feit dat die inligting voorheen gepubliseer is, maak dit nie waar nie. Onthou wat Hitler se minister van propaganda, Joseph Goebbels, so graag gesê het – as 'n leuen gereeld genoeg herhaal word, sal mense dit begin glo.

Hou dit asseblief in gedagte: Hierdie klousule stel dit nie eksplisiet nie, maar die gees daarvan is dat joernaliste twyfelagtige inligting moet verifieer *wat waarskynlik iemand onnodig kan benadeel*. Hoe groter die waarskynlikheid van skade, hoe meer nodig is verifikasie; en andersom.

## WERKLIKE GEVALLE

X berig dat 'n politikus (Y) 'n huis ter waarde van R16 miljoen besit het. Uiteindelik het Y 'n klag by my kantoor ingedien, waarna die betrokke publikasie my van talle nuusberigte voorsien het wat dieselfde bedrag genoem het. Die argument was dat hierdie inligting in die "openbare domein" was.

Hierdie inligting het egter geblyk vals te wees – ek het die moeite gedoen om die inligting te verifieer deur die betrokke argitek te vra vir 'n waardasie van die eiendom. Dit het geblyk dat die totale waarde van die eiendom ongeveer R8 miljoen beloop het. 'n Leuen kan ook in die openbare domein wees. Goebbels sou sulke beriggewing geniet het.

Intussen het X nie die moeite gedoen om hierdie "inligting" met 'n primêre bron (soos die argitek) te verifieer nie – en so het verkeerde inligting as gevolg van herhaaldelike vals beriggewing "feit" geword.

Net vir die rekord: Dié eiendom is 'n paar maande later vir sowat R8,5 miljoen verkoop.

***1.8 [Die media moet], indien uitvoerbaar, die mening van die persoon oor wie krities berig word vóór publikasie bekom, tensy hulle kan verhinder word om verslag te doen, of getuienis vernietig kan word, of bronne geïntimideer kan word. So 'n persoon moet redelike tyd gegun word om te reageer; indien nie in staat om kommentaar te kry nie, moet dit so gestel word.***

***Kritiese verslaggewing***

"Kritiese verslaggewing" is wanneer jou berig iemand se reputasie skade kan berokken (of sy / hy dit verdien of nie). Indien dit wel kan gebeur, is joernaliste verplig om so iemand om kommentaar te vra.

Dit is een van die mees algemene foute wat joernaliste gereeld maak – selfs senior, ervare verslaggewers. Dit is 'n kommerwekkende feit dat die meeste klagtes wat by die Ombud se kantoor ingedien word, hierdie klagte insluit – en in baie sulke gevalle het die klaer 'n punt.

Dit is verstommend, want dit is sekerlik een van die mees fundamentele grondbeginsels van joernalistiek – luister na die ander kant van 'n saak en rapporteer daardie siening. *Audi alteram partem*. Tog sekerlik!? Dit is totaal onbillik om oor iemand te berig wat deur jou verslaggewing benadeel kan word, sonder om die persoon vir haar / sy mening te vra.

Hoe sal jy voel as dit met jou gebeur?

Maar die saak is nie so eenvoudig nie. Ek gaan eerstens verduidelik in watter gevalle dit nie nodig is om kommentaar te vra nie; tweedens gee ek aandag aan 'n paar slaggate waarvoor joernaliste katvoet moet loop; en laastens maak ek enkele algemene opmerkings.

*Nie in alle gevalle nie*

Dit is belangrik om te verstaan dat joernaliste nie altyd om kommentaar hoef te vra nie. Eerstens, let op die woorde "kritiese verslaggewing". As jou berig nie iemand skade sal berokken nie, is jy onder geen verpligting om kommentaar te vra nie – soos byvoorbeeld, as jy verslag doen oor 'n nuwe aanstelling by die plaaslike skool (alhoewel jy natuurlik om kommentaar kan vra). Jou berig is immers nie "krities" is nie. Of, as 'n sportpersoon as Speler van die Wedstryd aangewys word, kan jy dit rapporteer sonder om daardie persoon om kommentaar te vra. Die rede? Jou berig gaan nie daardie persoon benadeel nie. Natuurlik kan jy om kommentaar vra, maar dit is nie oneties om dit nie te doen nie.

Dit is die beginsel: Hoe minder skade jou berig iemand kan berokken, des te minder hoef jy daardie persoon om kommentaar te vra – en omgekeerd. Die algemene reël is dat jy altyd iemand om kommentaar moet vra as jou storie daardie persoon kan benadeel.

Maar daar is meer. Daar is wel gevalle waar joernaliste nie om kommentaar hoef te vra wanneer hulle "krities" oor 'n persoon berig nie:

- Hofverslaggewing: Jy kan hofverrigtinge nadelig beïnvloed as jy 'n betrokkene om kommentaar nader; jy kan oor daardie persoon se kant van die saak berig wanneer sy / hy 'n kans gekry het om in die hof te getuig;
- Wanneer jy bloot herhaal wat reeds in die openbare domein en alombekend is (waarskynlik vir konteks). In daardie geval moet jy egter ook daardie persoon se kommentaar herhaal. Dit is onbillik om oor 'n klag teen iemand te berig, sonder om daardie persoon se mening daaroor ook te rapporteer; en
- As jy redelike gronde het om te dink dat jy daardeur verhinder sal word om verslag te doen, of as bewyse vernietig kan word, of as bronne geïntimideer kan word.

Dinge raak selfs meer ingewikkeld of genuanseerd in politieke beriggewing. Byvoorbeeld, as 'n bron sê dat die President die land sleg regeer (wat haar / hom moontlik kan benadeel), hoef jy nie die staatshoof om kommentaar te vra nie. Die rede hiervoor is eenvoudig: Jy het bloot die bron se mening gerapporteer en dit nie as 'n feit gestel nie. Dit is egter 'n ander saak as jou bron iets as 'n feit stel, soos byvoorbeeld dat die President seks met jou vrou / man gehad het. In so 'n geval moet die persoon beslis 'n kans gegun word om kommentaar te lewer.

Die redes vir die verskil tussen politieke en "gewone" verslaggewing word in die volgende geval geïllustreer:

## WERKLIKE GEVALLE

‘n Storie se opskrif het gelui, *[Y], [political party – Q]* want to continue legacy of apartheid: independent analyst. In die artikel is gesê dat Y bewys het dat hy op die minste iemand is wat regse denke onderskryf, maar dat hy eintlik ‘n rassis is; X het bygevoeg dat Q gehunker het na die dae van apartheid. Y en Q het gekla dat die berig krities was en dat hulle daarom kans moes kry om kommentaar te lewer.

Dit was wel kritiese beriggewing, veral omdat dit kort voor sommige plaaslike regeringsverkiesings gepubliseer is. Die Openbare Advokaat het egter die klag van die hand gewys en aangevoer dat dit ‘n algemeen aanvaarde joernalistieke praktyk is dat politieke menings uitgespreek kan word sonder om kommentaar te kry – wat dit anders maak as gewone verslaggewing. Tot sy krediet het hy ook opgemerk dat die betwiste stellings menings (en nie feite nie) was en dat dit as sodanig gerapporteer is.

Y en Q het beswaar aangeteken teen hierdie besluit, waarna die klag op ‘n Adjunk-ombud se lessenaar beland het. Laasgenoemde het met die Openbare Advokaat saamgestem. Hy het aangevoer dat, hoewel die Kode vereis dat menings duidelik van feite onderskei moet word, hierdie verpligting nie op elke moontlike vorm van joernalistiek van toepassing kan wees nie. In sportverslaggewing, het hy verduidelik, is joernaliste byvoorbeeld geneig om feite te interpreteer en kommentaar in hul berigte te lewer. Politieke beriggewing leen hom eweneens tot ‘n meer interpretatiewe skryfvorm, het hy bygevoeg. Sy gevolgtrekking was dat, as interpretasie uit politieke beriggewing uitgeskakel word, dit daarop sou neerkom dat joernaliste en publikasies tegnies aanspreeklik gehou word vir die letter van die Kode – maar nie noodwendig vir die gees daarvan nie.

Korrek.

*Slaggate wat vermy moet word*

Bedink die volgende onbillike praktyke – wanneer joernaliste:

- wel iemand se kommentaar vra, maar dan rapporteer oor sake waaroor daardie persoon nie gevra is nie;
- moeilike vrae op kort kennisgewing vra;
- wel navraag doen, maar dan nalaat om seker te maar dat die persoon dit wel ontvang het;
- gebruik maak van net een vorm van kommunikasie (byvoorbeeld ‘n selfoon), terwyl daar ander maniere is om die kommentaar te bekom. Moenie lui wees en kommentaar vra net om aan die minimum-vereiste te voldoen nie. Dit is eenvoudig nie goed genoeg om ‘n telefoonoproep of twee te maak – en dan jou hande in onskuld te was as jy onsuksesvol was nie. Onthou, jy moet jouself verbind tot die hoogste standaarde van joernalistiek (sodat jy geloofwaardigheid en die publiek se vertroue kan behou); en
- die verkeerde persoon om kommentaar vra. Byvoorbeeld, wanneer iets in ‘n skool verkeerd geloop het, moet jy nie die skoolhoof om kommentaar vra nie omdat daardie persoon nie die mandaat het om met die media te praat nie. Kontak die skoolbeheerliggaam, of selfs die Departement van Onderwys. As jy die verkeerde persoon vra, sal jy aan die kortste ent trek as ‘n klag teen jou ingedien word.

*Algemene opmerkings*

Om iemand oor wie krities berig word ‘n kans te gee om kommentaar te lewer is nie net ‘n plig nie – dit is ook ‘n geleentheid om jou inligting te verifieer.

Let ook op die woorde, “indien uitvoerbaar”. Daar kan gevalle wees waar dit nie prakties is om kommentaar te kry nie. Byvoorbeeld, die persoon oor wie jy krities gaan berig hou êrens in ‘n berg vakansie, waar daar geen opvangs is nie. In so ‘n geval, moet jy dit in jou berig vermeld – anders skep dit die indruk dat jy lui is en, nog erger, dat jy nie omgee nie.

Dit kom neer op gesonde verstand. Ongelukkig kom gesonde verstand nie algemeen voor nie (soos een van my voormalige professor in filosofie altyd graag gesê het – “common sense is not so common”).

## WERKLIKE GEVALLE

Sommige voorbeelde:

- X se verskoning was dat ‘n sekere organisasie haar altyd geïgnoreer het, waarop sy besluit het dit is nie meer die moeite werd om dit weer om kommentaar te vra nie. Ek het beslis dat dit haar plig was om weer te probeer – joernaliste moet altyd probeer om kommentaar te vra, al is die omstandighede ook hoe moeilik;
- X het ‘n voormalige provinsiale Premier op groot skaal by korrupsie betrek. Om die een of ander onverklaarbare rede het die publikasie hom nooit om kommentaar gevra nie – al kon die berig hom onnodige skade berokken het;

• ‘n Staatsdepartement het gekla ‘n storie het valslik die indruk geskep dat X ‘n onderhoud met sy woordvoerder gevoer het. Dit blyk toe dat X bloot uit ‘n memorandum aangehaal het, wat valslik die indruk geskep het dat die tydskrif ‘n onderhoud met hierdie persoon gevoer het; en
• X het geskryf dat sommige beeste wat vir die armes bedoel is, na ‘n sekere persoon gegaan met, met die insinuasie dat laasgenoemde verkeerdelik daarby baat gevind het. X het wel die persoon om kommentaar gevra, maar het nooit hierdie spesifieke kwessie genoem nie. Dit help niks om ‘n persoon oor wie krities berig word om kommentaar te vra as jy nie regte vrae stel nie.

***Redelike tyd:*** Joernaliste vra dikwels wat “redelike tyd” is. Sommige stel selfs voor dat twee dae genoegsaam behoort te wees.

Nee! Red tog die media van sulke gedwonge beperkings!

“Redelike tyd” hang af van die aantal, asook van die aard van die vrae. As jy byvoorbeeld vir ‘n burgemeester vra of sy/ hy ‘n wit Mercedes besit, sal redelike tyd (sê) drie sekondes wees. As jy egter kommentaar vra oor ‘n bewering dat ‘n amptenaar korrup is, kan dit meer tyd neem. Soms moet ‘n persoon eers ondersoek instel.

Wanneer ek met so ‘n klagte gekonfronteer word, het ek altyd die aantal sowel as die aard van die vrae opgeweeg – dit sou bepaal hoeveel tyd “redelik” sou wees.

## WERKLIKE GEVALLE

X het vroeg in die week al begin werk aan ‘n belangrike en sensitiewe storie waarby twee van die mees prominente politici in Suid-Afrika as die moontlike opvolger van die destydse President betrokke was. Hy het baie mense vir kommentaar gekontak – maar gewag tot op die laaste oomblik (laat op ‘n Saterdagmiddag, kort voor spertyd) voordat hy die hoof-karakter in die berig om kommentaar gevra het. X kon net so goed homself daardie moeite gespaar het – hy kon nie redelikerwys verwag het dat Y op sulke kort kennisgewing kommentaar sou lewer oor so ‘n sensitiewe saak nie.

***1.9 [Die media moet] vermeld wanneer ‘n artikel op beperkte inligting gebaseer is en dit aanvul wanneer nuwe inligting vorendag kom.***

Hierdie klousule vra vir twee aksies deur die media, wat albei dikwels verwaarloos word. (Een redakteur het byvoorbeeld aangedui dat hy nie eens van hierdie vereiste in die Kode geweet het nie...)

***Vermeld:*** Soms is inligting nie volledig nie – wat op sigself nie die media moet verhinder om verslag te doen nie. Dit is egter bloot onbillik om dit nie te noem nie, aangesien die valse indruk dan geskep word dat die volle verhaal vertel is. Die persoon oor wie berig word, sowel as die publiek, verdien beter as sulke misleidende beriggewing.

Konteks is weer eens net so belangrik soos teks. So, wanneer inligting gebrekkig is en jy weet dit, sê dit dan. Dit verswak nie jou geloofwaardigheid nie; inteendeel, dit versterk dit omdat die publiek dan rede het om te vertrou dat, wanneer jy wel ‘n stelling maak, dit waar en volledig is.

***Aanvul:*** Ek het dikwels situasies teëgekom, veral met betrekking tot aanlyn-media, waar nuwe inligting beskikbaar geword het wat ‘n ander lig op ‘n saak gewerp het – en tog het die publikasie dit nie opgevolg nie. Dit is duidelik onbillik. Teks wat die potensiaal het om skadelik vir iemand te wees moet opgevolg word wanneer nuwe inligting verkry is, veral as dit nuwe lig op ‘n saak werp.

Aanlyn-verslaggewing geskied van oomblik tot oomblik, en dit is verstaanbaar dat stories soms gepubliseer word voordat kommentaar verkry kan word. In sulke gevalle moet die publikasie dit aandui – en die artikel onmiddellik bywerk sodra sodanige kommentaar ontvang is.

***Notas***

***1.10 [Die media moet] vergoed vir die plasing van onakkurate inligting of kommentaar deur dadelik en met gepaste prominensie 'n herroeping, regstelling, verduideliking of verskoning te publiseer op elke platform waar die oorspronklike inhoud gepubliseer is, soos op 'n lid se webtuiste, sosiale media-rekeninge of enige ander aanlyn-platform; en verseker dat elke joernalis of vryskut-verslaggewer in hul diens wat inhoud op hul persoonlike sosiale media-rekeninge deel, ook die herroeping, regstelling, verduideliking of verskoning vir daardie inhoud op hul persoonlike sosiale media-rekeninge aanbring;***

Wanneer ek beslis het dat 'n publikasie 'n regstelling of 'n verskoning moet publiseer, het ek altyd aangedui op watter bladsy dit gedoen moet word (gewoonlik op dieselfde bladsy as waarop die gewraakte artikel geplaas is), hoe prominent dit aangebied moet word en selfs hoe die opskrif bewoord moet word.

Soms kla 'n persoon egter nie by die kantoor van die Ombud nie, maar rig 'n klag direk aan die publikasie self. Indien 'n redakteur besef 'n fout is gemaak, hetsy in die nuusberigte of in hoofartikels, moet die saak "dadelik" en met "gepaste prominensie"  reggestel word. Die probleem is egter dat publikasies dikwels sulke regstellings of verskonings verdoesel deur 'n kort sin of twee onderaan 'n bladsy te plaas, natuurlik in 'n poging om die skade aan hul beeld te minimaliseer. Dit is duidelik teen die gees van selfregulering en van goeie, gesonde, etiese joernalistiek.

Let daarop dat dit nie voldoende is om 'n terugtrekking, ensovoorts, op slegs een platform te publiseer waar die oorspronklike inhoud verskyn het nie – dit moet aangebring word op alle platforms waar dit verskyn het. Joernaliste of vryskutwerkers moet ook die sanksie op hul persoonlike sosiale media-platforms publiseer as die inhoud van die betrokke teks op hul platforms gedeel is.

Wanneer 'n joernalis op 'n persoonlike aanlyn-rekening oor 'n saak skryf waaroor nie elders berig word nie, is dit 'n saak tussen daardie verslaggewer en die redakteur.

***1.11 [Die media moet] prominent aandui wanneer 'n aanlyn-artikel aangepas, of 'n verskoning of herroeping gepubliseer is. Die oorspronklike inhoud kan aanlyn behou word, maar 'n skakel na die aanpassing, herroeping of verskoning moet in elke weergawe van die inhoud ingesluit word wat steeds aanlyn behou is;***

Die rede vir hierdie bepaling is dat die regstelling van foute nie ongesiens moet verbygaan nie – dan word 'n persoon onnodig leed aangedoen, en die publiek word boonop mislei.  Dit druis in teen die letter en die gees van die Kode.

Niks keer 'n publikasie om 'n onakkurate artikel te verwyder nie, maar niks dwing dit ook om dit te doen nie. Dié besluit hang van die redakteur af. As dit behou word, moet 'n skakel na die verskoning ingesluit word waar die inhoud ook al aanlyn beskikbaar is.

Daar is egter een uitsondering, soos in die volgende sub-artikel gesien kan word.

***1.12 [Die media moet] nie verplig wees om enige artikel te verwyder wat nie onregmatiglik lasterlik is nie.***

Wanneer mense oor wie krities verslag gedoen is hul naam google, spook dit dikwels by hulle omdat dit hul loopbane kan benadeel. Hierdie sub-artikel maak dit belangrik om te verstaan wat laster behels en of iets wettig of onwettig is.

Volgens die wet kom alles wat iemand se reputasie verlaag op laster neer. Soos ek vantevore gesê het: Dit is die media se taak om mense wat dit verdien, leed aan te doen. Soms is dit egter wel geregverdig om iemand te belaster – die wet maak daarvoor voorsiening. Algemene regverdigings vir laster wat in hofsake gebruik word, sluit in waarheid wat in die openbare belang is, beskermde kommentaar en redelikheid. In leke-taal is "onwettige laster" die *onnodige* en *ongeregverdigde* verlaging van iemand se openbare beeld. (Sien my bespreking van Art. 3 van die Kode vir 'n meer gedetailleerde bespreking van laster.)

Mense wat bloot skaam is vir 'n artikel  moet hulself, en nie die media nie, daarvoor blameer. 'n Publikasie word nie gedwing om 'n artikel wat bloot 'n verleentheid vir iemand is te behou of te verwyder nie – daardie besluit berus by die redakteur.

Wanneer kritiese joernalistiek geregverdig is, is niemand daarop geregtig om 'n verwydering van die artikel te eis nie.

***Notas***

## WERKLIKE GEVALLE

Die direkteure van ‘n maatskappy het gekla dat die insinuasie dat hulle by staatskaping betrokke was, vals, misleidend en lasterlik was. Die betrokke storie was ongeveer ‘n jaar vantevore gepubliseer (volgens die Klagteprosedure gans te laat om ‘n klag te lê), maar omdat ‘n nuwe berig ‘n skakel na die oue verskaf het, kon Y met reg oor die oorspronklike storie kla.

Y het aangevoer dat, wanneer hulle hul name ge-google het, die bewerings teen hulle bly opduik het. Gegee die situasie in die land ten tyde van die klag, was die bewering of afleiding dat hulle by staatskaping betrokke was ernstig en het dit beslis hul reputasie aansienlik en onnodig verlaag.

Daarom het ek die koerant opdrag gegee om alle verwysings na Y in die artikels te verwyder, wat die gebruik van hul foto’s ingesluit het.

### *1.13 [Die media moet] nie plagiaat pleeg nie.*

Plagiaat is een van die ergste joernalistieke oortredings denkbaar – verslaggewers werk met woorde, en as hulle teks by iemand anders oorneem sonder om daardie feit te erken, steel en verraai hulle dieselfde bedryf wat vir hulle kosbaar behoort te wees.

Dit is wel nie verbode om teks by iemand anders oor te neem nie, maar dan moet dit tot die minimum beperk en duidelik aan die bron toegeskryf word. Die mees algemene foute in hierdie verband is tweeledig: Soms sny en plak joernaliste eenvoudig van die internet af en plaas dan hul name daarby; of verslaggewers publiseer media-verklarings onder hul eie name.

Sulke joernaliste hoort nie in die bedryf nie.

## WERKLIKE GEVALLE

X het ‘n storie van ‘n ander koerant oorgeneem en onder sy eie naam aangebied. Ongelukkig vir hom het hy ook dieselfde spel- en feite-foute daarmee begaan.

***Notas***

**V: B. Voltooi die volgende sinne; of sê “waar” of “vals” / “ja” of “nee”. Die antwoorde is op die agterblad:**

12. Nog ‘n woord vir “waarheidsgetrou” is ... (1)
13. Redakteur aan X: “As jy ‘n aanname maak, maak jy ...” (1)
14. Nog ‘n woord vir “billik” is ... (1)
15. ... is net so belangrik soos teks (1)
16. Dit is nie altyd wat joernaliste skryf wat oneties is nie, maar dikwels is dit wat hulle ... wat problematies is (1)
17. Joernaliste moet nie inligting aanbied as feit wat nie ... waar kan wees nie (1)
18. Nuus moet wettig, eerlik en billik bekom word, tensy ... of ... dit anders vereis (2)
19. Joernaliste sal hulself as sodanig identifiseer, tensy ... of ... dit anders vereis (2)
20. Joernaliste moet ... as hulle rede het om die akkuraatheid daarvan te betwyfel (1)
21. “Verifikasie” beteken ... ; “bevestiging” is wanneer ... (2)
22. Verifikasie kan slegs met ... en ... bronne bereik word (2)
23. Die media sal die mening van die persoon oor wie krities verslag gedoen word ... (1)
24. “Kritiese verslaggewing” is wanneer die publikasie van inligting ... (1)
25. Joernaliste hoef nie hul inligting te verifieer as hulle ... (1)
26. Joernaliste moet twyfelagtige inligting verifieer omdat ... (1)
27. “Redelike tyd” vir ‘n antwoord hang af van die ... en die ... van die vrae (2)
28. Moet ‘n joernalis dit rapporteer as sy / hy nie kommentaar kon kry nie? “Ja” of “Nee” (1)
29. Joernaliste moet nie partye tot ‘n voortslepende hofsaak om kommentaar vra nie omdat ... (1)
30. Waar ‘n berig op grond van beperkte inligting gepubliseer word, sal dit as sodanig vermeld word en ... (1)
31. Die media moet vergoed vir die plasing van onakkurate inligting of kommentaar deur ... en met ... ‘n herroeping, regstelling, verduideliking of verskoning te publiseer (2)
32. ‘n Aanlyn-artikel wat vir feitelike akkuraatheid aangepas is, moet ... (1)
33. Die enigste rede waarom ‘n artikel van ‘n webwerf verwyder moet word, is in die geval van ... (1)
34. “Onwettige laster” is die ... verlaging van iemand se openbare beeld (1)
35. As ‘n verslaggewer teks by iemand anders oorneem, moet die joernalis ... (1)

**[Totaal: 30]**

***Notes***

## 2. Onafhanklikheid en Botsende Belange

**2.1 Die media moet nie toelaat dat kommersiële, politieke, persoonlike of ander nie-professionele oorwegings verslaggewing beïnvloed nie sal belang-botsings sowel as praktyke vermy wat lesers aan die media se onafhanklikheid en professionaliteit kan laat twyfel.**

Die voorwoord tot die Kode maak reeds hiervan melding – wees, en bly, onafhanklik. Daarmee bedoel ons dat joernaliste nooit moet toelaat dat iets hul beriggewing nadelig beïnvloed nie. As dit gebeur, sal verslaggewing bevooroordeeld wees en daarmee alle geloofwaardigheid inboet.

***"Kommersieel":*** Alle joernaliste is onderhewig aan hierdie gevaar, maar finansiële verslaggewers is veral kwesbaar. Joernaliste kan byvoorbeeld swig voor die versoeking om gunstig te skryf oor aandele wat hulle besit om die waarde daarvan te verhoog.

***"Polities":*** Hierdie probleem is selfs meer algemeen. Elke joernalis het die reg om politieke standpunte te huldig en selfs 'n spesifieke politieke party te ondersteun. Hulle moet egter nie toelaat dat hul politieke oortuigings hul beriggewing beïnvloed nie. Dit is sekerlik beter om nie lid van enige party te wees nie.

***"Persoonlik":*** In een geval het 'n joernalis verkeerdelik en onbillik 'n standpunt voorgestaan omdat dit haar belange in 'n spesifieke bouprojek bevorder het.

Al hierdie kwessies kom neer op belangebotsings.

Maar hierdie klousule gaan verder: Joernaliste moet ook in ag neem watter indruk hul optrede kan skep. Daarom voeg die Kode by dat praktyke "wat gehore kan laat twyfel oor die media se onafhanklikheid en professionaliteit" vermy moet word. *Persepsies word maklik realiteite in lesers se oë.* Daarom moet jy steeds die indruk in ag neem wat jou optrede kan skep, selfs al is jou gewete skoon.

Byvoorbeeld: My kantoor was vroeër aangrensend aan dié van Sanef. Onthou, klagtes word teen lede van Sanef gelê. Die Ombud is 'n skeidsregter – onbevooroordeeld, sonder om kant te kies. Nou, as Ombud is ek nooit beïnvloed deur die feit dat Sanef se kantoor net langsaan myne was nie. Ons kon selfs dieselfde kantoor gedeel het wat my betref, aangesien ek daarvan oortuig was dat daardie kontak nie my besluite sou beïnvloed nie.

Dit was egter nie die punt nie. Wat saak gemaak het, is dat sekere lede van die publiek my kantoor se onafhanklikheid op grond van Sanef se nabyheid in twyfel kon getrek het. Ons kantoor het daarom verhuis – nie omdat my beslissings beïnvloed sou word nie, maar om die persepsie te vermy dat ons onafhanklikheid en professionaliteit in die gedrang gebring kon word.

Die Persraad neem hierdie saak so ernstig op dat dit belangebotsings beskou as 'n derde-vlak-oortreding van die Kode. Dit word genoem onder die opskrif *"Ernstige wangedrag", saam* met kinderpornografie.

Dit is so gewigtig.

### WERKLIKE GEVALLE

In 'n ernstige geval was deel van 'n klag dat 'n redakteur botsende belange in 'n saak gehad het en dat dit het gelei het tot wit-op-swart geweld en intimidasie.

Die storie het gegaan oor die beweerde goedkeuring deur die Departement van Water en Sanitasie van 'n ontwikkeling van 'n oord langs 'n dam in Noordwes (wat swart mense in 'n oorwegend wit gebied wou ontwikkel).

X het die (valse) persepsie geskep dat dit soortgelyk sou wees aan 'n ander ontwikkeling in die omgewing – 'n plesieroord wat slegs deur swart mense besoek is; 'n opvolg-storie het berig dat die voornemende ontwikkelaars die grond onwettig beset het, wat die spanning in die land oor grondonteiening sonder vergoeding kon aanwakker.

Die redakteur het aangevoer dat die voorgestelde nuwe ontwikkeling (wat hy feitelik wanvoorgestel het) 'n verwoestende uitwerking op die waarde van eiendomme asook op die ekosisteem sou hê. Die (hoofsaaklik wit) gemeenskap was hieroor in rep en roer, en so ook die redakteur. Dit het selfs gelei tot voorvalle van vandalisme en doodsdreigemente teenoor die entrepreneurs.

Dit was die koerant se reg om 'n saak te bepleit. In die proses het die publikasie egter so betrokke geraak by hierdie aksies dat die koerant *deel van die nuus* geword het. Die redakteur het selfs diegene wat belangstel om hul steun te belowe, genooi om hom te kontak (op sy koerant se e-posadres).

Die redakteur het toegelaat dat nie-professionele oorwegings sy beriggewing beïnvloed – met verwoestende gevolge.

**2.2 [Die media moet] nie enige voordeel ontvang wat verslaggewing kan beïnvloed nie.**

Hierdie sub-artikel is nou gekoppel aan die vorige een. In Suid-Afrika is ons bekend met verskeie gevalle van beweerde politieke inmenging met beriggewing.

## WERKLIKE GEVALLE

In een geval het ‘n voormalige joernalis in ‘n beëdigde verklaring aan die Nasionale Vervolgingsgesag erken dat hy betaal is om gunstige nuusberigte te skryf oor ‘n provinsiale Premier. In ruil daarvoor het hy glo vrywaring versoek teen enige moontlike strafregtelike aanklagte. Dit is joernalistiek op sy slegste.

Let daarop dat hierdie klousule nie sê dat joernaliste nooit iets mag aanvaar nie – dit sê bloot dat verslaggewers nie geskenke mag aanvaar waar dit hul verslaggewing kan beïnvloed nie. As ‘n politieke party byvoorbeeld ‘n konferensie hou en jou van skryfmateriaal voorsien, is dit onwaarskynlik dat dit jou verslaggewing sal beïnvloed. Ter wille van die argument: As die pen wat deur die party verskaf word van soliede goud gemaak is, kan dit ‘n perd van ‘n ander kleur wees.

Soms is ‘n geskenk duidelik bedoel om verslaggewing te beïnvloed. “Kom net saam met ons vir ‘n naweek – geen verpligtinge”. Wat sou die bedoeling wees met so ‘n uitnodiging? Vra jouself altyd hierdie vraag af.

Moet daarom nooit iets aanvaar wat jou beriggewing kan beïnvloed *of wat so ‘n indruk kan skep nie*. Onthou dat persepsies maklik realiteite kan word. Wees versigtig om nie deel te wees van ‘n situasie wat die verkeerde indruk kan skep of tot verkeerde persepsies kan lei nie, al is jy ook oortuig dat jy nie deur ‘n geskenk beïnvloed sal word nie.

Daarom het ek as Ombud nooit ‘n uitnodiging van ‘n publikasie aanvaar nie om ‘n sport-gebeurtenis by te woon, of iewers vir ‘n gratis naweek te gaan, of iets soortgelyks.

***2.3 [Die media moet] duidelik aandui wanneer ‘n buite-organisasie tot die koste van nuusinsameling bygedra het.***

Hierdie klousule verbied nie die media om vergoeding te ontvang om verslag te doen oor ‘n geleentheid nie. Dit maak dit wel duidelik dat die verslaggewer in sulke gevalle dit moet rapporteer. Die rede is voor-die-hand-liggend – as ‘n buite-organisasie bygedra het tot die koste van nuusberigte, kan die persepsie geskep word dat die joernalis doelbewus gunstig oor die borg skryf. Die publiek moet dit weet, sodat lesers self kan besluit of beriggewing beïnvloed is of nie.

Motor-joernaliste reis gereeld na die buiteland en in baie gevalle betaal hul publikasies nie daarvoor nie. Dit is in orde – solank dit duidelik gemaak word dat ‘n buite-organisasie die koste daarvan gedra het.

Daar is ook niks verkeerd as (sê) ‘n buitelandse regering jou na sy land nooi om oor sy verkiesing verslag te doen nie. Dit het een keer met my gebeur toe die Duitse regering my om daardie rede genooi het – maar toe het die publiek die reg gehad om te weet dat my publikasie nie die koste gedek het nie.

So, maak dit altyd duidelik.

## WERKLIKE GEVALLE

Die opskrifte het gelui: *How South Africans defied the booze ban (hoofstorie); Alcohol industry counts lockdown losses; en Sensible drinking is a joint effort”.* X het bo-aan die bladsy aangedui dat daar ‘n redaksionele vennootskap tussen Y en Q (‘n organisasie) was; onderaan die bladsy het daar gestaan dat dié projek deur Q betaal en deur X gerapporteer is.

‘n Adjunk-ombud het bevind dat die betrokkenheid van ‘n buite-organisasie nie duidelik genoeg aangedui is nie. Hy het aangevoer dat:

- die woorde “redaksionele vennootskap” en die aanduiding dat die projek deur Q betaal is, vaag was;
- die nota onderaan die bladsy die minste opvallende posisie op die bladsy was;
- die woorde verkeerdelik daarop kon dui dat die betaalde kopie slegs na ‘n spesifieke artikel verwys het en nie na die bladsy as geheel nie; en
- joernaliste die tekste geskryf het – wat die indruk geskep het dat die stories onafhanklik geproduseer is.

Hy het bygevoeg: “Hierdie oortredings laat twyfel ontstaan oor die onafhanklikheid van die koerant, waarvoor X sy lesers om verskoning moet vra.”

Dit wys net weer hoe versigtig publikasies moet wees om *duidelik* te onderskei tussen onafhanklike redaksionele en kopie waarvoor betaal is.

**2.4 [Die media moet] redaksionele inhoud duidelik van advertensies en geborgde geleenthede onderskei.**

Onder "advertensies" word verstaan "gewone" advertensies, die publikasie van advertensies wat teks insluit en wat deur 'n buite-party betaal is ("advertorials"), asook waar iemand betaal vir teks wat as nuus aangebied word ("native advertising"). Wees op jou hoede – die bedoeling van "native advertising" is juis om die onderskeid tussen advertering en nuus te vervaag. Publikasies moet hierdie onderskeid altyd behoorlik aandui.

Die rede vir hierdie klousule moet verstaan word binne die konteks van dit wat dit voorafgaan (lees: "onafhanklikheid"). As sulke plasings nie duidelik onderskei word van redaksionele materiaal nie, is die publikasie se onafhanklikheid en daarom ook sy geloofwaardigheid op die spel.

Die geval wat hierbo bespreek is, is ook van toepassing op hierdie sub-klousule van die Kode.

### 3. Privaatheid, waardigheid en reputasie

**3.1 Die media moet sorg en omsigtigheid aan die dag lê in sake rakende die private lewe van individue. Die reg tot privaatheid kan ondergeskik aan legitieme openbare belang gestel word.**

Twee kwessies is hier ter sprake:

- Die reg op privaatheid as sodanig; en
- Die verhouding tussen openbare belang en 'n individu se reg op privaatheid.

Oor die algemeen kan gesê word dat inbreuk op privaatheid plaasvind wanneer iemand onredelik indring of inmeng in 'n persoon se private ruimte, of deur ongemagtigde openbaarmaking van private inligting.*

***Privaatheid:*** Die konsep van privaatheid is ingewikkeld en dit is 'n redelik moderne een. Laat ek die saak probeer vereenvoudig: 'n Persoon het die reg op privaatheid in haar of sy huis, sowel as op sake soos gesondheid, seks en finansies. Normaalweg, wanneer mense die privaatheid van hul huis verlaat, laat vaar hulle hul privaatheid omdat hulle 'n openbare ruimte betree. In sekere gevalle kan mense egter 'n wettige verwagting van privaatheid in 'n openbare plek hê, byvoorbeeld soos wanneer hulle in 'n afgeleë hoek in 'n teetuin sit, of in 'n (openbare) toilet.

Boonop beteken privaatheid nie vir almal dieselfde nie – 'n onderskeid moet getref word tussen openbare amptenare, openbare figure of bekendes, en gewone burgers.

*Openbare amptenare* het die minste reg op privaatheid omdat hulle met belastingbetalers se geld betaal word, wat beteken dat hulle aanspreeklik is teenoor die publiek – vandaar die media se plig is om sulke mense aanspreeklik te hou. Hulle het geen grond om te kla as die media hul private aangeleenthede openbaar *wanneer sulke kwessies hul openbare plig beïnvloed nie.* Dit beteken nie dat openbare amptenare glad nie privaatheid het nie. Die lakmoestoets is altyd of 'n sekere saak die vervulling van hul openbare pligte beïnvloed.

Natuurlik is dit 'n grys area. Byvoorbeeld, wanneer die President van die Verenigde State van Amerika 'n buite-egtelike verhouding het, is baie burgers ontsteld; as dit in Frankryk gebeur, vra mense: "Wat daarvan?" Dit kan wel 'n oorbeklemtoning wees, maar dit dien tog om te illustreer dat waardes kan verskil – wat die media nog meer moet maan tot versigtigheid wanneer besluite oor die publisering van private inligting geneem word.

In 'n mindere mate, maar steeds, moet *openbare figure* of *bekendes* ook aanspreeklik gehou word vir hul optrede – nie omdat hulle met openbare geld betaal word nie, maar omdat hulle rolmodelle is, veral vir die jeug. Om dié rede het die media die reg om oor hul private lewens verslag te doen – *maar weer eens net as dit 'n impak op hul rolle in die samelewing het.*

*Privaat-burgers* het die meeste reg op privaatheid. Byvoorbeeld, as 'n individu 'n buite-egtelike verhouding het, moet publikasies dit (normaalweg) ignoreer aangesien dit van min of geen belang vir die publiek is nie.

[ * ***A Practical Guide to Media Law,*** p 53 (Dario Milo en Pamela Stein, 2013). Die boek lys voorbeelde van indringing van privaatheid. Dit sluit onder meer in die onderskepping van kommunikasie; teistering; betreding van 'n private eiendom; afluistering; ondervraging van 'n persoon; en "inbraak" van of ongemagtigde toegang tot 'n rekenaar. ]

*Neethling on Personality Rights** het die volgende te sê oor die skending van privaatheid:

> Privaatheid kan slegs geskend word as ware private feite gekommunikeer is.
>
> Afhangende van die situasie, is voorbeelde van waar die skending van privaatheid geregverdig kan word onder meer:
>
> - noodsaaklikheid (lees: waar wettige belange slegs beskerm kan word deur inbreuk te maak op 'n ander persoon se privaatheid);
> - privaat-verdediging (byvoorbeeld wanneer 'n eggenoot op haar / sy maat spioeneer wat 'n buite-egtelike verhouding kan hê); en
> - optrede in 'n statutêre of amptelike hoedanigheid (byvoorbeeld waar die wet gehandhaaf moet word, misdaad en wanorde voorkom moet word, staatsveiligheid beskerm moet word, openbare gesondheid

beskerm moet word, ens.)

Normaalweg is die verhouding tussen dokter en pasiënt, prokureur en kliënt, bankier en kliënt (ens.) vertroulik. Openbare belang kan egter selfs sulke vertroulike verhoudings troef – byvoorbeeld as die toestand van 'n pasiënt die openbare veiligheid in gevaar kan stel, of as die gade van 'n onderwyser die skoolhoof inlig dat haar / sy eggenoot aan dwelms verslaaf is.

Hierdie faktore regverdig egter nie noodwendig die publikasie van private inligting nie omdat ander faktore ook 'n rol kan speel – soos die aard van die inligting, die vraag of dit verkry is deur indringing of in stryd is met 'n vertroulike verhouding, en die omvang en intensiteit van die skending van privaatheid. Hoe erger die oortreding, des te moeiliker is dit om dit te regverdig.

Oor die algemeen geld hierdie gronde vir regverdiging ook in die geval van laster.

Wanneer die media private inligting bekend maak, moet hulle die algemene sin vir geregtigheid van die gemeenskap (lees: die belange van die publiek – nie net belangstelling of nuuskierigheid nie) behoorlik opweeg teen 'n individu se reg op privaatheid. Faktore wat ter sprake is, sluit onder meer in die:

- posisie van die persoon in die samelewing;
- nuuswaardigheid van 'n gebeurtenis;
- omvang of intensiteit van die saak;
- mate waarin iemand haar of sy privaatheid blootgestel het aan sodanige risiko;
- media se motief vir publisering;
- moontlikheid dat private inligting onregmatig of ondanks 'n vertroulike verhouding verkry is;
- tydsverloop tussen die nuuswaardige gebeurtenis en die publikasie daarvan;
- graad van identifiseerbaarheid van die persoon; en
- vraag of inligting gepubliseer is in stryd met 'n hofbevel of statutêre bepaling en of dit op kontrakbreuk neerkom.

Dit spreek vanself dat toestemming tot die openbaarmaking van private inligting nie as 'n skending van privaatheid beskou kan word nie. Sulke toestemming kan ook stilswyend gegee word – byvoorbeeld wanneer iemand hom- / haarself in die kollig plaas, wetende dat die media daaroor verslag sal doen.

[* Die skrywers is J Neethling, JM Potgieter en A Roos, LexisNexis, 2019. ]

Alhoewel regskwessies redelik ingewikkeld kan wees in gevalle van die skending van privaatheid, is my eie interpretasie daarvan heel eenvoudig – dit lyk vir my dat dit alles daarop neerkom of die openbare belang inbreuk op privaatheid regverdig. Die beginsel is duidelik; die toepassing daarvan vereis 'n gesonde dosis gesonde verstand.

***Privaatheid teenoor openbare belang:*** Wees versigtig – openbare belang troef nie altyd persoonlike belang nie. As jy iemand se privaatheid wil skend, vra altyd of dit regtig in die openbare belang is om dit te doen. Die vraag is: Wat weeg die swaarste – die vryheid van uitdrukking in die openbare belang, of mense se reg om nie hul privaatheid onregverdig en onredelik te skend nie? Dit is nie maklik nie!

Hou dit in gedagte: Hoe meer daar 'n openbare *behoefte is om te weet* (in hierdie geval beslis nie net *lekker om te weet* nie), hoe meer swaai die skaal ten gunste van die publiek en teen 'n individu – en omgekeerd.

Sosiale media het interessante nuwe etiese uitdagings aan die media gestel, spesifiek wat betref die hantering van persoonlike inligting. Hier is so 'n voorbeeld:

## WERKLIKE SAAK

X het 'n foto gepubliseer van 'n ernstig beseerde tweejarige wat per ongeluk deur sy pa omgery is. Hy het die foto van Facebook gekry en het aangevoer dit was geregverdig om dit te publiseer omdat dit reeds in die openbare domein was. Reg?

Nie noodwendig nie!

Die blote feit dat 'n foto op sosiale media verskyn, beteken nie noodwendig dat die media dit mag gebruik nie. Die vraag is: Wat as daardie foto sonder 'n ouer se toestemming op Facebook geplaas is – of nog erger, teen 'n ouer se wil?

Dit sal 'n ander saak wees as 'n ouer die foto op Facebook geplaas het. Die implikasie sou dan wees dat daardie ouer *wou hê* die foto moet in die openbare domein wees. In so 'n geval kan die media die foto gebruik sonder om die ouer te kontak – toestemming is reeds gegee, al is dit op 'n indirekte manier.

Maar daar is ‘n paar kinkels in hierdie kabel.

Die eerste een is dit: Daar is ‘n verskil tussen “oop” en “private” sosiale media. As dit “oop” is, is die inligting sekerlik in die openbare domein. Maar wanneer dit “privaat” is, moet persoonlike inligting privaat bly. As ‘n persoon op ‘n private groep op sosiale media inligting van die groep met ‘n joernalis deel, kan die argument van openbare domein duidelik nie van toepassing wees nie.

Die tweede kinkel: Hoe *weet* ‘n joernalis dat ‘n ouer ‘n foto op oop sosiale media geplaas het, of ten minste iemand anders toestemming gegee het om dit te doen? Of nog erger: Hoe *weet* ‘n verslaggewer dat die foto nie teen ‘n ouer se wil gepubliseer is nie? As daar enige redelike grond is om dit te betwyfel, is die veiliger om dit nie te gebruik nie, of dalk dele van ‘n foto verdof wat private inligting bevat. Wees versigtig!

## WERKLIKE GEVALLE

Die opskrifte het gelui: *How South Africans defied the booze ban (hoofstorie); Alcohol industry counts lockdown losses; en Sensible drinking is a joint effort”.* X het bo-aan die bladsy aangedui dat daar ‘n redaksionele vennootskap tussen Y en Q (‘n organisasie) was; onderaan die bladsy het daar gestaan dat dié projek deur Q betaal en deur X gerapporteer is.

‘n Adjunk-ombud het bevind dat die betrokkenheid van ‘n buite-organisasie nie duidelik genoeg aangedui is nie. Hy het aangevoer dat:

- die woorde “redaksionele vennootskap” en die aanduiding dat die projek deur Q betaal is, vaag was;
- die nota onderaan die bladsy die minste opvallende posisie op die bladsy was;
- die woorde verkeerdelik daarop kon dui dat die betaalde kopie slegs na ‘n spesifieke artikel verwys het en nie na die bladsy as geheel nie; en
- joernaliste die tekste geskryf het – wat die indruk geskep het dat die stories onafhanklik geproduseer is.

Hy het bygevoeg: “Hierdie oortredings laat twyfel ontstaan oor die onafhanklikheid van die koerant, waarvoor X sy lesers om verskoning moet vra.”

Dit wys net weer hoe versigtig publikasies moet wees om *duidelik* te onderskei tussen onafhanklike redaksionele en kopie waarvoor betaal is.

Om te wys hoe moeilik ‘n besluit kan wees om te publiseer of nie te publiseer nie (lees: wat weeg die meeste – openbare of persoonlike / private belange?), gebruik hier ek ‘n fiktiewe voorbeeld, gebaseer op ‘n werklike situasie.

## FIKTIEWE SAAK

Kort nadat ‘n voormalige President tronk toe gestuur is vir minagting van die hof, is hy op mediese parool vrygelaat. Die staat het daarop aangedring dat dokters in diens van die staat hom moet ondersoek om die geldigheid van sy doktersverslag vas te stel. Die man het geweier om dit toe te laat. (Tot dusver is dit geskiedenis.)

Nou, vir die fiktiewe deel: Kom ons sê iemand lek die doktersverslag aan die media uit – sal die openbare belang in daardie geval swaarder weeg as die private inligting wat in die mediese verslag vervat is?

Een argument is dat hierdie saak so uitsonderlik en oorweldigend in die openbare belang is, dat die media hierdie private inligting mag gebruik; ander kan egter argumenteer dat inligting oor sy mediese toestand privaat gehou moet word.

Weeg die persoon se reg op privaatheid op met sy status as voormalige President? Dis jou besluit. Joernalistiek, en inderdaad media-etiek, is inderdaad nie vir sissies nie.

Ek het met waardering ‘n hoofartikel in ‘n Afrikaanse dagblad gelees waarin ‘n goue middeweg gevind is. Die redakteur het geskryf dat Suid-Afrikaners verdien om te weet watter prosedure gevolg is met die besluit om die voormalige President op mediese parool vry te laat. Hy het bygevoeg dat, hoewel sy privaatheid gerespekteer moet word, die proses self deursigtig moet wees – indien nie, sal spekulasie en agterdog hoogty vier.

Dit was verantwoordelike joernalistiek op sy heel beste.

***3.2 [Die media moet] spesiale waarde heg aan Suid-Afrikaanse kulturele sedes rakende die beskerming van privaatheid en die waardigheid van diegene wat in rou is en hul respek vir oorledenes, asook rakende kinders, bejaardes en fisiese en geestelike gestremdes.***

*Privaatheid:* Dit gaan hier eerstens oor die privaatheid van mense wat in rou is. As ‘n familie byvoorbeeld die media vra om nie foto’s by ‘n begrafnis te neem nie, moet daardie wens gerespekteer word – al vind die seremonie ook in ‘n openbare plek plaas. Openbare belangstelling in so ‘n gebeurtenis moet hoog wees vir die media om so ‘n versoek te verontagsaam. Ek weet van sommige gevalle waar die media bloot die familie se wense geïgnoreer het, sonder voldoende openbare belang in die saak. Plaas jouself in die skoene van die bedroefdes; jy sal ook sulke gedrag aanstootlik vind.

*Waardigheid, kulturele gebruike:* "Waardigheid" kan beskryf word as mense se reg om gewaardeer en gerespekteer te word – en om daarvolgens behandel te word. In 'n sekere sin kom "waardigheid" neer op dit wat jy van jouself dink. Die media word hier gevra om bedroefde mense te respekteer, asook hul respek vir diegene wat gesterf het.

Dit is ingewikkelder as wat dit op die oog af mag lyk, aangesien kulturele gebruike rakende die afgestorwenes nie by almal dieselfde is nie. Die media moet bewus wees daarvan dat verskillende kulture verskillende rituele het en verskillende waardes aan dooies kan heg. Respek en sensitiwiteit is hier nodig. Ek het gesien hoe 'n joernalis, geklee soos Japie Gat, foto's neem in 'n kerk waar almal in styl geklee was. As joernaliste disrespek vir bedroefdes toon, moet hulle nie verbaas wees as hulle met disrespek behandel word nie.

Dieselfde geld vir kinders, bejaardes en gestremdes. Hulle verdien jou respek, so maak seker dat jy hulle nie behandel asof hulle minderwaardig is nie. 'n Sekere joernalis het 'n "grappie" gemaak oor 'n konferensie wat deur hakkelaars gehou is en gesê dit sal hulle die hele naweek neem om 'n punt of twee te maak. Sulke opmerkings is nie snaaks nie en moet vermy word.

Hoewel die Perskode nie selfdood noem nie, word joernaliste aangemoedig om kennis te neem van die Wêreldgesondheidsorganisasie se dokument, *Preventing suicide: a resource for media professionals, 2017 update*.* Dit word sterk aanbeveel.

* *Besoek https://apps.who.int/iris/handle/10665/258814. Dit is ook beskikbaar by www.presscouncil.org.za.*

## WERKLIKE SAAK

Die familie van 'n oorledene het gekla die stelling dat laasgenoemde in 'n smokkel-plek ("smugglers' den") gesterf het, het valslik die indruk geskep dat hy by onderduimse aktiwiteite betrokke was. Die artikel het berig oor bende-verwante geweld op die Kaapse Vlakte. Ek het bevind dat die koerant nie genoegsaam respek getoon het vir die waardigheid van mense wat in rou was nie.

***3.3 [Die media moet] sorg en omsigtigheid aan die dag lê in sake rakende waardigheid en reputasie, wat slegs ondergeskik gestel kan word indien dit in die openbare belang is en:***
***3.3.1. die feite wat gerapporteer is waar, of redelikerwys waar is; of***
***3.3.2. die verslaggewing neerkom op beskermde kommentaar, gebaseer op feite waarna behoorlik verwys is en wat waar of redelikerwys waar is; of***
***3.3.3. die verslaggewing neerkom op 'n billike en akkurate verslag oor verrigtinge in 'n hof, die Parlement of enige kwasi-geregtelike tribunaal of forum; of***
***3.3.4. dit redelik was om die inligting te kommunikeer omdat dit voorberei is in ooreenstemming met aanvaarbare beginsels van joernalistieke gedrag; of***
***3.3.5. die artikel was, of het deel gevorm van, 'n akkurate en onpartydige verslag oor 'n geskil waarin die klaer 'n party was.***

"Waardigheid" en "reputasie" is nie sinonieme nie, hoewel hulle in dieselfde hok hoort.

"Waardigheid" is die reg om met respek behandel te word, gebaseer op die respek wat jy vir jouself het. Kortom: Waardigheid is dit wat jy van jouself dink. "Reputasie", aan die ander kant, is die respek wat ander mense vir jou het of, om dit eenvoudiger te stel, wat ander mense van jou dink.

Die beskerming van albei hierdie konsepte is van kardinale belang in enige gesonde demokrasie waar menseregte ernstig opgeneem word. Die Perskode gee erkenning daaraan.

Soos met enige ander reg, is hierdie regte egter ook nie absoluut nie. Maar eers, enkele gedagtes oor laster (waaroor die Persraad baie klagtes ontvang). Die verband tussen laster, waardigheid en reputasie word hopelik hieronder duidelik.

Behalwe vir Artikel 1.12, gebruik die Kode glad nie die woord "laster" nie. Die rede hiervoor is voor-die-hand-liggend – "laster" is 'n regsterm, terwyl die Kode oor etiek handel. Daarom het ek, wanneer ek 'n klag oor laster ontvang het, dit altyd verander na "die moontlike onnodige verlaging van iemand se waardigheid en reputasie". Geldige klagtes in dié verband is ongelukkig redelik algemeen.

Dit is belangrik om te verstaan wat laster is, aangesien die media maklik in daardie slaggat kan trap en daarom onwelkome hofsake in die gesig kan staar. Laster kan kortliks beskryf word as die onregmatige en opsetlike publikasie van 'n stelling wat die reputasie van 'n persoon in die oë van die publiek sal skaad.

Die verweer teen laster in die Suid-Afrikaanse reg rus op drie pilare: Die stelling moet waar wees; dit moet in die openbare belang wees; en dit moet voldoen aan aanvaarbare beginsels van joernalistieke praktyke. Dit sluit in die vrae of die storie gebalanseerd en billik was, hoe betroubaar die bronne was, asook of die joernalis redelike stappe geneem het

om die inligting te verifieer.

Dit impliseer dat die verlaging van 'n persoon se waardigheid en reputasie *op sigself* nie verbode is nie. Byvoorbeeld, as dit waar is dat 'n burgemeester geld gesteel het, kan jy daardie persoon se openbare beeld (reputasie) verlaag sonder vrees om haar of hom onregmatig te belaster (omdat dit in die openbare belang sou wees).

Maar pasop! As jy die verdediging van "waarheid in openbare belang" wil gebruik wanneer jy iemand se openbare beeld gaan verlaag, moet jy kan *bewys* dat jou bewerings waar is. As dit nie moontlik of uitvoerbaar is nie, is daar steeds die verweer van redelikheid.

Die bekende uitspraak van Regter Hefer in die saak tussen Nasionale Media Bpk. en Ander vs. Bogoshi (29 September 1998) is van besondere belang en moet in sy geheel bestudeer word. Hy het onder meer gesê: "Die publisering ... van valse lasterlike, maar feitelike, bewerings sal nie as onwettig beskou word nie *indien* daar by oorweging van al die omstandighede van die *saak bevind word dat dit redelik was om die bepaalde feite op die bepaalde wyse en op die bepaalde tydstip te publiseer.* Met die oorweging van die redelikheid [daarvan] moet van die aard, omvang en toon van die bewerings uiteraard in ag geneem word. Ons weet byvoorbeeld dat meer ruimte gewoonlik toegelaat word by politieke verslaggewing ... en dat die toon waarin 'n koerantberig geskryf word, of die manier waarop dit aangebied word, soms ... onnodig skerp is. Wat ook in ag geneem sal word, is die aard van die inligting waarop die bewerings gebaseer is en die betroubaarheid van die bron daarvan, asook die stappe wat gedoen is om die inligting te verifieer. Uiteindelik kan daar geen regverdiging vir die publisering van onwaarhede wees nie, en lede van die pers moet nie die indruk kry dat hulle 'n lisensie het om standaarde ... te verlaag wat nagekom moet word voordat lasterlike aangeleenthede in 'n koerant gepubliseer word nie... 'n Hoë mate van omsigtigheid moet van redakteurs en hul redaksie verwag word weens die aard van hul beroep; veral, sou ek byvoeg, in die lig van die kragtige posisie van die pers en die geloofwaardigheid wat dit onder groot dele van die gemeenskap geniet." (Klem bygevoeg.)

Ek het hierdie argument van redelikheid talle kere gebruik, en die media behoort dit ook aan te wend – solank dit nie misbruik word as 'n vrypas vir die uitvoer van onetiese joernalistiek nie.

Dit is die moeite werd om die uitslag van 'n webinaar te lees wat deur die Persraad geïnisieer is oor verslagdoening oor mediese nalatigheid*.

[ * Hierdie dokument kan gevind word by https://bhekisisa.org/article/2020-12-11-no-routine-operation-5-tips-for-reporting-on-medical-negligence-without-getting-into-legal-trouble-yourself/. Dit is ook beskikbaar by www.presscouncil.org.za. ]

## WERKLIKE SAAK

In een geval is twee manlike plaaswerkers daarvan beskuldig dat hulle 'n bekende regse leier (ook manlik) vermoor het. X het berig dat die werkers seks met hom gehad het voordat hulle hom vermoor het. Selfs al was dit waar, kon sulke berigte nie die vermoorde man belaster het nie, aangesien hy dood was; dit kon egter die plaaswerkers onregmatig belaster het (as die gerugte vals was).

***3.4 [Die media moet] nie oorlewendes van verkragting of van seksuele geweld* , wat seksuele intimidasie en teistering insluit, identifiseer, of mense se MIV-/vigsstatus bekendmaak sonder hul toestemming nie en in die geval van kinders, van hul wettige voog of 'n soortgelyke verantwoordelike volwassene sowel as van die kind (met inagneming van die fase van ontwikkeling waarin die kind hom of haar bevind) en 'n openbare belang duidelik is, en dit in die beste belang van die kind is.***

*Oorlewendes:* Die besluit om so 'n persoon te identifiseer dié van die slagoffer is, nie van die joernalis nie. 'n Verslaggewer het nie die reg om vir volwassenes te besluit wat goed is vir hulle nie.

*Kinders*: Die saak is ingewikkelder wanneer dit by kinders kom. Let daarop dat die woord "en" (nie "of" nie) konsekwent gebruik word - jy benodig toestemming van 'n wettige voog en van die kind; en dit moet in die openbare belang en in die beste belang van die kind wees. Die laaste oorweging is veral 'n gewigtige een en plaas 'n groot verantwoordelikheid op jou skouers – soos die volgende paragraaf sal verduidelik.

*Wettige voog, verantwoordelike volwassene:* Wat as 'n wettige voog of 'n soortgelyke verantwoordelike volwassene nie die beste belange van 'n kind voorop stel nie? Hulle kan bybedoelings hê, of (ter wille van die argument) kan in daardie stadium selfs dronk of bedwelm wees. En wat as een ouer "ja", en die ander een "nee" sê? Alles van die beste met jou besluit wanneer jy met so 'n situasie te kampe kry! Onthou tog: ***Soek raad wanneer jy twyfel; as jy daarna steeds twyfel, is dit beter om liewer nie te publiseer nie.***

[* Die Wêreldgesondheidsorganisasie definieer seksuele geweld onder meer soos volg: "Seksuele geweld sluit optrede in wat wissel van verbale teistering tot gedwonge penetrasie en verskeie vorms van dwang wat wissel van sosiale druk en intimidasie tot fisieke geweld…" ]

***Die kind:*** 'n Kind mag nie sonder sy toestemming geïdentifiseer word nie. Joernaliste moet natuurlik hier hul diskresie gebruik – die Kode voeg immers by dat die ontwikkelende kapasiteit van die kind in ag geneem moet word. As 'n baba verkrag word, kan die kind tog nie toestemming gee nie; wanneer die kind egter op die punt staan om 'n volwassene te word, is dit 'n ander saak. Dit is die joernalis se besluit of 'n spesifieke kind oud genoeg is om die gevolge van toestemming te verstaan. ***Soek raad wanneer jy twyfel; as jy daarna steeds twyfel, is dit beter om liewer nie te publiseer nie.***

***Openbare belang:*** Die aanhef tot die Kode lui: "Die media se werk word ten alle tye deur die openbare belang gerig waaronder verstaan word inligting van legitieme belang of waarde vir burgers." Joernaliste moet tevrede wees dat die onthulling van so 'n kind se identiteit inderdaad "van legitieme belang of waarde vir burgers" is. Dié besluit berus by die verslaggewer. Ek sê nie dit sal nooit gebeur nie, maar selfs in my wildste verbeelding is dit moeilik om my in 'n situasie in te dink waar dit in die openbare belang sal wees om 'n kind te identifiseer wat seksuele teistering oorleef het. ***Soek raad wanneer jy twyfel; as jy daarna steeds twyfel, is dit beter om liewer nie te publiseer nie.***

***Die beste belange van die kind:*** Dieselfde geld vir hierdie bepaling. Die verantwoordelikheid op die joernalis se skouers is enorm. Soek raad wanneer jy twyfel; as jy daarna steeds twyfel, is dit beter om liewer nie te publiseer nie.

MIV/vigs word uitgesonder bo siektes soos (byvoorbeeld) kanker, malaria en tering – anders as die meeste ander siektes, kleef daar immers 'n stigma aan. Dieselfde argumente rakende kinders, soos hierbo bespreek, is ook hier van toepassing.

***3.5 [Die media moet] slegs voldoende persoonlike inligting onthul om die persoon te identifiseer oor wie verslag gedoen word, aangesien sommige inligting, soos adresse, ander in staat kan stel om hul privaatheid te skend en hul veiligheid in die gedrang te dring. Persoonlike inligting sal slegs onthul word as dit in die openbare belang is.***

Die vereiste dat "slegs" voldoende persoonlike inligting bekend gemaak mag word, vereis ernstige oorweging voordat 'n redaksionele besluit geneem kan word. Vra jouself hierdie vraag: Is dit regtig in die openbare belang om hierdie spesifieke persoonlike inligting te publiseer?

Plaas jouself in die skoene van die persoon oor wie jy persoonlike inligting wil openbaar. Hoe sal jy voel as jy byvoorbeeld (reg of verkeerd) daarvan beskuldig word dat jy 'n kind verkrag het, en die joernalis rapporteer jou naam, jou huisadres of jou e-posadres? Kom ons sê jy is onskuldig – dink net aan al die haatpos en selfs doodsdreigemente wat jy kan ontvang.

Die bekendmaking van persoonlike inligting kan inderdaad iemand se lewe in gevaar stel. Dit is byvoorbeeld hoogs onverantwoordelik om die adres van 'n persoon te publiseer wat deur 'n boendoehof vermoor kan word. Soos altyd, moet openbare belang die media lei – die vraag moet altyd wees of dit nodig is vir die publiek om daardie spesifieke persoonlike inligting te weet.

Probeer altyd om nie onnodige skade te veroorsaak nie.

## WERKLIKE SAAK

X het berig oor 'n vrou (Y) wat na bewering seksueel uitgebuit was en het die tipe motor, sowel as die kleur daarvan, genoem wat sy besit het. Sy het gekla dat hierdie inligting haar geïdentifiseer en in werklikheid haar lewe in gevaar gestel het.

As sy 'n wit Mercedes in 'n klein dorpie gery het, sou sy 'n punt gehad het, want dit was onwaarskynlik dat daar talle sulke motors was. Y het egter in Johannesburg gewoon, waar daar baie sulke motors kon gewees het. Die waarskynlikheid dat sy deur daardie inligting geïdentifiseer kon word, was skraal.

***Notas***

**V: C.** **Voltooi die volgende sinne. Teen hierdie tyd behoort jy te weet waar om die antwoorde te vind.**

36. Joernalistieke onafhanklikheid beteken ... (1)
37. Belangebotsings moet vermy word omdat ... (1)
38. Die media sal nie omkoopgeld, geskenke of ... aanvaar wanneer dit ... (2)
39. Die media sal duidelik aandui wanneer 'n buite-organisasie bygedra het tot die koste van nuusberigte omdat ... (1)
40. "Native advertising" is waar ... (1)
41. Wat privaatheid betref, moet onderskei word tussen ... en... en... (3)
42. Openbare amptenare het die minste reg op privaatheid omdat ... (1)
43. Bekendes het minder reg op privaatheid as burgers omdat ... (1)
44. "Reputasie" kan gedefinieer word as ... (1)
45. "Waardigheid" kan gedefinieer word as ... (1)
46. Jy kan nie iemand onregmatig belaster met ... en wanneer dit ... is nie (2)
47. Die herhaling van laster is ook ... (1)
48. Jy is altyd veilig as jy die woord "na bewering" (1) gebruik het – "waar" of "onwaar"
49. Om 'n verkragtingsoorlewende te identifiseer, moet jy ... (1)
50. Om 'n kind te identifiseer wat 'n verkragtingsoorlewende is, moet jy ... en... en... en... (4)
51. Die status van 'n persoon wat met MIV/vigs leef, moet normaalweg nie bekend gemaak word nie omdat dit ... (1)

**[Totaal: 23]**

***Notas***

### *4. Die Beskerming van Data*

***4.1 Lede van die media moet redelike stappe neem om te verseker dat data in hulle besit wat persoonlike inligting bevat teen misbruik, skade en ongemagtigde toegang beskerm word.***

Die insameling en besit van persoonlike inligting word nie as sodanig verbied nie, en ook nie die gebruik daarvan nie (indien dit natuurlik in die openbare belang is); die media moet egter toesien dat sulke inligting nie misbruik word, verlore gaan, of in die verkeerde hande beland nie. Wees dus versigtig om nie notaboeke wat sensitiewe inligting bevat weg te gooi of e-posse met sulke inligting aan die verkeerde mense aan te stuur nie. ‘n Bietjie gesonde verstand sal weer eens hier handig te pas kom.

Redakteurs het ‘n spesiale verantwoordelikheid in hierdie verband. Dit sal wys wees om hul personeel voortdurend hiervan bewus te maak en hulle te waarsku om nie sulke inligting te misbruik of te verloor nie. Ek beveel sterk aan dat so ‘n klousule in elke publikasie se eie etiese kode opgeneem word.

***4.2 [Lede van die media moet] onakkuraathede in gepubliseerde persoonlike inligting regstel wanneer ‘n persoon so ‘n korreksie versoek.***

Die persoon wat die beste weet wat sy of haar persoonlike inligting is, is die persoon self. Daarom, as iemand ‘n regstelling versoek, moet die media dit altyd ernstig opneem en die inligting onmiddellik verifieer en regstel, indien nodig. Let daarop dat onakkurate en verouderde persoonlike inligting ‘n persoon onherstelbare skade kan berokken. Daarom is dit belangrik om die akkuraatheid van sulke inligting te verseker, asook om dit op datum te hou.

***4.3 [Lede van die media moet] die betrokke persoon of persone inlig en redelike stappe neem om enige skadelike gevolge te beperk wanneer daar redelikerwys vermoed word dat ’n ongemagtigde persoon toegang kon verkry het tot persoonlike inligting wat deur die media gehou word.***

Hierdie klousule plaas weer die verantwoordelikheid op die skouers van redakteurs. Sien die opmerking onder die bespreking van Art. 4.1.

***4.4 [Lede van die media moet] persoonlike data slegs vir joernalistieke doeleindes gebruik en onthul.***

Mense is geregtig op hul privaatheid, en die gebruik van persoonlike inligting vir ander doeleindes as vir joernalistieke doeleindes sal teen daardie reg indruis. Dink hieraan in terme van vertroulikheid tussen ‘n dokter en ‘n pasiënt, of ‘n prokureur en ‘n kliënt. Private inligting moet privaat bly en moet nie gebruik word as daar nie ‘n dringende openbare belang in die saak is nie. Hierdie klousule vereis groot verantwoordelikheid van die media. Dit kan byvoorbeeld aanloklik wees om vriende of familie met binne-inligting te “beïndruk”, of om data vir persoonlike gewin te gebruik. Moenie!

Let daarop dat die frase “joernalistieke doeleindes” verder gaan as bloot beriggewing – dit sluit byvoorbeeld onder andere spotprente, foto’s en hoofartikels in.

*Algemene opmerking:* As die media hierdie Kode nakom, word hulle uitgesluit van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (Popia). Daarom is dit nie net in die openbare belang dat jy by die Kode hou nie – dit is ook in jou eie persoonlike en professionele belang.

### *5. Diskriminasie en Haatspraak*

***5.1. Die media moet diskriminerende of verkleinerende verwysings na mense se ras, geslagtelikheid, swangerskap, huwelikstatus, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele oriëntasie, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, geloof, kultuur, taal en geboorte, of enige ander status vermy en nie daarna op ‘n bevooroordeelde of neerhalende manier verwys nie – en moet slegs na bogenoemde verwys wanneer dit streng relevant is tot die saak waaroor berig word en in die openbare belang is.***

Joernaliste moet verwysings na ‘n persoon se ras, geslag, ensovoorts, vermy – tensy dit “streng relevant” en in die openbare belang is om dit te doen.
Byvoorbeeld, as:

- ‘n gay persoon deur ‘n motor omgery is, moet daardie persoon se seksuele oriëntasie nie vermeld word nie; as dit egter ‘n homofobiese voorval was, sal dié inligting wel relevant wees; en
- daar beweer word dat ‘n man in sy veertigs gevlug het nadat hy ‘n winkel besteel het en dat die polisie op sy spoor is, is dit om ooglopende redes in die openbare belang om sy naam, ras, geslag en ouderdom te noem.

## WERKLIKE SAAK

‘n Rubriekskrywer het gevra vir ‘n hersiening van die land se Grondwet om die regte te skrap wat gays en lesbiërs in die nuwe Suid-Afrika bekom het. My voorganger het bevind dat, hoewel X nie homoseksualiteit gelyk aan bestialiteit gestel het nie, hy in werklikheid geïmpliseer het dat homoseksuele mense van ‘n laer stand as heteroseksuele mense is. Dit was inderdaad diskriminerend.

***5.2 [Die media moet] hul reg en plig om verslag te doen en kommentaar te lewer op alle sake van legitieme openbare belang balanseer met die verpligting om nie materiaal te publiseer nie wat neerkom op propaganda vir oorlog, die aanstigting van dreigende geweld, of haatspraak – dit is, die verkondiging van haat wat op ras, etnisiteit, geslagtelikheid of godsdiens gebaseer is en wat aanhitsing om leed te veroorsaak, uitmaak.***

Hierdie sub-artikel definieer haatspraak – dit kom neer op die aanhitsing van fisieke skade, gebaseer op vooroordele betreffende ras, ens. Dit gaan nie hier oor kwetsende opmerkings nie, soos om iemand te beledig of name te noeme. Die Gelykheidshof het wel die definisie van haatspraak uitgebrei om kwetsende opmerkings in te sluit, maar dit is beter om by die enger definisie van haatspraak in die Grondwet te hou.

Let daarop dat die Kode nie net sê dat die media die “reg” het om verslag te doen oor en kommentaar te lewer op alle sake van wettige openbare belang nie – dit is inderdaad ook hul “plig”.

Die res van hierdie klousule is reeds in die bespreking van die Voorwoord gehanteer. Selfs die reg op vryheid van spraak is nie absoluut nie, aangesien die plig om verslag te doen en kommentaar te lewer “gebalanseerd” moet wees – met die spesifieke verpligting om haatspraak te vermy.

## WERKLIKE SAAK

Die Persraad se Appèlpaneel het oor haatspraak die volgende gesê: “Om vir haatspraak te kwalifiseer, moet dit nie net haat verkondig nie, maar ook aanhitsing tot geweld. Albei elemente moet teenwoordig wees. Die toets vir die waarskynlike impak van die woorde is ‘n objektiewe een, naamlik hoe ‘n gewone redelike of intelligente leser die woorde sou verstaan.”

### *6. Sterk standpunt inneem?*

***Die media mag hul eie menings oor omstrede onderwerpe sterk bepleit, mits hulle duidelik onderskei tussen feit en mening en nie relevante feite wanvoorstel, weerhou of verdraai nie.***

Hierdie klousule erken die media se reg om sterk standpunt oor enige belangrike saak (politiek, ekonomie, sosiale kwessies, ekologie, wat ook al) in te neem. Die Kode stel egter ‘n paar voorwaardes in hierdie verband. Die rede daarvoor is om billikheid te verseker, na die waarheid te streef en om onnodige skade te vermy.

Onthou tog dat hierdie sub-artikel nie op nuusberigte van toepassing is nie.

### *Notas*

## WERKLIKE GEVALLE

Dieselfde voorbeeld wat by Artikel 2.1 gebruik is, is ook hier van toepassing. (Blaai gerus terug daarna vir die nodige konteks.)
Ek het reeds aangedui dat daardie redakteur vierkantig binne sy regte was om 'n sekere saak te bepleit, maar in hierdie geval het hy te ver gegaan deur deel van die nuus te word. Die fout wat X gemaak het, is om aanvanklik die teks as "jongste nuus" aan te bied. Daarmee het hy nie onderskei tussen feit en mening nie – met gruwelike gevolge.

Die opskrif van 'n ander hoofartikel het gelui: *Tumi Morake: 'n Slagoffer van Suid-Afrika se 'Bell Pottinger' – Solidariteit en AfriForum floreer op etniese mobilisering en valse narratiewe. Nou het hulle 'n gewilde radio-aanbieder in hul visier.*
Y het ontken dat hy ooit Morake geteiken, aangeval of verguis het, dat dit na die tyd van apartheid terughunker en dat dit van rasverdelende taktiek gebruik maak.
Die probleem was dat X vir Y aan 'n ander organisasie gelykgestel het en daarom die bewerings oor laasgenoemde verkeerdelik aan eersgenoemde toegeskryf het.
Ek het geskryf: "Die redakteur hoef nie bang te wees dat hierdie kantoor vryheid van spraak of kritiek sal versmoor nie. Sowel die Grondwet van die land as die SA Perskode gee [X] die vryheid om [Y] soveel te kritiseer as wat hy wil. Die Perskode bevat egter 'n paar voorwaardes in hierdie verband. Die een wat hier ter sprake is, is die vraag of enige feite verdraai is – wat [X] gedoen het deur ['n ander organisasie] se menings en optrede aan [Y] toe te skryf."

### *7. Beskermde Inhoud*

***Algemene opmerking:*** Talle joernaliste, asook sommige van hul regsverteenwoordigers, verstaan hierdie artikel van die Kode dikwels verkeerd – hulle interpreteer dit as 'n groen lig vir die media om kommentaar te lewer in *nuusberigte.* Hierdie artikel handel egter nie oor nuus nie – dit gaan oor meningsartikels, hoofartikels en spotprente.

***7.1 Die media is daarop geregtig om kommentaar en kritiek te lewer op enige optrede of saak wat in die openbare belang is.***

Soos Suid-Afrika se Grondwet, maak die Kode ook daarvoor voorsiening dat die media die vryheid het om kommentaar en kritiek te lewer op enige saak van openbare belang. Dit dra by tot die robuustheid van die debat en help die media om hul taak as Vierde Mag te verrig.

***7.2 Kommentaar of kritiek word beskerm, selfs al is dit ekstreem, onregverdig, ongebalanseerd, oordrewe en bevooroordeeld, solank dit nie kwaadwillig is nie, op 'n saak in die openbare belang is, billike rekenskap gee van alle wesenlike feite wat waar of redelikerwys waar is, en op so 'n manier aangebied word dat dit duidelik kommentaar blyk te wees.***

***Ekstreem, onregverdig, ongebalanseerd, oordrewe, bevooroordeeld:*** Dit strook met 'n uitspraak van die hoogste hof in ons land. Regter Edwin Cameron van die Konstitusionele Hof het in April 2011 beslis (in die saak tussen *Robert McBride vs. The Citizen*): "Kritiek word beskerm al is dit ekstreem, onregverdig, ongebalanseerd, oordrewe en bevooroordeeld (solank dit ...").
Die Kode is in ooreenstemming met hierdie uitspraak.
Ek het oor die jare heen baie klagtes ontvang oor ekstreme, bevooroordeelde, onregverdige sienings in hoofartikels en spotprente. In sommige gevalle het ek nie met die argument of standpunt saamgestem nie – maar my mening kon nie as maatstaf vir my bevinding dien nie. Selfs al verskil ek ook van 'n mening, gun sowel die Grondwet as die Kode die publikasie die reg om verkeerd te wees (in my oë).
Dit herinner aan die volgende stelling wat wyd toegeskryf word aan die Franse filosoof François-Marie Arouet, ook bekend as Voltaire: "Ek verskil van jou, maar ek sal jou reg tot jou standpunt tot die dood toe verdedig."

***Solank dit...:*** Geen reg is egter absoluut nie en daarom het sowel die Konstitusionele Hof as die Kode 'n paar grense daargestel – vryheid veronderstel immers altyd aanspreeklikheid en verantwoordelikheid. Die streep in die sand is kwaadwilligheid, openbare belang, die inagneming van alle wesenlike feite en die onderskeid tussen nuus en kommentaar.
Ek het baie argumente teëgekom van redakteurs wat gesê het dat hul mening "beskerm" word *omdat* dit kommentaar is.
Ek het die woorde, "maar dit is kommentaar, daarom word dit beskerm", alte dikwels gehoor. Niks kan verder van die waarheid af wees *nie – die Kode beskerm nie alle kommentaar nie*.
Daarom moet die woorde "solank dit" net so ernstig opgeneem word as die eerste deel van die sin.

Die volgende beperkings strook ook met dié van die Konstitusionele Hof:

***Eerlike mening:*** Hierdie is ‘n moeilike saak, aangesien dit byna onmoontlik is vir ‘n buitestander (soos die Ombud) om ‘n redakteur daarvan te beskuldig dat sy of hy nie eerlik oor ‘n saak is nie. Maar wees tog altyd eerlik!

***Sonder kwaadwilligheid:*** “Kwaadwilligheid” kan beskryf word as die bedoeling om iemand ‘n besering, skade of lyding aan te doen. Ek het selde situasies teëgekom waar ek moes besluit dat ‘n joernalis kwaadwillig is. Maar daar was enkele uitsonderings, en dit was uiters ernstig ...

***Openbare belang:*** Hierdie woorde is ingevoeg om te verseker dat ‘n redakteur nie ‘n persoonlike saak in die openbare domein plaas nie.

***Billike rekenskap van alle wesenlike feite:*** Dit is intrinsiek onregverdig om sekere feite te kies, ander weg te laat – en dan die strooipop neer te skiet wat jy self geskep het. Eers as jy al die relevante feite in ag geneem het, kan jy voortgaan om ‘n mening uit te spreek.

***Aangebied as kommentaar:*** ‘n Meningsartikel moet altyd as sodanig aangedui word. Ek het min probleme met hierdie artikel van die Kode ondervind – maar weer eens was daar uitsonderings.

### Notas

## WERKLIKE GEVALLE

‘n Munisipaliteit het gekla dat ‘n spotprenttekenaar bedoel het om die beeld van ‘n munisipaliteit en sy werknemers maksimum skade aan te doen. Y beskryf die spotprent as ‘n doelbewuste aanval op die intellektuele vermoëns van sy administrasie, dat dit ‘n politieke stelling gemaak het en dat dit rassisties was.

Die spotprent het gegaan oor die hoë koste van brandstof – en ‘n perd wat ‘n boer gebruik het om mee om te ploeg. Die spotprent het bestaan uit vier dele. Die boonste twee panele van die spotprent het gesê: “As ons teruggaan na perdekrag, sal dinge ten goede verander ...” Die derde paneel het gewys hoe mense vlug voor ‘n perd en ruiter, wat chaos veroorsaak het; die vierde beeld ‘n perd uit wat ‘n wa (gemerk “munisipaliteit”) trek, met vier mense daarop. Die woorde bo die derde en vierde panele was: “of sou hulle?”

Ek kon geen vyandige of gemene bedoeling aan X se kant bespeur om Y skade te berokken nie. Dit was eerder ‘n legitieme uitdrukking van ‘n eerlike mening (wat ook deur ander mense gehuldig is). Ek het nie omgegee of X reg of verkeerd was nie – hy het immers die reg gehad om sy mening te lug en hy het dit gedoen binne die riglyne van die betrokke artikels in die Kode.

Daar is ‘n hele paar bekende voorbeelde van tekenprente wat die Moslem-profeet Mohammed uitbeeld. Ek is altyd versigtig vir sulke tekenprente (selfs al is hulle nie krities oor die profeet of die Islam-godsdiens nie), aangesien die Moslem-gemeenskap wêreldwyd heftig gekant is teen enige prentjie of skets wat hom teken. Dit moet publikasies tot versigtigheid maan. Dieselfde sensitiwiteit moet ten opsigte van alle ander godsdienste uitgeoefen word. Elke situasie moet op eie meriete oorweeg word.

Die volgende sake het gegaan oor beskikbare, wesenlike feite wat nie billik in ag geneem is nie:

- ‘n Prominente politikus het eenkeer op ‘n konferensie in Johannesburg gesê die media is “soos ‘n trop honde”. X het dit korrek gerapporteer, maar die redakteur van dieselfde publikasie het toe die betrokke politikus daarvan beskuldig dat hy sê die media is honde. Die politikus het alle reg gehad om te sê dat die media soos honde optree, reg of verkeerd – maar hy het nooit gesê die media ís honde nie. Ek het die koerant opdrag gegee om verskoning te vra vir hierdie fout om die onnodige skade wat dit hierdie politikus veroorsaak het te minimaliseer.
- Toe ‘n prominente regse (wit) leier (van ‘n wit-alleen organisasie) vermoor is (ek het reeds na hierdie saak verwys, maar in ‘n ander konteks), het X ‘n meningsartikel daaroor geskryf nadat hy die begrafnis bygewoon het. X het die vermoorde man se organisasie daarvan beskuldig dat dit ‘n (swart) burgemeester (van dieselfde dorp as die vermoorde man) om die lewe gebring het. X was geregtig op sy mening, maar hy het nie alle beskikbare feite in ag geneem nie. In hierdie geval het ‘n hof reeds ‘n swart man (wat nie aan die wit organisasie kon behoort het nie) skuldig bevind aan die moord op die burgemeester. As X verklaar het dat hy van die hofsaak weet, maar nie met die uitslag daarvan saamstem nie, sou dit in orde gewees het – want dan sou hy hierdie belangrike feit in ag geneem het (waarmee hy nie hoef saam te gestem het nie). Ongelukkig het hy nagelaat om dit te doen.
- ‘n Hospitaal het gekla dat ‘n meningsartikel onbillik was om te sê dat die Departement van Gesondheid ongekwalifiseerde mediese praktisyns, verpleegsters en dokters aangestel het. Die hospitaal het met reg aangevoer dat sy personeel almal by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika geregistreer is en dat hulle dus nie ongekwalifiseerd kon wees nie. X het weer eens nie alle beskikbare feite in ag geneem nie.
- Twee munisipale amptenare het gekla dat die volgende verwysings in ‘n hoof-artikel na hul huise verkeerd en misleidend was: “Hulle het in hul multimiljoen-rand herehuise in [‘n dorp] gesit, gekoop met ons swaarverdiende geld, terwyl [‘n ander dorp] gebrand het.” Y het aangevoer dat hul huise nie soveel werd was nie en hulle het die huise gekoop met geld wat hulle elders verdien het. X se mening kan dalk “onskuldig” lyk, maar dit was allermins die geval – daar was stakings en geweld in die gebied weens beweerde swak dienslewering. Daar was ‘n besliste moontlikheid dat die beriggewing onnodig antagonisme deur die plaaslike gemeenskap teenoor hulle kon aanhits.
- ‘n Hoof-artikel het ‘n sekere politikus ‘n “reeks-oortreder” genoem – maar slegs een (moontlike) voorbeeld daarvan aangebied. Selfs al was die politikus in hierdie geval skuldig, het hy nie hierdie bynaam verdien nie. Een oortreding maak nie van iemand ‘n reeks-oortreder nie.

**V: D. Voltooi die volgende sinne; of sê of dit "waar" of "onwaar" is:**

52. "Haatspraak" is die aanhitsing tot fisieke skade, gebaseer op allerlei vooroordele – "waar" of "onwaar" (1)
53. Die media het die reg en inderdaad die ... om verslag te doen en kommentaar te lewer oor alle sake van legitieme openbare belang (1)
54. Die media moet persoonlike data slegs vir ... gebruik en aanwend (1)
55. Stereotipering is gevaarlik omdat dit ... (1)
56. Publikasies is geregverdig om hul eie sienings oor omstrede sake sterk te bepleit, mits hulle duidelik onderskei tussen ... en ... en nie ... nie (3)
57. Artikel 7 van die Kode, wat handel oor beskermde kommentaar, is ook van toepassing op harde nuusberigte - "waar" of "onwaar" (1)
58. Kommentaar of kritiek word beskerm, selfs al is dit ... en... en... en... en ... - solank dit ...., nie ... is nie, oor 'n saak van ... gaan, billike rekenskap gee van ... en op so 'n manier aangebied word dat dit ... blyk te wees (10)

**[Totaal: 18]**

### *8. Kinders*

***8.1 In die gees van Artikel 28.2 van die Handves van Regte* moet die media buitengewoon sorgsaam en omsigtig te werk gaan wanneer oor kinders* berig word. As daar enige moontlikheid bestaan dat verslaggewing skade van enige aard aan 'n kind kan berokken, sal hy/sy nie 'n onderhoud mee gevoer word, gefotografeer of geïdentifiseer word nie sonder die toestemming van 'n wettige voog of 'n soortgelyke verantwoordelike volwassene en van die kind (met inagneming van die fase van ontwikkeling waarin die kind hom of haar bevind) en 'n openbare belang duidelik is***

Die Suid-Afrikaanse Grondwet neem die "beste belange" van 'n kind uiters ernstig op. Artikel 28.2 van die Handves van Regte in die Suid-Afrikaanse Grondwet bepaal dat 'n kind se "beste belange" van kardinale belang is in elke saak wat 'n kind raak.

Let op hoe versigtig hierdie sin, asook hierdie klousule in die Kode, geformuleer is:

- Dit gaan nie om "kinders" nie; dit gaan eerder oor 'n *spesifieke* kind (enkelvoud) – elke kind is 'n individu, uniek, kosbaar en belangrik, en moet as sodanig behandel word;
- Dit gaan nie net oor 'n kind se belange nie, dit gaan oor haar of sy "beste" belange;
- Die spesifikasie dat die media "buitengewoon sorgsaam en omsigtig" in hul verslaggewing oor 'n kind moet omgaan, moet nie ligtelik opgeneem word nie – dit is die enigste keer dat die Kode 'n saak so gewigtig kwalifiseer; en
- Die woorde "skade van enige aard" moet eweneens ernstig geneem word. Dit is doelbewus vaag geformuleer, wat die onus op die media plaas om alle moontlikhede in ag te neem.

Daar is geen uitsonderings in hierdie verband nie, en daar moet ook geen wees nie. As hierdie klousule nie die media laat verstaan dat hulle uiters versigtig moet wees wanneer hulle oor 'n kind berig nie, sal niks dit regkry nie. Die boodskap is tog duidelik – jou ore moet prik, jou wenkbroue moet lig, jou hartklop moet versnel en allerhande geel en rooi ligte moet begin flikker wanneer beriggewing 'n kind betrek wat deur jou verslaggewing benadeel kan word.

Dit is die beginsel: As daar *'n kans* is dat dekking 'n kind skade van *enige aard* kan veroorsaak, moet die kind nie ondervra, gefotografeer of geïdentifiseer word nie, tensy 'n toesighoudende ouer en die kind toestemming gee (afhangende van haar of sy fase van ontwikkeling), en 'n openbare belang duidelik is.

Maar pasop! 'n "Wettige voog" of 'n "soortgelyke verantwoordelike volwassene" is dalk nie in 'n posisie om die media toe te laat om die kind te identifiseer nie. Iemand kan byvoorbeeld besope wees, of bybedoelings hê – wat die media tot selfs nog groter versigtigheid moet maan.

[ * *Art. 28.2 van die Handves van Regte in die Suid-Afrikaanse Grondwet sê: "'n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak."* ]

[ * *n Kind is 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar.* ]

Hier is verdere implikasies:

- As daar geen moontlikheid is dat 'n kind deur 'n storie of 'n foto benadeel kan word nie, staan dit die media vry om verslag oor 'n saak te doen. Twee skole neem byvoorbeeld aan hul jaarlikse atletiek-byeenkoms deel. Die joernalis neem foto's van juigende kinders op die pawiljoen. Jy het niemand se toestemming nodig om sulke foto's te publiseer nie, aangesien dit hoogs onwaarskynlik is dat enige kind daardeur benadeel sal word; en
- Dit is vir die joernalis / publikasie om te besluit of 'n sekere saak rakende 'n kind in die openbare belang is. Dink net aan die verantwoordelikheid wat dit behels.

Dieselfde argumente onder Art. 4.8 is ook hier geldig. Let veral op die kommentaar oor die kind wat ook toestemming moet gee.

## WERKLIKE GEVALLE

‘n Sekere persoon is sedert sy inhegtenisneming in die nuus ná die dood van sy vrou op ‘n wynlandgoed buite ‘n dorp. Hy is daarvan beskuldig dat hy sy vrou verwurg het, terwyl hy aangevoer het dat sy haar eie lewe geneem het.

‘n Tydskrif het ‘n foto van daardie gesin gepubliseer, onder wie twee minderjariges (hulle was 16). Die gesin het hieroor ‘n klag by my kantoor ingedien.

Ek het geskryf: “As die publikasie van hierdie foto nie bygedra het tot die kinders se trauma nie, sal ek verbaas wees. [Die tydskrif se] argument dat die foto op [die oorlede vrou] se Facebook-blad was en dus toeganklik was vir die publiek, asook dat sy afstand gedoen het van die kinders se reg op privaatheid, is swak – die feit dat ‘n foto toeganklik is, beteken nie by verstek dat dit gepubliseer mag word nie. As dit wel gebeur, is Klousule 8.1 nie die papier werd waarop dit geskryf is nie. Die argument dat ‘n aantal ander publikasies die betrokke foto’s gepubliseer het voordat [die tydskrif] dit gedoen het, is ook irrelevant ...”

Ek het ook aangevoer dat die kinders oud genoeg was om toestemming te gee. Ter afsluiting het ek gesê: “Ek kan nie saamstem met [die tydskrif se] bewering dat sy ‘bydrae, indien enige, tot die skade wat die minderjariges ly ... weglaatbaar is nie’. Inteendeel! As daar enige openbare belang in die publikasie van ‘n foto van die minderjariges was, moet ek nog daaroor ingelig word.”

In ‘n ander geval het X dit goedgedink om ‘n 15-jarige meisie (en haar omstandighede) wat na bewering by die Islamitiese Staat wou aansluit, duidelik te beskryf. Ek het geskryf: “Ek het min twyfel dat inwoners in die omgewing moontlik die betrokke meisie kon identifiseer, gegee die spesifieke inligting wat in die verhaal gerapporteer word.” Haar pa was ‘n prominente sakeman en die kwessie was uiters ernstig – sowel binne as buite die Moslem-gemeenskap.

***8.2 [In die gees van Artikel 28.2 van die Handves van Regte moet die media] nie kinderpornografie* publiseer nie.***

Daar is geen verskoning vir die publikasie van kinderpornografie nie. Dit is so eenvoudig soos dit. Punt uit.

Dit val op dat hierdie klousule nie die publikasie van pornografie as sodanig verbied nie. Die aard van ‘n publikasie en wat sy lesers redelikerwys kon verwag, is hier die bepalende faktor. Ek sal byvoorbeeld teen ‘n kerk- of ‘n gesinstydskrif bevind as dit pornografie publiseer, maar nie teen ‘n tydskrif met die titel van “Porno op sy beste” nie, of iets soortgelyks. Die maatstaf is wat lesers redelikerwys van ‘n publikasie kan verwag.

***8.3 [In die gees van Artikel 28.2 van die Handves van Regte moet die media] nie kinders identifiseer wat slagoffers van mishandeling of uitbuiting is nie, of wat aangekla is van of skuldig bevind is aan ‘n misdaad nie, sonder die toestemming van ‘n wettige voog of ‘n soortgelyke verantwoordelike volwassene en van die kind (met inagneming van die fase van ontwikkeling waarin die kind hom of haar bevind), ‘n openbare belang duidelik is en dit in die beste belang van die kind is.***

Let op die twee voorwaardes: ‘n Kinderslagoffer, of ‘n kind wat van ‘n misdaad aangekla of skuldig bevind is, mag slegs geïdentifiseer word wanneer dit in die publiek se belang is *en* as dit in daardie kind se beste belang is om dit te doen. Die feit dat daar aan albei voorwaardes voldoen moet word, plaas die onus op die joernalis om ‘n verantwoordelike besluit daaroor te neem.

Dieselfde argumente wat ingevolge Artikel 4.8 aangevoer word, is ook hier van toepassing. Sien veral die kommentaar oor die kind wat ook toestemming moet gee.

Ek het geen sodanige klagtes tydens my termyn as Ombud ontvang nie.

* Kinderpornografie word in die Wet op Film en Publikasies gedefinieer as: “Enige beeld, ongeag hoe dit geskep is, of enige beskrywing van ‘n persoon, werklik of nageboots, wat onder die ouderdom van 18 jaar is, of wat sodanig uitgebeeld, voorgestel of beskryf word, of wat voorgegee word sodanig te lyk of blyk te wees, en wat – (a) besig is met seksuele gedrag; (b) deelneem aan, of ‘n ander persoon help om deel te neem aan, seksuele gedrag; of (c) die liggaam, of dele van die liggaam, van sodanige persoon vertoon of beskryf op ‘n wyse of in omstandighede wat, binne die konteks, neerkom op seksuele uitbuiting, of op so ‘n wyse dat dit vir die doeleindes van seksuele uitbuiting gebruik kan word.”

## *9. Geweld, grafiese inhoud*

***9.1 Die media moet die nodige sorg en verantwoordelikheid aan die dag lê wanneer hulle oor wreedaardigheid, geweld en lyding berig.***

Dit is opvallend dat die Perskode nie die publikasie van wreedaardigheid, geweld en lyding verbied nie – trouens, dit is baiekeer nodig om dit te doen. Nie net het die publiek die reg om daarvan te weet nie, maar sulke beriggewing kan ook positiewe gevolge hê as dit met sensitiwiteit aangebied word.

Soos altyd, is daar egter beperkings. Sulke sake kan maklik geïdealiseer en sensasioneel, en selfs inflammatories, opgedis word. Maak altyd seker dat jou beriggewing nie geweld in ‘n positiewe lig stel nie. Dit is veral belangrik wanneer geweld gepleeg word op grond van ras, etnisiteit, godsdiens, geslagtelikheid, ouderdom of gestremdheid.

Saam met die openbare belang, moet die media ook die uitwerking in ag neem wat beriggewing kan hê op mense wat deur geweld geraak word – veral wanneer ‘n geliefde gesterf het

### WERKLIKE SAAK

Soms is publikasies is nie versigtig genoeg in hierdie verband nie. In een so ‘n geval het ‘n kind sy eie lewe geneem deur homself aan ‘n boom (op ‘n skoolterrein) op te hang. X het hierdie foto gepubliseer en net die kind se oë geblokkeer. Dit was egter nie genoeg nie, aangesien sy ouers en vriende hom steeds kon identifiseer. Dink aan die onnodige pyn wat die publisering van hierdie foto hulle kon aangedoen het. Ek sou slegs hierdie foto slegs gepubliseer het as ek die toestemming van albei ouers gehad het.

***9.2 [Die media moet] nie geweld of onwettige optrede goedkeur, bevorder of idealiseer nie.***

Ons leef in ‘n wrede, gewelddadige wêreld, en die publiek het die reg om daarvan te weet. Dit is egter nodig om met sensitiwiteit en verantwoordelikheid daaroor te berig. Hierdie klousule verwys na teks sowel as na foto’s.

***Teks***: Ek verwys weer na die fiktiewe openbare figuur wie se keel in die openbaar afgesny is. (Sien die bespreking van Art. 1.4 van die Kode.) Dit is nie nodig om te rapporteer hoe lank en hoe diep die sny was nie. Dink net aan die onnodige pyn en lyding wat sulke besonderhede vir sy geliefdes sou veroorsaak het.

***Foto’s, beeld-materiaal.*** Die gevaar is hier nog groter. Ek het ‘n paar gruwelike voorbeelde hiervan gesien. Hier is enkele maatreëls wat jy kan gebruik wanneer jy besluit oor of en hoe om twyfelagtige foto’s te publiseer:

- Dit moet in die openbare belang wees; en
- In die geval van dooie of swaar beseerde mense, kan jy onnodige skade vermy deur te oorweeg om nie:
    - iemand te identifiseer nie (byvoorbeeld om die persoon se gesig en ander belangrike dele van die liggaam voldoende te blokkeer);
    - gruwelike besonderhede van wonde te publiseer nie;
    - foto’s in kleur te gebruik nie;
    - foto’s groot te plaas nie; en
    - foto’s op die voorblad te gebruik nie.

In sulke gevalle moet lesers ingelig word oor die sensitiewe materiaal. Sommige joernaliste voer aan dat ‘n waarskuwing op die voorblad teenproduktief is, aangesien dit net mense nuuskierig sal maak en hulle daarom eerder sal aanmoedig om te kyk. Dit kan waas wees., maar deur die publiek te waarsku, het jy jou plig gedoen – jy het ingelig; die publiek kan kies.

Hoe meer ‘n saak in die openbare belang is, des te groter is jou vryheid en verantwoordelikheid om in besonderhede te berig. Byvoorbeeld, in 1966 is Suid-Afrika se Eerste Minister (Hendrik Verwoerd) in die Parlement met ‘n mes doodgesteek. Koerante landwyd het sy bloedige gesig op hul voorblaaie gepubliseer. Die openbare belang was so oorheersend dat dit aanvaarbaar was.

## WERKLIKE GEVALLE

Slegs een hand van 'n persoon wat in 'n motorongeluk gesterf het, was op 'n foto sigbaar – en tog het die familie steeds daaroor gekla. Ek het die klagte van die hand gewys omdat die liggaam nie geïdentifiseer is nie en X ook nie die omvang van die beserings uitgebeeld het nie.

X het 'n foto van oorledenes in die Marikana-slagting gepubliseer, toe die polisie 34 mynwerkers doodgeskiet en talle ander gewond het. Dit was destyds groot nuus. Ek het bevind dat X geregverdig was om hierdie foto te publiseer omdat dit oorweldigend in die openbare belang was, omdat nie een van die oorledenes geïdentifiseer kon word nie (met die moontlike uitsondering van een persoon, kon niemand se gesigte geïdentifiseer word nie) en omdat geen grusame wonde sigbaar was nie.

***9.3 [Die media moet] inhoud vermy wat gewelddadige misdaad of ander vorme van geweld of eksplisiete seks uitbeeld, tensy die openbare belang anders vereis – in welke geval 'n prominent vertoonde waarskuwing moet aandui dat die inhoud grafies en onvanpas vir sekere gehore, soos kinders, is.***

Genoeg is oor geweld gesê. "Eksplisiete seks" is nou hier ter sprake.

Die Perskode verbied nie die publikasie van naakfoto's nie – daardie besluit word aan publikasies self oorgelaat. Soos ek by die bespreking van Art. 8.1.2 hierbo (oor pornografie) gesê het, is die aard van 'n publikasie en wat sy lesers redelikerwys kan verwag, die bepalende faktor.

## WERKLIKE SAKE

Die opskrif van 'n artikel waaroor gekla is, het gelui: *Modelle wat seks het in 'n nuwe omstrede mode-advertensieveldtog*. Die klagte was dat die artikel grafika bevat het van modelle wat eksplisiete seks met mekaar gehad het – selfs al was die foto's verdof, was dit "redelik grafies en eksplisiet vir enigeen wat nie foto's van pornografiese aard wil sien nie" (het Y aangevoer).

Een foto het 'n vrou uitgebeeld wat blykbaar 'n man se penis in haar hand gehou en dit moontlik selfs gesoen het (die prentjie was vaag, so die belangrike dele was nie duidelik sigbaar nie – maar dit was duidelik genoeg om te verstaan wat gebeur het). Nog 'n foto het gewys hoe twee mense soen, terwyl die vrou haar hand op die ander persoon se (naakte, maar onhelder) geslagsdele gehad het.

Ek het die voorwoord tot die Kode se "definisie" van openbare belang aangehaal: "Die media se werk word ten alle tye deur die openbare belang gerig waaronder verstaan word inligting van legitieme *belang of waarde* vir burgers." (My beklemtoning.) Met inagneming van die verskil tussen "belangstelling" (lees: sagte nuus) en "belangrikheid" (lees: harde nuus), het ek aangevoer dat die foto's nie in stryd met die Kode was nie omdat lesers se belangstelling in die saak legitiem was. Ek het ook aangedui dat lesers redelikerwys sulke foto's in daardie publikasie kon verwag het.

Hoewel ek die klagte van die hand gewys het, het ek dit gehandhaaf in soverre as wat daar geen waarskuwing was dat die inhoud materiaal van grafiese seksuele aard bevat het nie.

Y het gekla dat 'n aanlyn-publikasie sonder waarskuwing naakte vroulike borste op sy webwerf vertoon het. Die vrou se tepels was egter bedek met klein roomys-kegels. Ek het opgemerk dat die betrokke foto nie seks uitbeeld nie, wat nog te sê van "eksplisiete seks" en het aangevoer dat daar 'n verskil tussen seks en naaktheid is. Die Kode verbied nie laasgenoemde nie, maar laat dit aan publikasies oor om self te besluit wat gepubliseer kan word en wat nie. Dit verbied ook nie foto's van seks-tonele nie – dit gaan hier oor "eksplisiete" seks. En selfs dan is dit toelaatbaar, mits dit in die openbare belang is. Ek het bygevoeg: "Suid-Afrika is 'n oop samelewing en hierdie kantoor moet niks doen om ons swaarverdiende vryheid van spraak en uitdrukking te onderdruk nie. As die foto eksplisiete seks bevat het, sou ek egter verwag het dat [die publikasie] lesers daaroor sou waarsku."

### *10. Opskrifte, Foto-onderskrifte, Plakkate, Foto's en Video / Oudio-inhoud*

***10.1 Opskrifte, foto-onderskrifte en plakkate moet nie die publiek mislei nie en moet 'n redelike weerspieëling van die inhoud van die betrokke berig of foto gee.***

'n Berig wat goed geskryf is, bevat die kern van die storie in die eerste sin – vanwaar die opskrif gewoonlik volg. Dit help om te verseker dat die opskrif 'n redelike weerspieëling van die inhoud van die berig gee. As die storie egter sleg geskryf is, maak dit die lewe moeilik vir subredakteurs wat opskrifte skryf.

Die mees algemene fout in hierdie verband is dat opskrifte dikwels ‘n bewering in ‘n feit omskep. Onnadenkende joernaliste laat dikwels na om aanhalingstekens te gebruik of om die stelling aan ‘n bron in die kop toe te skryf.
Let ook daarop dat, wanneer ‘n storie onakkuraat is en dit in ‘n opskrif of ‘n onderskrif weerspieël word, daardie opskrif of onderskrif ook verkeerd sal wees en dus ook in stryd met die Kode.
Subredakteurs moet versigtig wees – hulle is ook onderhewig aan die Kode.

Met verwysing na sommige hofuitsprake voer koerante dikwels aan dat opskrifte “holisties” gelees moet word, waaronder verstaan word dat dit geïnterpreteer moet word in die lig van die storie self (as ‘n verweer vir ‘n swak opskrif). Dit is slegs gedeeltelik waar. Regter Phillip Levinsohn het byvoorbeeld in ‘n hooggeregshofsaak in eSwatini (destyds Swaziland) (in 2013) gesê: “Baie lesers van koerante kyk net na die opskrifte en lees nie verder nie. Die indruk wat deur sulke ... opskrifte in die gedagtes van die leser ingeplant word, sal waarskynlik diep en blywend wees. Die meeste lesers lees nie die hele storie nie...”
So gesien, is dit billik om te sê dat opskrifte op hul eie moet kan staan en daarom ‘n redelike weerspieëling van die storie moet gee.

## WERKLIKE GEVALLE

‘n Opskrif het gelui: *SIU ondersoek [Y] se medewerkers – Net verbreed namate ondersoekers bewyse vind van bedrog in drie provinsies.* Die ondersoekbeamptes wat hierdie “bewyse” sou gevind het, het egter die stelling gekwalifiseer dat hulle “moontlik” bewyse gevind het. X het dit goedgedink om dié kwalifikasie te ignoreer. ‘n Moontlikheid het ‘n werklikheid geword.

Hier is nog voorbeelde:

- X het bronne aangehaal wat beweer het dat ‘n sekere openbare amptenaar (Y) korrup was. Die opskrif moes dus gelees het: Y *‘korrup’; of* Y *korrup*, *sê bronne*. X het egter ‘n bewering in ‘n feit verander. Dit moenie lees Y is *korrup* nie – wat presies is wat die opskrif gesê het.
- X het beweer dat ‘n prominente politikus oor ‘n sekere saak lieg (enkelvoud, een beweerde leuen). Die opskrif lui egter: “Leuens, leuens en meer leuens”. Dit was meervoud, terwyl die verhaal slegs na een – beweerde – leuen verwys het; die teks het boonop hierdie saak as ‘n bewering gerapporteer.
- ‘n Persoon wat gekaap is, het gekla die onderskrif het verkeerdelik gesê het dat die voorval “onlangs” gebeur het – terwyl dit maande gelede plaasgevind het. Die berig het geen datum verskaf nie en het ook nie die woord “onlangs” gebruik nie. Die subredakteur het dit op haar- of homself geneem om dié woord te gebruik, waarskynlik om die voorval meer nuuswaardig te probeer maak.

Onakkurate plakkate kan selfs groter skade aanrig aangesien baie mense dit lees, maar nie noodwendig die konteks daarvan verstaan nie. Hier volg enkele voorbeelde:

- X se hoofopskrif op die voorblad het gelui dat “spioenasiebande” vir Y ontmasker het as die meesterbrein agter die manipulasie van die Nasionale Vervolgingsgesag (wat gelei het tot die terugtrekking van korrupsieklagtes teen die destydse President van die land). Plakkate het ook gelui: “Spioenasiebande ontbloot Y”. Ek het X opdrag gegee om Y om verskoning te vra omdat hy in die opskrifte as feit verklaar het dat die “spioenasiebande” hom “ontbloot” en sodoende sy reputasie onregverdig en onnodig benadeel het; ek het ook gevra dat Y die stelling oor die “meesterbrein” terugtrek. Y het hierdie uitspraak aanvaar, maar appèl aangeteken teen my besluit om nie ook ‘n verskoning op plakkate te dra nie. Die Appèlpaneel het my besluit oor die plakkate omgekeer en die koerant beveel om ook op daardie platform om verskoning te vra. Dit was die eerste, en na my beste wete die enigste, keer dat ‘n koerant op sy plakkate om verskoning moes vra.
- ‘n Voormalige provinsiale Premier het gekla oor ‘n plakkaat wat lui dat sy miljoene rande vermors het. Die storie het egter hierdie bewering aan ‘n bron toegeskryf – wat later as verkeerd bewys is. Praat van onnodige skade berokken...
- ‘n Plakkaat beweer dat die vrou van ‘n Minister skuldig bevind is aan dwelmsmokkelary, terwyl dit nie waar was nie. Die feit dat sy later aan daardie misdryf skuldig bevind is, het nie X geregverdig om dit toe al as ‘n feit te stel nie – die hofsaak het in daardie stadium nog nie eens begin nie.

***10.2 Foto’s en video- / oudio-inhoud moet nie wanvoorstel of mislei nie of gemanipuleer word om dit te doen nie.***

Foto’s kan elektronies gemanipuleer word, hetsy deur nuwe beelde in te las of oues te verwyder, of deur dele daarvan uit te sny.
Die manipulasie van die foto van wyle pres. Nelson Mandela wat twee wit duiwe vrygelaat het nadat hy uit die tronk vrygelaat is, is wêreldbekend. Hierdie duiwe was te ver van Mandela se hande af om in die bladsy se ruimte in te pas en

X het die foto gemanipuleer om dit reg te kry.
Dit was ‘n “onskuldige” manipulasie, want dit het nie die betekenis van wat gebeur het, verander nie. X moes nietemin genoem het dat die foto gedokter is. Baie min joernalistieke praktyke erodeer die geloofwaardigheid van ‘n publikasie meer as dit – lesers vra onwillekeurig wat anders ook gefabriseer is.
Dit is die punt: As ‘n foto om praktiese redes gemanipuleer moet word, moet dit nie die betekenis daarvan verander nie – en die publiek moet dienooreenkomstig ingelig word.

‘n Woord van versigtigheid oor die gebruik van voorraadfoto’s: Wanneer iemand byvoorbeeld met ‘n mes vermoor is en die publikasie het geen foto van die voorval nie, gebruik X soms ‘n foto van iemand se hand, met ‘n mes wat drup van bloed. Maar wees versigtig – afhangende van die storie, kan die kleur van die persoon se hand, of tatoeëring daarop, ‘n stereotipe voortsit. “Dit is wat wit, of swart, mense dikwels doen – wat anders kan jy verwag?” Of: “Tipies van ‘n bendelid – hulle doen dit mos gereeld.”

## WERKLIKE SAAK

Vyf kollegas het ná werk in ‘n kroeg gekuier. Die storie het gegaan oor ‘n beweerde buite-egtelike verhouding tussen twee van hulle. X het die foto gesny om dit te laat lyk asof die “paartjie” op hul eie sosialiseer – wat nie waar was nie. Hulle het bloot langs mekaar gesit, saam met drie ander kollegas en wat uit die foto gesny is. Dit is skaamteloos gedoen om by X se verslaggewing in te pas.

### *11. Vertroulike en Anonieme Bronne*

***11.1 Die media moet vertroulike bronne van inligting beskerm – die beskerming van bronne is ‘n basiese beginsel in ‘n demokratiese en vry samelewing.***

Dit is ‘n ernstige saak om jou woord te gee om die identiteit van ‘n bron te beskerm – Artikel 205 van die Suid-Afrikaanse Strafproseswet bepaal dat die staat joernaliste kan dwing om hul bronne bekend te maak, met die risiko om tronk toe te gaan, sou hulle weier om dit te doen. Dit is die beginsel: Wanneer jy jou woord gegee het om nie ‘n bron se identiteit te openbaar nie, moet jy daarby hou – al kan dit ernstige gevolge vir jou inhou.
As jy egter later agterkom dat jou bron jou doelbewus mislei het, het jy die reg om die identiteit van die bron te openbaar. Let egter daarop dat jy nie verplig is om dit te doen nie – dit is jou en / of die publikasie se besluit.

***11.2 [Die media moet] die gebruik van anonieme bronne vermy, tensy daar geen ander manier is om met die storie te werk te gaan nie en moet sorg dra om sulke inligting te bevestig***

Die gebruik van anonieme bronne het die afgelope tyd ‘n groot probleem geword. Die hoofrede daarvoor is dat sommige regeringsamptenare bang is om uit te praat en daarom eerder anonieme fluitjieblasers word. Dit noop die media om van sulke inligting gebruik te maak, wat glad nie ‘n gesonde situasie is nie.

Die hoofredes hoekom anonieme bronne so ver moontlik vermy moet word, is omdat hulle:
- kan sê net wat hulle wil, sonder om daarvoor aanspreeklik gehou te word; en
- by-bedoelings kan hê (ek het inderdaad dikwels gesien dat anonieme bronne joernaliste mislei het om hul eie agendas te bevorder).

Politici is veral geneig om dit te doen. Sommige van hulle sal tot uiterstes toe gaan om hul teenstanders te diskrediteer.

## WERKLIKE GEVALLE

‘n Sekere politieke party het ‘n verslag “ontleed” en X met sy ontleding gevoer. X het die inligting vervat in hierdie “ontleding” as evangelie geneem en dit as sodanig gepubliseer. Intussen het die party egter die verslag verkeerd geïnterpreteer – met die gevolg dat die publiek mislei is. My joernalistieke instink vertel my dat dit opsetlik was. Dit klink dalk vreemd, maar sinisme is ‘n bate vir joernaliste.

Hier volg nog voorbeelde:

- X het berig dat ‘n sekere prominente persoon in Suid-Afrika hom nie beskikbaar gestel het vir verkiesing as adjunkpresident van die regerende party nie. Die senior politieke redakteur se inligting was egter die teenoorgestelde, en daarom het sy probeer om te keer dat die storie gepubliseer word. Die verslaggewer het na bewering vir haar gesê dat sy hom moet vertrou, aangesien hy sy (anonieme) bronne vertrou. Sy inligting het egter later geblyk vals te wees, waarna die politieke redakteur uit protes bedank het. Kudos vir haar! ‘n Mens kan net spekuleer oor die motiewe van die bronne wat die verkeerde inligting geplant het.
- ‘n Skoolhoof is deur die Departement van Onderwys geskors, maar die departement het in daardie stadium geen rede daarvoor verskaf nie. Nege publikasies het daaroor geskryf, waarvan agt korrek berig het dat die rede vir die skorsing onduidelik was. Die negende het egter ‘n enkele, anonieme bron aangehaal wat gesê het dat die rede diefstal was. Dit het later geblyk vals te wees, en die koerant het in ‘n opvolg-storie gesê dat die bron kwaadwillige skinderpraatjies versprei het. Tog het X toegelaat dat sy deur hierdie bron mislei word, wat groot en onnodige skade veroorsaak het.

Joernaliste moet daarom altyd:

- anonieme bronne met die grootste sorg hanteer;
- probeer om hul bronne te oortuig om op rekord te gaan – indien nie, kan hulle voortgaan om te publiseer, mits hulle nie dieselfde inligting elders kan kry nie en mits die inligting in die openbare belang is;
- hul redakteur voor publikasie daaroor inlig; en
- hul bewerings staaf – en as dit nie moontlik is nie, moet die inligting óf glad nie gepubliseer word nie, óf moet hulle ten minste verklaar dat die inligting nie bevestig kon word nie.

Elke geval moet op meriete beoordeel word. Byvoorbeeld, as ‘n anonieme bron jou vertel dat die Parlement die volgende dag opgeblaas gaan word, moet sulke inligting tog sekerlik in die openbare belang gepubliseer word – of jy dit kan staaf, of nie. Maar sulke situasies is so skaars soos hoendertande.

***11.3 [Die media moet] nie inligting publiseer wat op ‘n vertrouensbreuk neerkom nie, tensy openbare belang dit anders vereis.***

Onder normale omstandighede moet joernaliste ten alle koste hul bronne beskerm en nie inligting publiseer wat ‘n vertrouensbreuk veroorsaak nie. Ek het reeds hierbo aangevoer dat niemand van ‘n joernalis kan verwag om ‘n bron te beskerm wat die verslaggewer doelbewus mislei het nie. Dit kan inderdaad in die openbare belang wees om sulke “bronne” te ontmasker.

### *12. Betaling vir Inligting*

***Die media moet bedenklike joernalistiek vermy waar informante vergoed word om hulle te oorreed om die inligting te gee, veral wanneer hulle misdadigers is – tensy die betrokke materiaal in die openbare belang gepubliseer behoort te word en betaling nodig is om dit te kan doen.***

Dit is belangrik om die redes vir hierdie sub-artikel te verstaan. Die praktyk om vir inligting te betaal moet vermy word omdat:

- die geloofwaardigheid van sulke inligting bevraagteken kan word – sal so ‘n bron jou die waarheid vertel, of dalk wat jy wil hoor, of dalk ‘n sekere agenda probeer bevorder?; en
- dit die verhouding tussen die joernalis en die bron verander – laasgenoemde word ‘n sakevennoot, wat die joernalis se onafhanklikheid in die gedrang kan bring.

As die inligting egter in die openbare belang is en ‘n joernalis kan dit nie anders bekom nie, laat die Kode joernaliste wel toe om vir inligting te betaal. Maar dit moet beslis die uitsondering wees.

Ek het geen sulke klagtes gekry gedurende my termyn as Persombud nie.

**V:** **E. Voltooi die volgende sinne, of dui aan of dit "waar" of "onwaar" is:**

59. 'n Kind is 'n persoon onder die ouderdom van ... (1)
60. Die SA Grondwet bepaal: "'n Kind se beste belange is van kardinale belang in elke saak rakende die kind" – "waar" of "onwaar" (1)
61. As daar enige moontlikheid bestaan dat verslaggewing skade van enige aard aan 'n kind kan berokken, sal hy/sy nie 'n onderhoud mee gevoer word, gefotografeer of geïdentifiseer word nie sonder ... of ... en van die ... (met inagneming van die fase van ontwikkeling waarin die kind hom of haar bevind) en ... (4)
62. Die media mag nie kinders identifiseer wat slagoffers van mishandeling of uitbuiting is nie, of wat aangekla is van of skuldig bevind is aan 'n misdaad nie, sonder ... of ... en van die ... en ... en dit ... is (5)
63. Onder sekere omstandighede mag die media kinderpornografie publiseer – "waar" of "onwaar" (1)
64. Die Perskode verbied die publikasie van brutaliteit, oorvloedige geweld en lyding – "waar" of "onwaar" (1)
65. Die Perskode verbied die uitbeelding van geweldsmisdaad en eksplisiete seks – "waar" of "onwaar" (1)
66. As 'n opskrif die inhoud van 'n onakkurate berig weerspieël, oortree die media die Kode – "waar" of "onwaar" (1)
67. Foto's kan gemanipuleer word deur ... of deur ... (2)
68. Daar is niks verkeerd met manipulasie 'n foto nie, solank dit nie ... nie en ... (2)
69. Die media moet die gebruik van anonieme bronne vermy, indien moontlik, omdat hulle ... en allerlei ... (2)
70. Die media moet inligting ... wat hulle van anonieme bronne verkry het (1)
71. Die media mag onder geen omstandighede inligting publiseer wat 'n vertrouensbreuk kan veroorsaak nie – "waar" of "onwaar" (1)

**[Totaal: 23]**

## HOOFSTUK 2: Leser-gegenereerde inhoud en aktiwiteite

Hierdie afdeling is van toepassing wanneer 'n klag teen 'n lid gelê word oor kommentaar en inhoud wat deur gebruikers op alle platforms onder beheer van 'n lid geplaas is en waarop die inligting versprei word.

Bestudeer self hierdie hoofstuk noukeurig (wat selfverduidelikend is) en beantwoord dan die volgende vrae:

**V: F Voltooi die volgende sinne, of dui aan of dit "waar" of "onwaar" is:**

72. Hoofstuk 1 van die Kode handel oor inhoud wat deur ... gegenereer word; Hoofstuk 2 van die Kode gaan oor inhoud wat deur ... gegenereer word (2)
73. Die media is verplig om alle leser-gegenereerde inhoud vooraf te modereer – "waar" of "onwaar" (1)
74. Elke publikasie kan self besluit of hy 'n beleid oor leser-gegenereerde (LGI) inhoud wil hê of nie – "waar" of "onwaar" (1)
75. 'n Publikasie kan enige gebruikersprofiel verwyder in ooreenstemming met sy LGI-beleid – "waar" of "onwaar" (1)
76. Die media hoef nie hul LGI-beleid openbaar te maak nie – "waar" of "onwaar" (1)
77. Die media sal veral aanlyn-forums moniteer wat op ... gerig is (1)
78. Normaalweg is dit 'n verweer vir die media om aan te toon dat hulle nie die inhoud waaroor gekla is, geskryf of geredigeer het nie – "waar" of "onwaar" (1)

**[Totaal: 8]**

# DIE ANTWOORDE

***A: Voorwoord***

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Die media bestaan om DIE SAMELEWING TE DIEN | 1 |
| 2 | Joernaliste is in die eerste plek aanspreeklik teenoor DIE PUBLIEK | 1 |
| 3 | Die vryheid van die media is nie ‘n lisensie om DOOD TE MAAK NIE | 1 |
| 4 | Egte vryheid gaan gepaard met AANSPREEKLIKHEID en VERANTWOORDELIKHEID | 2 |
| 5 | Die vryheid van die media stel burgers in staat om INGELIGTE OORDELE OOR SAKE VAN DIE DAG TE FEL | 1 |
| 6 | Die media se vryheid is gegrond op die PUBLIEK se reg om te weet | 1 |
| 7 | Vir die media om die samelewing te dien, moet joernaliste na binne kyk om ETIESE | 1 |
| | VERSLAGGEWING te verseker; en na buite kyk om te verseker dat DIE MAGTE WAT DIE SAMELEWING VORM onder die loep geneem word (2) | 2 |
| 8 | Die media se werk word ten alle tye gelei deur die openbare belang, wat INLIGTING VAN LEGITIEME OF BELANG OF WAARDE VIR BURGERS behels | 1 |
| 9 | Joernaliste moet hulself verbind tot die hoogste etiese standaarde om GELOOFWAARDIGHEID te handhaaf en om DIE PUBLIEK SE VERTROUE TE BEHOU | 2 |
| 10 | Die hart van media-etiek en van die Kode kan opgesom word in die volgende stellings: streef altyd na WAARHEID; en vermy altyd ONNODIGE SKADE | 2 |
| 11 | Hoofstuk 1 van die Kode handel oor inhoud wat gegenereer word deur DIE MEDIA; Hoofstuk 2 gaan oor inhoud wat gegenereer word deur LESERS | 2 |

**[Totaal: 16]**

## HOOFSTUK 1: Media-gegenereerde inhoud

*B: Insameling, Verslaggewing van Nuus (Afdeling 1)*

| | | |
|---|---|---|
| 12 | Nog ‘n woord vir “waarheidsgetrou” is EERLIK | 1 |
| 13 | Redakteur aan X: “As jy ‘n aanname maak, maak jy ‘N GAT VAN JOUSELF” | 1 |
| 14 | Nog ‘n woord vir “billik” is GEBALANSEERD | 1 |
| 15 | KONTEKS is net so belangrik soos teks | 1 |
| 16 | Dit is nie altyd wat joernaliste skryf wat oneties is nie, maar dikwels is dit wat hulle NIE RAPPORTEER NIE wat problematies is | 1 |
| 17 | Joernaliste moet nie inligting aanbied as feit wat nie REDELIKERWYS waar kan wees nie | 1 |
| 18 | Nuus moet wettig, eerlik en regverdig bekom word, tensy OPENBARE BELANG of HUL VEILIGHEID dit anders vereis | 2 |
| 19 | Joernaliste sal hulself as sodanig identifiseer, tensy OPENBARE BELANG of HUL VEILIGHEID dit anders vereis | 2 |
| 20 | Joernaliste moet HUL INLIGTING VERIFIEER as hulle rede het om die akkuraatheid daarvan te betwyfel | 1 |
| 21 | “Verifikasie” beteken OM DIE WAARHEID VAS TE STEL; “bevestiging” is wanneer ‘n ANDER BRON JOU INLIGTING STAAF (2) | 2 |
| 22 | Verifikasie kan slegs met PRIMÊRE en ONAFHANKLIKE bronne bereik word | 2 |
| 23 | Die media sal die mening van die persoon oor wie krities verslag gedoen word BEKOM | 1 |
| 24 | “Kritiese verslaggewing” is wanneer die publikasie van inligting IEMAND SKADE KAN AANDOEN | 1 |
| 25 | Joernaliste hoef nie hul inligting te verifieer as hulle NIE REDE HET OM TE TWYFEL OF DIT KORREK IS NIE | 1 |
| 26 | Joernaliste moet twyfelagtige inligting verifieer omdat DIT IEMAND ONNODIG KAN BENADEEL | 1 |
| 27 | “Redelike tyd” vir ‘n antwoord hang af van die AANTAL en die AARD van die vrae | 2 |
| 28 | Moet ‘n joernalis dit rapporteer as sy / hy nie kommentaar kon kry nie? JA | 1 |
| 29 | Joernaliste moet nie partye in ‘n voortslepende hofsaak om kommentaar vra nie omdat DIT HOFVERRIGTINGE KAN BEïNVLOED | 1 |
| 30 | Waar ‘n berig op grond van beperkte inligting gepubliseer word, sal dit as sodanig vermeld word en AANGEVUL WORD SODRA NUWE INLIGTING BEKOM IS | 1 |
| 31 | Die media moet vergoed vir die plasing van onakkurate inligting of kommentaar deur | |
| | ONMIDDELLIK en met GEPASTE PROMINENSIE ‘n herroeping, regstelling, verduideliking of verskoning te publiseer | 2 |
| 32 | ‘n Aanlyn-artikel wat vir feitelike akkuraatheid aangepas is, moet AS SODANIG AANGEDUI word | 1 |
| 33 | Die enigste rede waarom ‘n artikel van ‘n webwerf verwyder moet word, is in geval van ONWETTIGE LASTER | 1 |
| 34 | “Onwettige laster” is die ONNODIGE verlaging van iemand se openbare beeld (1) | 1 |
| 35 | As ‘n verslaggewer teks by iemand anders oorneem, moet die joernalis DIT SO AANDUI | 1 |
| | | |

**[Totaal: 30]**

***C: Onafhanklikheid, botsing van belange (2); Privaatheid, waardigheid, reputasie (3)***

| | | |
|---|---|---|
| 36 | Joernalistieke onafhanklikheid beteken OM VRY TE WEES VAN NIE-PROFESSIONELE OORWEGINGS | 1 |
| 37 | Belangebotsings moet vermy word omdat DIT LESERS KAN LAAT TWYFEL OOR DIE MEDIA SE ONAFHANKLIKHEID EN PROFESSIONALITEIT | 1 |
| 38 | Die media sal nie omkoopgeld, geskenke OF ENIGE ANDER VOORDEEL aanvaar wanneer dit VERSLAGGEWING KAN BEïNVLOED NIE | 2 |
| 39 | Die media sal duidelik aandui wanneer ‘n buite-organisasie bygedra het tot die koste van nuusberigte omdat DIT TOT SKEWE BERIGGEWING KAN LEI WAARVAN DIE PUBLIEK MOET WEET | 1 |
| 40 | “Native advertising” is waar IEMAND BETAAL VIR TEKS WAT AS NUUS AANGEBIED WORD | 1 |
| 41 | Wat privaatheid betref, moet onderskei word tussen OPENBARE AMPTENARE en OPENBARE FIGURE (BEKENDES) en PRIVATE PERSONE | 3 |
| 42 | Openbare amptenare het die minste reg op privaatheid omdat HULLE AANSPREEKLIK IS TEENOOR DIE PUBLIEK | 1 |
| 43 | Bekendes het minder reg op privaatheid as burgers omdat HULLE ROLMODELLE IS | 1 |
| 44 | “Reputasie” kan gedefinieer word as IEMAND SE OPENBARE BEELD | 1 |
| 45 | “Waardigheid” kan gedefinieer word as DIE REG VAN MENSE OM GEWAARDEER EN GERESPEKTEER TE WORD VIR HUL EIE ONTHALWE, EN OM DIENOOREENKOMSTIG BEHANDEL TE WORD | 1 |
| 46 | Jy kan nie iemand onregmatig belaster met DIE WAARHEID en wanneer dit IN DIE OPENBARE BELANG is nie | 2 |
| 47 | Die herhaling van laster is ook LASTER | 1 |
| 48 | Jy is altyd veilig as jy die woord “na bewering” gebruik het – ONWAAR | 1 |
| 49 | Om ‘n verkragtingsoorlewende te identifiseer, moet jy DAARDIE PERSOON SE TOESTEMMING KRY | 1 |
| 50 | Om ‘n kind te identifiseer wat ‘n verkragtingsoorlewende is, moet jy TOESTEMMING VAN SY WETTIGE VOOG KRY en TOESTEMMING VAN DIE KIND KRY en OORTUIG WEES DAT DIT IN DIE OPENBARE BELANG IS en OORTUIG WEES DAT DIT IN DIE BESTE BELANG VAN DIE KIND IS | 4 |
| 51 | Die status van ‘n persoon wat met MIV/vigs leef, moet normaalweg nie bekend gemaak word nie omdat dit ‘N STIGMA DRA | 1 |

**[Totaal: 23]**

***D: Beskerming van Persoonlike Inligting (4); Diskriminasie & Haatspraak (5); Voorspraak (6); Beskermde kommentaar (7)***

| | | |
|---|---|---|
| 52 | "Haatspraak" is die aanhitsing tot fisieke skade, gebaseer op allerlei vooroordele – WAAR | 1 |
| 53 | Die media het die reg en inderdaad die PLIG om verslag te doen en kommentaar te lewer oor alle aangeleenthede van legitieme openbare belang | 1 |
| 54 | Die media moet persoonlike data slegs vir JOERNALISTIEKE DOELEINDES gebruik en aanwend | 1 |
| 55 | Stereotipering is gevaarlik omdat dit NIE MENSE AS INDIVIDUE HANTEER NIE | 1 |
| 56 | Publikasies is geregverdig om hul eie sienings oor omstrede sake sterk te bepleit, mits hulle duidelik onderskei tussen FEIT en MENING en nie RELEVANTE FEITE WANVOORSTEL nie | 3 |
| 57 | Artikel 7 van die Kode, wat handel oor beskermde kommentaar, is ook van toepassing op harde nuusberigte – ONWAAR | 1 |
| 58 | Kommentaar of kritiek word beskerm, selfs al is dit EKSTREEM en ONREGVERDIG en ONGEBALANSEERD en OORDREWE en BEVOOROORDEELD – solank dit 'N EERLIKE MENING UITSPREEK, nie KWAADWILLIG is nie, oor 'n saak van OPENBARE BELANG gaan, billike rekenskap gee van ALLE WESENLIKE FEITE, en op so 'n manier aangebied word dat dit DUIDELIK KOMMENTAAR blyk te wees | 10 |

**[Totaal: 18]**

***E: Kinders (8); Geweld, grafiese inhoud (9); Opskrifte, plakkate, prente, onderskrifte (10); Vertroulike, Anonieme Bronne (11); Betaling vir inligting (12)***

| | | |
|---|---|---|
| 59 | ‘n Kind is ‘n persoon onder die ouderdom van AGTIEN | 1 |
| 60 | Die SA Grondwet bepaal: “’n Kind se beste belange is van kardinale belang in elke saak rakende die kind” – WAAR | 1 |
| 61 | As daar enige moontlikheid bestaan dat verslaggewing skade van enige aard aan ‘n kind kan berokken, sal hy/sy nie ‘n onderhoud mee gevoer word, gefotografeer of geïdentifiseer word nie sonder DIE TOESTEMMING VAN ‘N WETTIGE VOOG of ‘N SOORTGELYKE VERANTWOORDELIKE VOLWASSENE en van die KIND (met inagneming van die fase van ontwikkeling waarin die kind hom of haar bevind) en ‘N OPENBARE BELANG DUIDELIK IS | 4 |
| 62 | Die media mag nie kinders identifiseer wat slagoffers van mishandeling of uitbuiting is nie, of wat aangekla is van of skuldig bevind is aan ‘n misdaad nie, sonder DIE TOESTEMMING VAN ‘N WETTIGE VOOG of ‘N SOORTGELYKE VERANTWOORDELIKE VOLWASSENE en van die KIND (met inagneming van die fase van ontwikkeling waarin die kin hom of haar bevind) en ‘N OPENBARE BELANG DUIDELIK IS en dit IN DIE BESTE BELANG VAN DIE KIND IS | 5 |
| 63 | Onder sekere omstandighede mag die media kinderpornografie publiseer – ONWAAR | 1 |
| 64 | Die Perskode verbied die publikasie van brutaliteit, oorvloedige geweld en lyding – ONWAAR | 1 |
| 65 | Die Perskode verbied die uitbeelding van geweldsmisdaad en eksplisiete seks – ONWAAR | 1 |
| 66 | As ‘n opskrif die inhoud van ‘n onakkurate berig weerspieël, oortree die media die Kode – WAAR | 1 |
| 67 | Foto’s kan gemanipuleer word deur NUWE BEELDE IN TE LAS OF OUES TE VERWYDER of deur DELE DAARVAN UIT TE SNY | 2 |
| 68 | Daar is niks verkeerd met die manipulasie van ‘n foto nie, solank dit nie DIE BETEKENIS DAARVAN VERANDER nie en DIE PUBLIEK DAAROOR INGELIG WORD | 2 |
| 69 | Die media moet die gebruik van anonieme bronne vermy, indien moontlik, omdat hulle KAN Sê NET WAT HULLE WIL, SONDER OM DAARVOOR AANSPREEKLIK GEHOU TE WORD en | |
| | allerlei BY-BEDOELINGS KAN Hê | 2 |
| 70 | Die media moet inligting STAAF wat hulle van anonieme bronne verkry het | 1 |
| 71 | Die media mag onder geen omstandighede inligting publiseer wat ‘n vertrouensbreuk veroorsaak nie – ONWAAR | 1 |

**[Totaal: 23]**

## HOOFSTUK 2: Gebruiker-gegenereerde inhoud

| | | |
|---|---|---|
| 72 | Hoofstuk 1 van die Kode handel oor inhoud wat deur DIE MEDIA gegenereer word; Hoofstuk 2 van die Kode gaan oor inhoud wat deur DIE PUBLIEK gegenereer word | 2 |
| 73 | Die media is verplig om alle leser-gegenereerde inhoud vooraf te modereer – ONWAAR | 1 |
| 74 | Elke publikasie kan self besluit of hy ‘n beleid oor leser-gegenereerde inhoud (LGI) wil hê of nie – ONWAAR | 1 |
| 75 | ‘n Publikasie kan enige gebruikersprofiel verwyder in ooreenstemming met sy LGI-beleid – WAAR | 1 |
| 76 | Die media hoef nie hul LGI-beleid openbaar te maak nie – ONWAAR | 1 |
| 77 | Die media sal veral aanlyn-forums moniteer wat op KINDERS gerig is | 1 |
| 78 | Normaalweg is dit ‘n verweer vir die media om aan te toon dat hulle nie die inhoud waaroor gekla is, geskryf of geredigeer het nie – WAAR | 1 |

**[Totaal: 8]**

## Groot totaal: 118

**My telling:** ______________

| Jou telling | My kommentaar |
|---|---|
| 118 | Dis mos soos dit moet wees |
| 100 – 117 | Hmm – rede tot kommer |
| Onder 100 | O gaats... |

**“As joernaliste verbind ons onsself tot die hoogste standaarde ...”**

# ASSOCIATION OF INDEPENDENT PUBLISHERS

The Association of Independent Publishers (AIP) is a non-profit company registered with the CIPC and a Public Benefit Organisation (PBO).

AIP was established as a membership association in 2005. Today it represents grassroots community newspapers (both online and print). There are 171 AIP members that publish 226 publications that produce over 4.7 million copies per month (reaching close to 14.1 million readers).

AIP member publications are distinct from mainstream media owned by the large media groups like Media 24, Independent, Caxton Group and Arena. Members publish primarily in rural areas, townships and small towns. They are independently owned and funded.

The AIP represents print and online media published in all 11 official languages.

**Our work as AIP includes the following areas:**

**1.** Research and legal support for our members;
**2.** Support to strengthen sustainability of our publishers in the digital environment; and
**3.** Training and capacity building support to professionalise the community media sector.


**171**
**AIP members**



AIP | ASSOCIATION OF INDEPENDENT PUBLISHERS

**For more information:** support@aip.org.za • www.aip.org.za • 272 Pretoria Ave, Ferndale, Randburg, 2194 • 011-713-9614

# INTERACTIVE ADVERTISING BUREAU (IAB)



**150**
**leading media and marketing companies**



The Interactive Advertising Bureau (IAB) South Africa empowers the media and marketing industries to thrive in the digital economy. Its membership is comprised of more than 150 leading media and marketing companies, brands, and the technology firms responsible for enabling excellence in digital marketing focusing on identifying and targeting audiences, delivering and optimising campaigns to these audiences and the innovation and selling of such activities.

The non-profit, non-government, trade group fields critical research on interactive advertising, while also educating brands, agencies, publishers and the wider business community on the importance of digital marketing.

The IAB strives to consistently and systematically safeguard and propel the lasting success of our members with these 5 key priorities that must be resolved for the long-term health of the interactive advertising industry. Building brands digitally, putting users first, creating a consistent approach to measuring, ensuring the value of publishers' audiences are realized and diversified revenue streams are commonplace and ensuring a trustworthy digital supply chain.

iab. south africa

**Contact: razia@iabsa.net or 071 394 4928 • debbie@iabsa.net or 010 900 3338**




# SOUTH AFRICAN NATIONAL EDITORS' FORUM (SANEF)

The South African National Editors' Forum (SANEF) is a non-profit organisation whose members are editors, senior journalists and journalism trainers from all areas of the South African media.

We are committed to championing South Africa's hard-won freedom of expression and promoting quality, ethics and diversity in the South African media.

SANEF promotes excellence in journalism through fighting for media freedom, writing policy submissions, research, education and training programmes.

## WE PROMOTE:

**QUALITY**
SANEF promotes excellence in journalism through training and education programmes as well as our free-of-charge publications.

**ETHICS**
SANEF is committed to encouraging ethically-driven media, and providing an environment for ethics discourse.

**FREEDOM**
SANEF supports a free media and the right of the media to work without fear of reprisal, harassment or intimidation.

**DIVERSITY**
Among SANEF's key endeavours is the work of addressing racial and gender diversity in the media so that it more accurately reflects South Africa's demographics.

**The Station, 63 Peter Place, Bryanston, 2196 • 010 001 8971 • 079 029 7656 • sanef@sanef.org.za**

# FORUM OF COMMUNITY JOURNALISTS (FCJ)

The FCJ (Forum of Community Journalists) is an independent, non-profit, non-racial and voluntary organisation (registered as a Section 21 company) striving to promote and express the interests of all journalists employed on a permanent or freelance basis at regional community newspapers and online community publications in South Africa.

Representing hundreds of community journalists from community newspapers across the country, the FCJ takes pride in its duty to safeguard press freedom as the cornerstone of democracy. The FCJ is led by the Board of Directors which comprises a group of volunteers who are invested in a credible community media for future generations.

FORUM



**100+**
**Representing hundreds of community journalists**

**Go to www.fcjonline.co.za or email myfcjinfo@gmail.com**



# 5 STAPPE OM ’N KLAGTE BY DIE PERSRAAD TE LÊ

**1** As jy van mening is dat ’n publikasie – gedruk of aanlyn – nie die Perskode vir Etiek en Gedrag vir Suid-Afrikaanse Druk- en Aanlyn-media nagekom het nie, kan jy binne 20 werksdae vanaf publikasie van die betrokke storie ’n klagte lê by die Persraad by www.presscouncil.org.za of per e-pos by enquiries@ombudsman.org.za. Indien nodig sal die openbare advokaat jou bystaan om die klagte te formuleer. Die openbare advokaat sal deur die hele proses as jou kampvegter optree en ten gunste van jou saak voor die persombud of die appèlpaneel betoog as dit daardie vlak bereik. In jou klagte moet jy die naam en datum van die publikasie noem, asook die rede waarom jy voel dat die Perskode oortree is. Stuur ’n afskrif van die artikel saam met die klagte om die proses te bespoedig.

**2** Die openbare advokaat sal namens jou met die publikasie onderhandel in ’n poging om ’n spoedige ooreenkoms te bereik.

**3** Indien daar nie ’n vriendskaplike ooreenkoms bereik kan word nie, sal die openbare advokaat die saak na ’n lid van die persombudspaneel verwys vir ’n beslissing. Die persombud sal òf die klagte beoordeel op grond van dokumentasie wat aan hom/haar voorgelê is, òf ’n verhoor hou, bygestaan deur twee lede van die paneel van beoordelaars – ’n mediaverteenwoordiger en ’n openbare verteenwoordiger. ’n Beslissing word deur ’n meerderheidstem bepaal.

**4** Indien enige party nie tevrede met die beslissing is nie, kan hy/sy die saak op appèl neem na die appèlvoorsitter, afgetrede regter-president, regter Bernard Ngoepe. Indien verlof tot appèl toegestaan word, sal die regter die appèl aanhoor, bygestaan deur ’n mediaverteenwoordiger en tot drie openbare verteenwoordigers uit die paneel van beoordelaars.

**5** Die beslissing van die appèlpaneel is finaal. Die saak kan na die Hooggeregshof verwys word vir hersiening, maar slegs op grond van prosessuele aangeleenthede en nie op die meriete nie.

**Effektiewe selfregulering is die beste meganisme om hoë standaarde in die media te bevorder.**
- Verklaring van Beginsels oor Vryheid van Spraak in Afrika, 2002

Die Persraad van Suid-Afrika (PRSA) is ’n onafhanklike, mede-regulerende liggaam. Ons glo dat die kwaliteit van joernalistiek sal verbeter indien die publiek waaksaam is en joernaliste aanspreeklik hou om etiese praktyk in joernalistiek te bevorder wat ons openbare diskoers sal bevorder.

Die Persraad het ten doel om die SA Grondwet te handhaaf en te bevorder deur die reg tot vryheid van uitdrukking en vryheid van die media soos vervat in artikel 16 van die Handves van Regte, te beskerm.

Die Persraad is die stigter en onderhouer van ’n vrywillige, onafhanklike bemiddelings- en beoordelingsmeganisme om klagtes te hanteer.



**Vir meer inligting oor die Persraad:**

www.presscouncil.org.za

enquiries@ombudsman.org.za

011-484-3612



## CONSTANT
Quality-assurance processes are in place to ensure printing excellence is maintained

C

## MATERIALS
Caxton uses the best quality, environmentally friendly consumables

M

## YEARS
After 40 years in the printing industry, we offer both experience and expertise

Y

## KEEP
Client retention through excellent service delivery

K

# 8 COLDSET FACTORIES ACROSS RSA

**Johannesburg:** Caxton JHB Printers
**Polokwane:** Northern Media Group
**Pietermaritzburg:** Guardian Web
**Empangeni:** Darwain Investments
**Nelspruit:** Lowveld Media
**Rustenburg:** Northwest Printers
**Pinetown - DBN:** Highway Printers
**Cape Town:** CTP Newspapers

CAXTON printers

Coldset Printing contact: **Juanita Roodt**
010 976 4345 or juanita@caxtonworks.co.za
www.caxton.co.za

**SCAN HERE** to learn more about Caxton

**YOUR ONE-STOP PRINT AND MEDIA SOLUTION**